Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nr./No. 98 — 101 —

APRIL 1991 1992

# Pretoriana




**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY**

**PRYS R 7,00 PRICE**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA No./Nr.98 - April 1991

Lede van die Bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: die Genootskap Oud-Pretoria

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter, telefoon (012) 46 3142

Mnr.W.J.Punt, ondervoorsitter, bewaring van geboue

Mev.D.E.Nel, sekretaresse, telefoon (012) 343-2790 huis

Mnr.M.L.R.Cloete, verteënwoordiger van die Stadsraad van Pretoria

Mev.M.Andrews, organisasie van toere

Mnr.T.E.Andrews, redaksie van die "Nuusbrief" en bewaring van begraafplase

Mev.M.Bees, posbestellings

Mnr.A.Jansen, skooltuinwedstryde

Dr.C.de Jong, redaksie van "Pretoriana", telefoon (012) 348-3111

Mnr.D.Panagos, forte

Mnr.C.J.Reinecke, penningmeester

Mev.E.Viljoen, organisasie van byeenkomste

Mev.M.L.Willmer, argief, telefoon (012) 70 3052

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the Secretariat is 4063, Pretoria 0001.

Die telefoonnommer van die sekretariaat is (012) 343-2790.
The telephone number of the Secretariat is (012) 343-2790.

"PRETORIANA- AFRICANA"

Offer of back-copies of "Pretoriana" on sale.

Can you now buy a history book of 300 pages for less than R 50? No!
But you can buy over 1000 pages of history of Pretoria for R 20. Contact Anton Jansen, committee member of our Society, at telephone (012) 998-9406 house, or (012) 804-1023 office in office hours, to arrange the purchase of a set of "Pretorianas" , to be fetched by you or delivered to you. Some copies are now out of stock. Anton Jansen's postal address is P.O. Box 33 70 , Glenstantia, Pretori 1010

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA Nr./No.98 - April 1991

TABLE OF CONTENTS / INHOUDSOPGAWE

| | Page/ Bladsy |
|---|---|
| Die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria | 2 |
| J.Ploeger, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria (4) - Die tydperk 1974-1980" | 2 |
| Ander onderwerpe | 24 |
| J.Ploeger, "Hendrik Stiemens, 1822-1894, Die lewenskets van 'n verdienstelike Nederlander in Natal en die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1856-1879, 1882-1894 (I)" | 24 |
| A.Jansen, "Die Victoriabrug - Die Leeubrug" | 43 |
| C.de Jong, "Lewenskets van Henk Horstmanshof, argitek, bouer en skilder, 1886-1974" | 49 |
| (Mevrou) C.Kempff, "Lewenskets van Dirk Hendrik Horstmanshof, 1892-1956" | 60 |
| C.de Jong, "Aanrakingspunte tussen Suid-Afrika en Indonesië" | 62 |
| C.de Jong, "Onverdiende blaam op Skandinawiese oorlogs-vrywilligers | 72 |
| C.de Jong, "My Sarie Marais, in Frans" | 75 |
| From the journals / Uit die tydskrifte | 77 |
| C.de Jong, "Twee broers Barghoorn uit Nederland in Pilgrim's Rest begrawe" | 77 |
| ---- Belangrike publikasie van Kol.Dr.J.Ploeger oor die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902" | 81 |

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# VEERTIG JAAR "GENOOTSKAP OUD-PRETORIA" (4) DIE TYDPERK 1974-1980

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

Die grondslag vir die volgende aantekeninge is die tweede notuleboek van die Genootskap, t.w. RA2025, met 252 bladsye. Uit hierdie bron is die vernaamste besluite, oorwegings e.d.m. geneem en verwerk. Aandag is ook gewy aan die onderskeie sfere van belangstelling wat op die bestuurs- en algemene ledevergaderings (jaarvergaderings) geopenbaar is. Die hoogtepunt in die onderhawige tydperk was ongetwyfeld die GOP se werksame aandeel in die stryd om die behoud van die westelike gewelfront (fasade) van Kerkplein.

## 1. Die vergaderinge in 1974

Die bestuursvergadering van 13.3.1974 is onder voorsitterskap van mnr. W.S. Robertson, destyds 'n bekende redaksielid van "The Pretoria News", gehou. Bespreek is o.m. die bewaring van die oorblyfsels van 'n Britse blokhuis op Strubenkop. In dieselfde verband moet 'n poging gesien word om meer inligting oor dié bouwerk te verkry van die Britse Departement van Oorlog en om 'n onderhoud met die stadsraad te voer. (Uiteindelik sou al die reddingspogings misluk.) Die voorsitter het meegedeel dat hy 'n bestuursvergadering van die Stigting Simon van der Stel bygewoon het om die bewaring van die gewels aan die westekant van Kerkplein te bespreek. "Pretoriana" het danksy die werk van redakteur mnr. John D. Bodel weer verskyn.

Die jaarvergadering is op 2.5.1974 gehou. Behalwe 'n aantal bestuurslede was daar ongeveer 40 belangstellende lede en vriende van die GOP aanwesig. Die heengaan van oud-voorsitter mnr. N.L.R. van der Walt is op gepaste wyse herdenk. Die voorsitter het o.m. verslag gelewer oor "Pretoriana", die behoud van die westelike gewelfront van Kerkplein, die beoogde nasionale konferensie van plaaslike historiese verenigings, Voortrekkergrafte op Claremont, die GOP se skooltuinwedstryd, bustoere en 'n voorgestelde gedenkbord om die GOP se 25-jarige bestaan te herdenk. Die jaarverslag is goedgekeur en die volgende nuwe bestuur is gekies: mnr. W.S. Robertson (voors.), prof. Dr. P.C. Coetzee (vise-voors.), mnre. A. Smit (sekr.), S. Welz (penningm.), J.D. Bodel (redakteur "Pretoriana"), mnr. J.H. Snyman (argivaris), mnr. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, mnre. M. Emms, F.H. Klokke, Dr. C.J.P. Jooste en mnr. W.J. Punt (lede). Mnr. Hannes Meiring van die Stigting Simon van der Stel het kleurskyfies van die westelike gewels van Kerkplein gewys in samewerking met mnr. Hans Klokke van die plaaslike studiegroep van argitekte. Mnr. Fouché van die S.A. Lugdiens het rolprente van die restourasie van Tulbagh en Boekenhoutfontein vertoon.

Die jaarverslag het die volgende belangrike punte beklemtoon. Die bedanking van Dr. J.H. Snyman as bestuurslid as gevolg

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van oorplasing na Kaapstad; die feit dat daar in 1974 geen aflewering van "Pretoriana" verskyn het nie. Geen rede is daarvoor verstrek nie. In verband met die bewaring van Kerkplein het die bestuur verskeie pogings aangewend om die westelike gewelfront te behou. Geen sigbare sukses is behaal nie, maar ten spyte daarvan is besluit om 'n prestige-publikasie voor te berei. Die besprekings i.v.m. die nasionale konferensie wat deur die Genootskap en die Stigting Simon van der Stel gereël is, was besonder vrugbaar. Die gedenkbord i.v.m. die 25ste bestaansjaar het gereed gekom en historiese bustoere in Pretoria was besonder geslaagd. Mnr. J.M. Holloway van die Parke-afdeling van die stadsraad het as beoordeelaar i.v.m. die laerskooltuinwedstryd opgetree. Die eerste prys is aan die Laerskool Rachel de Beer (88%), die tweede prys aan die Laerskool Die Poort (87%) en die derde prys aan die Hamilton Primary School (83%) toegeken. Nog nege ander skole het deelgeneem. Met die uitgee van 'n nuusbrief is deur mnr. T.E. Andrews begin en die bestuurslid besig met straatname het 'n werksame aandeel in die toekenning van straatname in die herbeplande dele van Lady Selborne en Pretoria-Wes geneem.

Sake wat uit vorige notule voortgevloei en op die bestuursvergadering van 5.6.1974 bespreek is, het betrekking gehad op die blokhuisreste op Strubenkop, Kerkplein en die Voortrekkergrafte op Claremont. Daar was geen merkbare vordering te bespeur nie. 'n Voorstel in verband met 'n boek oor Kerkplein is verduidelik en 'n redaksionele komitee is benoem. Mnr. W.J. Punt het opgemerk dat die Stadsraad in 1973 R5 000,00 beskikbaar gestel het. Die bedrag is nie benut nie en is verbeur. In dié geval is geen verdere verduideliking in die notule verstrek nie.

Op die bestuursvergadering van 10.7.1974 het die voorsitter gerapporteer dat hy die GOP op 'n vergadering van belanghebbendes oor die toekoms van Kerkplein verteenwoordig het. Die vergadering was deur die Eerste Minister belê. Die Eerste Minister het die sloping van die hele westelike gewelfront van die plein aangekondig. In verband met die sloping en heroprigting in 'n opelugmuseum het 'n bespreking gevolg en is besluit dat die GOP 'n brief aan die Eerste Minister sal rig.

Persone soos prof. Dr. F.A. van Jaarsveld, Dr. M. Hugo en prof. Dr. P.C. Coetzee is genader om bydraes vir die publikasie oor Kerkplein te skryf. Toeseggings is ontvang. Plekname i.v.m. Suiderberg (vroeër: Lady Selborne) is gevra. Mnr. Andrews het verklaar dat skeepsname en plaasname van Hugenote gebruik sal word.

Op die bestuursvergadering van 14.8.1974 is 'n voorbeeld van die gedenkbord vertoon. Tweehonderd is bestel en die verkoopprys is op R6,00 per eksemplaar vasgestel. Mnr. Bodel het verklaar dat daar voldoende stof vir die volgende aflewering van "Pretoriana" beskikbaar is. Twee eksemplare van die eerste aflewering van "Pretoriana" is vir R35,00 elk verkoop. In verband met die beoogde konferensie van historiese verenigings is

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die voorsitter en mnre. S.A. Welz en A.P. Smit as afgevaardigdes aangewys. Besluit is om prof. Dr. P.G. Nel te nader om namens die GOP as voorsitter van die kongres op te tree. Mnr. W.J. Punt het besonderhede oor die herbegrafnis van oud-staatspresident Willem Cornelis Janse van Rensburg (1818-1865) verstrek.

In verband met Kerkplein is op die bestuursvergadering van 25.9.1974 besluit om die planne van die Stigting Simon van der Stel weer op te neem en te bevorder. 'n Komitee is benoem om uitvoering aan dié besluit te gee. Die reeds aangeduide publikasie oor Kerkplein is eers, wat die druk betref, uitgestel as gevolg van drukkersprobleme aan die einde van die jaar. As drukdatum is nou Februarie-Maart 1975 aanvaar. Intussen is die eerste Nuusbrief, geredigeer deur mnr. T.E. Andrews, uitgestuur. Hiermee is 'n nuwe fase in verband met die gereelde skakeling met die lede ingelui.

Die konferensie van historiese genootskappe was, aldus die verslag, 'n groot sukses en lof is aan prof. Dr. P.G. Nel en mnr. Willem J. Punt toegeswaai. Besluit is dat prof. Dr. P.C. Coetzee namens die GOP 'n krans by die Krugerstandbeeld sal lê. Finansieel was die GOP met 'n batige saldo van R1 400 gesond. 'n Bedrag van R800 moes nog betaal word om skulde te delg.

Op die bestuursvergadering van 6.11.1974 is o.m. getuig van 'n verrassende reaksie van die publiek. 'n Toer op 16.11.1974 was, aldus mnr. Emms, vol bespreek.

Op die bestuursvergadering van 4.12.1974 is o.m. aangekondig dat die publikasie oor Kerkplein in Maart 1975 gereed sou wees. Die tweede bustoer was 'n sukses en daar was 'n waglys van 120. Die Laerskooltuinwedstryd is gewen deur die Laerskool Rachel de Beer.

2. Die vergaderinge in 1975

Op die bestuursvergadering van 29.1.1975 is sake, wat uit die vorige notule voortgevloei het, bespreek. Die bestuursvergadering van 5.3.1975 het gevolg. Volgens mnr. Willem J. Punt was die klimaat in verband met Kerkplein aan die verbeter. Die gedenkbord was gereed vir verkoop en aangaande die instandhouding van grafstene het die "Guild of Loyal Women" belowe om die beskadigde grafsteen van prins Christian te herstel.

Die jaarvergadering op 16.4.1975 het begin met die vermelding deur die voorsitter dat die stryd om die wesfasade van Kerkplein te behou 'n belangrike deel van die werksaamhede van die bestuur oor die afgelope verenigingsjaar gevorm het. Die volgende bestuur is vir die jaar 1975-1976 gekies: Mnr. W.S. Robertson (voors.), prof. Dr. P.C. Coetzee (vise-voors.), mnre. A.P. Smit (sekr.), J.F.C. Swart (penningmeester), D.B. Olmesdahl (redakteur) en J.F.C. Swart (argivaris). Lede: Dr. T.H.J. Dunstan, mnre. F.H. Klokke en W.J. Punt, Dr. C.J.P. Jooste, mnre. M. Emms en T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, Dr. H.M. Rex en mnr. A.G. Oberholster. Die volgende bustoer sou op 3.5.1975

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gehou word. Die vergadering is met 'n skyfievertoning oor ou Pretoria deur mnr. Emms afgesluit.

Op die bestuursvergadering van 21.5.1975 is o.m. vermeld dat die Landsberaad van die Rapportryerkorps en Junior Rapportryerskorps ten gunste van die behoud van Kerkplein is en dat die Federale Vroueraad in dieselfde verband die kabinet wou nader. Die redaksionele komitee van "Pretoriana" is soos volg saamgestel: Mnre. D.B. Olmesdahl, M. Emms, S.A. Welz en Dr. Hermann M. Rex. Mnr. Emms het verklaar dat die derde bustoer 'n sukses was. Die volgende toer is op 14.6.1975 bepaal. Die name van 16 nuwe lede is vir goedkeuring voorgelê en met betrekking tot geldelike hulp deur die Stadsraad is verklaar dat die aansoek gestuur is, maar dat die GOP se aansoek oor die afgelope twee jaar verlore geraak het, aldus mnr. T.E. Andrews. Mnr. Willem J. Punt is aangewys as die Genootskap se verteenwoordiger in die beheerraad van die Nasionale Kultuurhistoriese Opelugmuseum.

Op die bestuursvergadering van 9.7.1975 het die bespreking van Kerkplein, o.a. in verband met 'n massavergadering deur die Burgerkomitee vir Bewaring en Restourasie van Kerkplein heelwat tyd in beslag geneem. Dit was ook die geval met "The Pretoria News" se aandeel in die stryd. Mnr. T.E. Andrews se verslag oor 'n bustoer het vervolgens aandag geniet.

Die bestuursvergadering van 3.9.1975 was grotendeels gewy aan die massavergadering op Kerkplein en die pleitskrif wat 5.8.1975 aan die Eerste Minister gerig is. Tewens het 'n vergadering met die Administrateur en 'n mosie van dank aan die Burgerkomitee ter sprake gekom. 'n Vergrote publikasiekomitee vir "Pretoriana" is aangewys. Mnr. T.E. Andrews het verslae oor 'n tweetal bustoere voorgelê en toegelig, terwyl voorsitter Robertson weens vertrek na Kaapstad bedank het. Prof. Dr. P.C. Coetzee is eenparig as sy opvolger aangewys.

Vir "Pretoriana" kon, aldus Dr. H.M. Rex (redakteur), geen geskikte, bruikbare stof gevind word nie. Op die bestuursvergadering van 15.10.1975 het die redakteur dan ook voorgestel om van die artikels te gebruik wat i.v.m. Kerkplein verskyn het. Die bestuur het toestemming verleen om dié aangeleentheid met mnr. Welz te bespreek. Agt bustoere is tot dusver onderneem en mnr. M. Emms het verslag oor dié prestasie gelewer. Dr. C.J.P. Jooste is eenparig as ondervoorsitter van die GOP aangewys.

Op die bestuursvergadering van 26.11.1975 is die vraag bespreek of, i.v.m. 'n moontlike studente-aksie m.b.t. Kerkplein prof. Dr. P.G. Nel gevra sou word om dié aangeleentheid met die nuwe studenteraad te bespreek. Mnr. Punt het oor samesprekings met die Eerste Minister oor 'n lys met handtekeninge gerapporteer. Die Burgerkomitee het 'n vergadering gehou.

Volgens redakteur Dr. H.M. Rex sou die drukkoste van die volgende aflewering van "Pretoriana" hoog wees. Die goedkoopste drukker, die N.W.H. Weeshuispers, het vir die druk van die Kerkplein-uitgawe ongeveer R1 500,00 gevra. Dr. Rex het toestemming verkry om verder te gaan en die bestuur het 'n uit-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gawe van R1 500,00 bekragtig. Die sekretaris, mnr. A.P. Smit, het sy bedanking ingedien.

3. "Een en ander oor "Pretoriana" nr. 72, Desember 1975. "Kroniek van die Wesfasade"

Aan die einde van hierdie kort en onvolledige verslag oor die GOP se verrigtings in 1975 is dit o.i. van pas om "Pretoriana", nr. 72, oor die geskiedenis van die westelike gewelfront van Kerkplein, weer 'n oomblik op die voorgrond te bring. Die inhoud van hierdie grootste en grootse aflewering was die werk van die destydse redakteur Dr. H.M. Rex. Die persartikels was nie alleen sy keuse nie, maar persoonlik het hy ook waardevolle bydraes opgestel wat vandag nog met vrug gelees kan word. Soos reeds vroeër gesê is, het hierdie tot hede onoortroffe poging onder die vaandel van die destydse bestuur met prof. Dr. P.C. Coetzee as (waarnemende) voorsitter die lig gesien. In 248 bladsye (met foto's) het 'n waardevolle oorsig verskyn wat van 'n gesonde bewarings- en veggees van die destydse GOP getuig. Ons herinner slegs aan artikels soos die volgende:

Dr. H.M. Rex: "'n Dramatiese hoogtepunt in 'n kwarteeulange stryd om die bewaring van ons kulturele erfenis" (pp.8-10), Colleen Hendriks: "PM to get square petition" (p.203), "Burgerkomitee vir die bewaring en restourasie van Kerkplein. Pleitskrif gerig aan die Eerste Minister van Suid-Afrika Sy Edele B.J. Vorster. Uniegebou, Pretoria, 5 Augustus 1975" (pp.210-213), Dr. H.M. Rex: "Die historiese geboue van die wesfasade" (pp.217-222), Dr. H.M. Rex: "Bylae tot die pleitskrif" (pp.223-244).

Gesertifiseer is dat 6472 handtekeninge op lyste, 75 briewe en telegramme van argitekte, 124 briewe en telegramme van individue en 26 briewe en telegramme van verenigings en organisasies ontvang is om die bewaringspoging daadwerklik te ondersteun (p.213). En in "Beeld" van 2.8.1975 is o.m. verklaar:

"Meer as 30 000 Suid-Afrikaners van al die uithoeke van die land pleit vir die behoud van die wesfasade van Kerkplein" (p.185).

Op p.212 is 'n totaal van 29 419 genoem!

4. Die vergaderinge in 1976

Op die bestuursvergadering van 4.2.1976 is mej. E.H. Fouché as sekretaresse aangewys, terwyl Dr. Hermann M. Rex die redakteurskap van "Pretoriana" weer aanvaar het. Verdere bustoere is voorlopig nie beplan nie. Daar is in dié opsig geen verduideliking verstrek nie. 'n Spesiale bestuursvergadering het op 5.4.1976 gevolg. Mnr. A.G. Oberholster het as waarnemende sekretaris opgetree, terwyl mnr. Willem J. Punt as sekretaris op die jaarvergadering (23.4.1976) sou optree.

Dié jaarvergadering is deur 'n lang agenda, met 15 besprekingspunte, gekenmerk. In die jaarverslag is o.m. na die feit verwys dat daar geen "Pretoriana" in 1974 verskyn het nie en die bestuur se besluit om 'n hele uitgawe aan die beweging

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vir die behoud van die westelike omlysting van Kerkplein te gebruik. Dr. Rex het, nadat hy in September 1975 as redakteur benoem is, dié taak aangepak. In November 1975 was die kopie gereed en in Maart was die verspreiding afgehandel. 'n Groot deel van die vergadering is aan die Kerkpleinkwessie bestee. Dankbetuigings vir geldelike toelaes is jeens die Departement van Nasionale Opvoeding en die plaaslike stadsraad uitgespreek. In die voorlopige inkomste- en uitgawerekening tot 31.12.1975 is o.m. aangedui dat die totale uitgawes R1 260,00 bedra het. "Pretoriana" het R999,00 en die Nuusbrief R120,00 gekos.

Die uitslag van die jaarlikse skooltuinwedstryd in 1975 was soos volg: eerste prys - Laerskool Die Poort (93%), tweede prys - Laerskool Rachel de Beer (91%) en derde prys - Laerskool Pretoria-Oos (89%). Dr. N.A. Coetzee was met al die reëlings i.v.m. dié wedstryd belas.

In die notule van die 27e algemene jaarvergadering is verder o.m. vermeld dat waarnemende voorsitter prof, Dr. P.C. Coetzee Dr. W.H.J. Punt, stigter en eerste voorsitter van die Genootskap, sowel as regter V.G. Hiemstra en sy gade (mev. H. Hiemstra) verwelkom het. Altesame was 36 belangstellendes, vriende en bestuurslede aanwesig.

Die bestuur het besluit om aan die vergadering voor te stel dat die GOP die burgemeester van Pretoria met 'n petisie nader om openbare vergaderings te belê waar burgers van die stad geleentheid sal kry om hulle standpunt oor beplande ontwikkelinge met betrekking tot Kerkplein te stel. Na toeligtings deur Dr. H.M. Rex en raadslid H. Heron het die jaarvergadering die besluit bekragtig. Vervolgens is 'n nuwe bestuur, bestaande uit die volgende lede, gekies: Dr. C.J.P. Jooste (voors.), prof. Dr. L.C. Eksteen (vise-voors.), Dr. R. Peacock (sekr.), mev. M. Brink (1e hulpsekr.), mnre. A. Jansen (2e hulpsekr.), S.A. Welz (penningmeester), Dr. H.M. Rex (argivaris), mnr. W.J. Prinsloo (redakteur). By hierdie amspdraers is die volgende gevoeg: mnre. M. Emms (bustoere), T.E. Andrews (Nuusbrief, plekname), F. Fouché (redaksielid), G.A. Oberholster (navorsing), Dr. N.A. Coetzee (skooltuinwedstryd) en mnr. Willem J. Punt (waaksaamheid).

Dr. G.v.W. Eybers is, in verband met sy ernstige siekte, beterskap toegewens. Mej. W.E. Glaeser is oorlede. Sy het die GOP se persknipselboeke versorg. Dr. C.J.P. Jooste het woorde van dank en waardering aan sy voorganger, prof. Dr. P.C. Coetzee, gerig.

Vervolgens het Dr. Willem H.J. Punt die gehoor oor ekonomiese faktore i.v.m. Pretoria se stadsbeplanning met betrekking tot bewaring toegespreek. Die spreker het 'n oorsig oor die stad Rotterdam (Nederland) se optrede in dié verband gegee. Tydgebrek het verhoed dat die spreker breedvoerig op sy onderwerp kon ingaan. Dit sou tot later oorstaan. Daarna het Sy Edele Regter V.G. Hiemstra Dr. Punt as oprigter van die Genootskap en vader van die georganiseerde burgerlike bewaringsbeweging in ons land gehuldig. Dr. Rex het 'n in leer ingebinde

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Pretoriana" (nr. 72) aan dr. Punt aangebied.

Op die bestuursvergadering van 10.5.1976 is staande 'n mosie van roubeklag i.v.m. die afsterwe van Dr. G. von W. Eybers aanvaar. Besluit is dat die voorsitter namens die GOP 'n krans by die begrafnis sal lê. Tewens is besluit dat Dr. H.M Rex en mnr. Tom Andrews 'n aanbeveling sal voorlê i.v.m. die opvolging van wyle mej. Glaeser.

Die volgende bestuursvergadering is op 14.6.1976 gehou. Dr. N.A. Coetzee het m.b.t. die doelstelling van die skooltuinwedstryd oor 'n nuwe beplanning gepraat indien die bestuur die behoefte daaraan sou voel. Die wedstryde het 21 jaar gelede begin. Besluit is dat mev. G.T. Haese die persknipselboeke versorg.

Die spesiale bestuursvergadering het op 28.6.1976 gevolg, nadat drie bestuurslede die vergadering van die Kerkjeugvereniging van die Gereformeerde Kerk, gemeente Pretoria-Oos, bygewoon en verslag daaromtrent gedoen het. Dié lede was mnre. T.E. Andrews, W.J. Prinsloo en Dr. R. Peacock. Die volgende bespreking het in die lig van die verslag gevolg en gegaan oor die behoud van die westelike gewelfront van Kerkplein en die gedagte dat al die kerklike instellings in die stad gevra word om hulle standpunte te stel. Die bedoeling was dat kerkrade hulle menings uitspreek. Die volgende vergadering sou in die Van Tilburgsaal, Troyestraat, belê word om menings aan te hoor. Besluit is ook dat bestuurslede van die GOP kerkgenootskappe sou skakel om deel te neem aan die aksie. Dr. C.J.P. Jooste sou die kerkvergadering op 1.7.1976 as verteenwoordiger van die GOP bywoon.

Die bestuursvetgadering van 12.7.1976 het aan die lig gebring dat slegs nege persone die genoemde vergadering bygewoon het. Uiteindelik is besluit dat die gemeente Pretoria-Oos van die Gereformeerde Kerk die kern was van waaruit die voorgenome aksie namens die Kerke in Pretoria vir die behoud van die wesfasade geloods sou word.

In verband met die skooltuinwedstryd het Dr. N.A. Coetzee die begeerte uitgespreek om die wedstryd uit te brei (drie skilde, drie bekers, diplomas, nuwe punteskaal). In verband met die verkryging van fondse het Drr. Punt en Rex banke besoek en van die Nedbank R100,00 en die Barclaysbank R250,00 verkry. I.v.m. die beoogde burgerpetisie aan die burgemeester van Pretoria het die GOP besluit om 'n openbare vergadering van plaaslike kiesers te belê. Drr. Punt en Rex het, in opdrag van die spesiale vergadering (28.6.1976), 'n nuwe petisie opgestel. Veertig afskrifte was beskikbaar om in die 30 kieserswyke versprei te word.

Die jaarlikse skenking van die Stadsraad is ontvang. Sekretaris A. Jansen het 'n brief vir indiening aan die Departement van Nasionale Opvoeding in gereedheid gebring. Aan mnr. Emms is 'n voorskot van R150,00 vir die organiseer van bustoere toegestaan. Mnr. Tom E. Andrews het vir die behoud van die Erasmushuis of -landhuis en omliggende terreine gepleit. Die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

indeksering van "Pretoriana" is bespreek en ten slotte het die voorstel van Dr. Hermann M. Rex i.v.m. die toekenning van 'n ere-doktorsgraad aan Dr. Willem H.J. Punt deur die Universiteit van Pretoria, ter sprake gekom. Daar is o.m. voorgestel dat prof. Dr. P.G. Nel en sy kollegas versoek sou word om vertoë aan die universiteitsowerheid te rig. Die voorstel van Dr. Rex is, aldus die notule, met geesdrif aanvaar.

Die finansies van die GOP was, aldus die notule van die bestuursvergadering van 9.8.1976, in 'n gesonde toestand. Mnr. Emms het 'n verslag oor 'n uiters geslaagde bustoer na Johannesburg gelewer. Die volgende toer sou op 11.9.1976 na Bronkhorstspruit onderneem word. Mnr. T.E. Andrews sou binnekort die tweede nuusbrief uitstuur en "Pretoriana" nr. 73 is bespreek. Vanjaar was dié orgaan 25 jaar oud. Mnr. J.W. Prinsloo sou nr. 73 redigeer.

Die vroeër genoemde petisie is deur Dr. N.A. Coetzee, mnre. Andrews en J.W. Prinsloo en twee dames van Hermanstad en Brooklyn (mevv. Van Heerden en Viljoen) aan die burgemeester oorhandig. S.O. Goodwin het reeds vroeër die burgerpetisie oorhandig terwyl ander nog hangende was.

I.v.m. die vroeër genoemde kerklike aksie het Dr. K. van Wyk de Vries en sy komitee die mening uitgespreek dat die GOP nie met hulle optrede gemoeid moet raak nie. Verskillende opinies is daaromtrent uitgespreek. 'n Besluit is nie geneem nie. Prof. Dr. L.C. Eksteen beklee nie verder die amp van vise-voorsitter nie. Sy werkprogram verhinder dit en Dr. N.A. Coetzee is sy opvolger. I.v.m. die beoogde toekenning van die ere-doktorsgraad aan Dr. W.H.J. Punt is besluit dat die voorsitter 'n brief aan prof. Dr. P.G. Nel rig en daarin die wens uitspreek dat die Universiteit van Pretoria 'n ere-doktorsgraad in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan Dr. Punt toeken. Dr. Rex sou die benodigde gegewens vir so 'n skrywe insamel.

Die spesiale bestuursvergadering van 7.9.1976 is belê op versoek van oud-regter Kowie Marais. Die oud-regter was deur 'n uitgewersmaatskappy genader i.v.m. 'n uitgawe van 'n boek oor Kerkplein. Dié boek moes in November aanstaande gereed wees en vroeg in 1977 verskyn. Die samewerking van die GOP is gevra en die oud-regter wou graag op 8.9.1976 antwoord hê. Die Genootskap was bereid om sy volle steun te gee en die oud-regter mog lede van die GOP vra om saam te werk. Inmiddels sou die GOP met sy eie voorgestelde publikasie oor Kerkplein voortgaan. Daarvan was nagenoeg 8 hoofstukke gereed.

Mnr. W.J. Prinsloo is as verteenwoordiger van die GOP afgevaardig na 'n vergadering waarop die bewaring van huis Rissikstraat 62 bespreek sou word. Verder is besluit om die burgemeester te vra of daar, met betrekking tot die petisie van kiesers, oor 'n moontlike openbare vergadering i.v.m. Kerkplein besluit is. Die beoogde besoek deur die bestuur aan die Erasmushuis en -landgoed is op 18.9.1976 bepaal.

Op die bestuursvergadering van 4.10.1976 is Dr. N.A. Coet-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

zee geluk gewens met sy verkiesing as onder-voorsitter van die Genootskap en sy diensaanvaarding by die Departement van Nasionale Opvoeding. Die GOP se geldelike toestand was nie te rooskleurig nie. Daar was ongeveer R180,00 in kas en die bedrag was ontoereikend om verpligtings die hoof te bied. Die toer na Bronkhorstspruit en die Nuusbrief het, albei in gunstige sin, onder bespreking gekom. Daarna het mnr. Willem J. Punt aangekondig dat volgens sy mening die sloping van die westelike gewelfront van Kerkplein nie voor die tweede helfte van 1978 nie aandag sou geniet. Hy het daaraan toegevoeg dat argitekte, die stadsraad en die Stigting Simon van der Stel aan 'n opname oor bewaring werk. Die burgemeester wil graag 'n onderhoud met die Eerste Minister oor Kerkplein voer en mnr. Punt se begeerte is dat die burgemeester voor die jaarvergadering van die GOP 'n antwoord sal gee.

Die beoogde ere-doktoraat aan Dr. W.H.J. Punt is, wat die aanvoring betref, verder gevoer. Die voorsitter het met prof. Dr. P.G. Nel gepraat wat aan die hand gedoen het dat die voorsitter (Dr. C.J.P. Jooste) met prof. Dr. A.N. Pelzer oor die aangeleentheid moes gesels. Dr. Rex stel voor dat dié wenk opgevolg moet word. Op 'n vroeër datum is Dr. en mev. Jooste eenparig aangewys as die GOP se verteenwoordigers om 'n krans namens die Genootskap te lê. Met betrekking tot die publikasie oor Kerkplein is verklaar dat die punte in die notule van 7.9.1976 deur oud-regter Marais aanvaar is. In verband met die huis Rissikstraat 62 het die "Stigting Dr. W.H.J. Punt" vir die insameling van fondse, om dié eiendom te koop tot stand gekom. Drr. C.J.P. Jooste, H.M. Rex en N.A. Coetzee is as lede van die genoemde stigting gekies.

Op die bestuursvergadering van 15.11.1976 het die aangeleentheid van die beoogde ere-doktorsgraad vir Dr. W.H.J. Punt en die bespreking van prof. Dr. P.G. Nel ter sprake gekom. Prof. Nel het gesê dat die saak reeds voorheen, sonder welslae, by die universiteitsowerheid aanhangig gemaak is. Hy het aanbeveel dat die saak weer met prof. Dr. A.N. Pelzer bespreek word. Die voorsitter is gevra om dié aangeleentheid verder te voer. Die kranslegging by die Kruger-standbeeld is namens die GOP deur die voorsitter verrig en die seremonie was indrukwekkend. Twee toere was finansieel en andersins 'n sukses. Geen verdere toere is in 1976 beoog nie. Staptoere in die stad en omgewing verkeer in 'n beplanningstadium.

5. Die vergaderings in 1977

Dr. Peacock het as sekretaris van die Genootskap bedank.

Op die bestuursvergadering van 7.2.1977 is o.m. aangekondig dat die skooltuinwedstryd die volgende resultate opgelewer het: Eerste prys - Laerskool Die Poort, tweede prys - Laerskool Rachel de Beer, derde prys - Laerskool Voorpos. Besluit is dat die voorsitter die trofeë sal oorhandig. 'n Prysopgaaf vir 'n tweede skild is ontvang. Daar was 'n batige saldo van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

R250,00 in kas. Nuusbrief nr. 6 sou die volgende week verskyn. In verband met bewaring het mnr. Willem J. Punt die aandag op die sloping van die voormalige Volkshospitaal (Potgietersstraat) gevestig. Staptoere is na die ou kerkhof onder leiding van mnr. T.E. Andrews gereël. Hy sou ook as gids vir 'n toer na Pretoria, gereël deur die Johannesburgse Historiese Stigting, optree (11.6.1977).

In verband met die moontlike verlening van 'n ere-doktorsgraad aan Dr. W.H.J. Punt is op die bestuursvergadering van 7.3.1977 deur die voorsitter aangekondig dat hy dié aangeleentheid met die viserektor van die Universiteit van Pretoria (prof. Dr. A.N. Pelzer) bespreek het. Die voorlegging van die naam van Dr. Punt sou in 1979 kan geskied omdat gegadigdes vir 1977 en 1978 reeds aangewys was. Indien die bestuur nie hiermee genoeë neem nie kon 'n ander universiteit genader word. Daar is besluit om prof. Pelzer te vra om Dr. Punt se naam vir 1979 voor te lê.

Daar was 'n batige saldo van R350,00 in kas en die geouditeerde state vir die afgelope finansiële jaar is goedgekeur. Die trofeë in verband met die skooltuinwedstryd is aan Die Poort en Voorpos Laerskole oorhandig. 'n Kwotasie van R750,00 is vir 'n tweede skild vir hoërskole verkry. 'n Toer is deur mnr. Emms vir Oos- en Suid-Pretoria gereël en aan die jongste staptoer na die ou begraafplaas het 72 persone deelgeneem. Die volgende jaarvergadering is op 18.4.1977 vasgestel.

Een van die vernaamste besonderhede van die notule van die bestuursvergadering op 4.4.1977 was die mededeling dat die Stadsraad in beginsel die aankoop van die huis "Mea Vota" (Rissikstraat 62, die NZASM-huis) sou steun. Die GOP se finansies het 'n batige saldo van R338,54 vertoon. Raadslid Dr. J. Greyvenstein is deur die stadsraad as sy verteenwoordiger in die bestuur van die Genootskap benoem, terwyl Raadslid W.H. Boshoff sy plaasvervanger sou wees. Vir die tweede skild vir die skooltuinwedstryd het die firma Anton Jansen Konstruksie die kiaathout geskenk. Die hout is bewerk en die verdere onkoste sou ongeveer R150,00 bedra.

Op die jaarvergadering van 18.4.1977 is aangekondig dat vyf skole aan die skooltuinwedstryd deelgeneem het en die Laerskool Die Poort die wenner was. Die belangrikheid van die pleknamekomitee i.v.m. die toekenning van straatname in Pretoria is beklemtoon. Agt aflewerings van die Nuusbrief is uitgestuur en van "Pretoriana" het geen uitgawe in 1976 verskyn nie. Die toerkomitee het in totaal 15 toere gereël, waaraan ongeveer 600 persone deelgeneem het. Toere is o.m. onderneem na Johannesburg, die slagveld op Bronkhorstspruit, die ou begraafplaas (staptoer) en Pretoria-Wes. 80 nuwe lede het die afgelope jaar aangesluit . Die volgende nuwe bestuur is aangewys: Dr. C.J.P. Jooste (voors.), Dr. N.A. Coetzee (vise-voors.) mnr. A. Jansen (sekr.-penningmeester), mev. M. Brink (asst.-sekretaris), mnr. A.J.D. Boon (asst.-penningmeester), mnr. A.G. Oberholster (argivaris), Dr. H.M. Rex (redakteur "Pretoriana"). Ander lede:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mnre. Willem J. Punt (waaksaamheid), T.E. Andrews (Nuusbrief), M. Emms (toere); algemene lede: mnre. A.J.W. Uys, J.A.M. Ebersohn, P.J. Schoeman en mej. E. Wellmann. Mnr. Emms het vervolgens 'n rolprent oor die westelike gewelfront van Kerkplein vertoon. Vervolgens het Dr. W.H.J. Punt i.v.m. die eiendom Rissikstraat 62 (die NZASM-huis) verklaar dat dit tans in besit van mev. Noel Barham is. Die stadsraad is bereid om die helfte van die koopprys te betaal en 'n bedrag van R15 000,00 word in diê verband genoem. (Let wel. Meer besonderhede oor die aankoop van "Meo Vota" en die "Vereniging Willem Punt" verskyn in "Pretoriana", nr. 74/75, Maart-Junie 1978, pp.93-100.) - Die ouditeursverslag het 'n batige saldo van R605,00 aangewys.

Op die bestuursvergadering van 16.5.1977 het die voorsitter (Dr. C.J.P. Jooste) aangekondig dat die Universiteit van Pretoria in 1979 sou oorweeg om 'n eredoktersgraad aan Dr. W.H.J. Punt toe te ken. Prof. Dr. A.N. Pelzer (viserektor) sou Dr. Jooste skakel wanneer die aansoek ingedien sou word. (Let wel. Hierdie aangeleentheid kom nie verder in die notule van 1977 voor nie.) Nasate van die Devenish-geslag het die jongste aflewering van die Nuusbrief geborg. Besluit is dat mnr. T.E. Andrews die GOP in die pleknamekomitee van die stadsraad verteenwoordig.

Die bestuursvergadering van 27.6.1977 het begin met die mededeling dat die klokkespel van die stadhuis (Paul Krugerstraat) buite werking is. Lid. J.A.M. Ebersohn het die vergadering oor die geskiedenis van die kariljon ingelig en 'n brief van mev. V. Allen (Engeland) oor die skenking van die klokkespel is ter tafel gelê. Daarna is die inkomende korrespondensie, genoem op pp. 111-112 van die notuleboek, bespreek. Daar was ruim R431,00 in die bank, terwyl al die rekenings betaal was. Die houtwerk van die tweede tuinwedstrydskild is voltooi, terwyl vordering met die vervaardiging van die wapen gerapporteer is. Aan die tweede staptoer na die ou begraafplaas onder leiding van mnr. T.E. Andrews het 55 belangstellendes deelgeneem.

Op die bestuursvergadering van 1.8.1977 het allereers die affiliasie van die GOP met die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria, wat reeds vroeër (16.5.1977) geopper is, ter sprake gekom. Die voorsitter het diê aangeleentheid nog nie met prof. Dr. P.G. Nel bespreek nie. In kas was 'n batige saldo van ruim R942,00. In verband met die redakteurskap van "Pretoriana" is 'n brief aan die redakteur (Dr. H.M. Rex) gestuur. Dr. Rex het nie daarop geantwoord nie, waarop die bestuur eenparig besluit het om Dr. N.A. Coetzee in die genoemde pos te benoem. Nuusbrief nr. 13 is uitgestuur en die onlangse bustoer was geslaag. Op 20.8.1977 sou die volgende toer na Petronella plaasvind. Ofskoon die notule i.v.m. die wesfasade van Kerkplein beknop is, is aangeteken dat mnr. Willem J. Punt gewag van interessante verwikkelinge maak en hy het daaraan toegevoeg dat die moontlikheid dat die gewels gered kon word, nie uitgesluit was nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die Staatsargief het meegedeel dat daar in die inventaris van die GOP-argief groot gapings bestaan. Dit geld veral die tydperk 1965-1975 (notule). Mnr. Willem J. Punt het voorgestel om vroeg in 1978 'n simposium te hou. Die klemtoon moet op plaaslike geskiedenis gelê word en die GOP moet die simposium reël. Besluit is dat die voorsitter dié aangeleentheid met die Direkteur van Onderwys (Transvaal) bespreek om sy samewerking te verkry. I.v.m. die Bras Pereirahuis het 'n soektog na sekere meubels wat destyds aan die GOP geskenk is, niks opgelewer nie. Dit is destyds deur die Transvaalse museum vir bewaring aanvaar. Die voorsitter bedank mnre. Jansen, Andrews en Punt i.vm. die verstrekte leiding m.b.t. besigtigingstoere deur die stad. Dit geld veral m.b.t. Vlaamse kore wat onlangs in Pretoria opgetree het.

Op die bestuursvergadering van 12.9.1977 is vermeld dat mnr. Erasmus toestemming verleen het dat deelnemers aan die eersvolgende bustoer die huis kan besoek. Later sal die bestuurslede se beurt kom. Mnr. Erasmus moet aan die einde van Desember 1977, in opdrag van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) sy huis verlaat. (Kyk "Pretoriana", nrs. 74/75, Maart-Junie 1978, pp. 28-33.)

Ten opsigte van die beoogde affiliasie met die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria is besluit om voorlopig daarvan af te sien. Daar was in totaal ruim R1 250,00 in kas en al die rekeninge was vereffen. Die koste van die tweede skild vir die skooltuinwedstryd het R175,00 beloop. Mnr. Kobus Botha het voorgestel om die laerskole in twee afdelings te verdeel en beoordelings op grond van grootte, ligging en klimaatsomstandighede van die tuine te laat geskied. Mnr. P.J. Schoeman rapporteer dat die indeksering van "Pretoriana" aangepak word.

Mnr. Emms het die laaste toer na Petronella as 'n besondere sukses bestempel en mnr. T.E. Andrews se medewerking geloof. Die aankoop van 'n luidsprekerstelsel is goedgekeur. Besluit is om die ledevergadering in November 1977 te hou.

Op die bestuursvergadering van 17.10.1977 is allereers inkomende en uitgaande korrespondensie behandel. Daar was ruim R2 142,00 in kas, terwyl al die finansiële verpligtings nagekom was. Volgens Dr. N.A. Coetzee was die kopie van "Pretoriana" by die drukker. Die Nuusbrief was byna gereed. Mnr. Emms het die besigtiging van die Erasmushuis as 'n hoogtepunt bestempel. Vir die Rustenburg-toer was daar 'n waglys, terwyl 'n toer na Johannesburg op 3.12.1977 vasgestel is. Mnr. T.E. Andrews het as gids vir 'n TO-toer opgetree.

'n Verslag oor die bedrywighede van die pleknamekomitee is deur mnr. T.E. Andrews vir die GOP-argief voorgelê. Die volgende vergadering sou op 13.10.1977 plaasvind. Nadruk is op die herstel van die klokkespel gelê.

Op die bestuursvergadering van 14.11.1977 is 'n lys van prof. Dr. Davey i.v.m. meubels van die Bras Pereirahuis, wat in die Transvaalse museum bewaar word, ter tafel gelê.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Met betrekking tot restourasie is die volgende onderwerpe onder aandag van die bestuur gebring: Die ou begraafplaas aan Van der Hoffweg. Die Voortrekkerkommando te versoek om die grafte skoon te maak. Die Van der Merwe-grafte op Panpoort (Donkerhoek) moet aandag geniet. Die stadsraad te nader om die graf van korp. Henry Watson doeltreffend te beskerm. Daar is 'n graftekomitee onder mnr. A.J.W. Uys gestig om o.m. al die grafte in die omgewing van Pretoria aan te teken en met instansies saam te werk om hulle te onderhou.

Mnr. Andrews het voorgestel om naamplate by belangrike geboue en op histories belangrike plekke te plaas. Dié punt sou vroeg in 1978 op die agenda geplaas word. Daar was 'n batige saldo van ongeveer R1 759,00 sonder skuld in kas. Mej. E. Wellmann is aangewys om die skooltuinwedstryd te behartig. Die Nuusbrief is uitgestuur en volgens mnr. P.J. Schoeman sou die indeksering van "Pretoriana" vroeg in 1978 gereed wees. (Let wel. Die register van "Pretoriana" (1951-1977) en die Nuusbrief (1976-1978) is in "Pretoriana", nr. 76, September 1978 gepubliseer.)

Die bustoer na Rustenburg het 'n batige saldo van R120,00 opgelewer en die aanstaande toer na Johannesburg was byna vol bespreek. I.v.m. waaksaamheid het mnr. Willem J. Punt die aandag op die volgende aspekte gevestig: Die hoeksteen van die Krugerkerk verkrummel, die ligte by die standbeelde voor die stadsaal moet herstel word. Dit geld ook vir die Uniegebou en die fontein by die Strijdommonument. In verband met die simposium is mnr. Punt versoek om 'n voorlopige agenda op te stel. Die volgende ledevergadering sou op 22.3.1978 (dertigste verjaarsdag) gehou word.

Die bestuursvergadering van 6.2.1978 het begin met die meubels van die Bras Pereira-huis. Volgens mnr. Oberholster het die Transvaalse museum geen rekord van die meubelstukke nie. Besluit is dat mnr. Oberholster navraag by die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum doen. Met al die rekeninge betaal, het die GOP oor 'n batige saldo van R1 703,00 beskik.

Aan die skooltuinwedstryd het 12 skole deelgeneem. Die eerste prys (groot terrein) is aan die Laerskool Die Poort toegeken met die Laerskool Rachel de Beer tweede. Die eerste prys (klein terrein) is deur die Monumentparkskool verwerf, die tweede deur Die Heuwel en die derde deur Generaal Andries Brink. Besluit is om nog 'n beker (tweede prys, klein terrein) aan te skaf. Die oorhandiging van die skilde, bekers en sertifikate is deur Dr. Jooste en mej. Wellmann verrig. Deur Dr. H.M. Rex is die argiefstukke van die GOP by die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) en nie aan die sekretaris van die Genootskap oorhandig nie. Dr. Rex het tewens as lid van die Genootskap bedank. 'n Lys van argiefstukke is by die TAB aangevra.

Die Nuusbrief is gepos en "Pretoriana" nr. 73 is gereed vir versending, terwyl die volgende bustoer op 18.3.1978 (na Middelburg) sou plaasvind. Mnr. Willem J. Punt het gerapporteer dat daar geen nuwe verwikkelinge i.v.m. die westelike

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gewelfront aan Kerkplein was nie. Die Departement van Gemeenskapsbou sou met restourasiewerk in Artillerieweg (Artillery Row) begin. Ongeveer 50 agterstallige lede sal 'n aanmaning ontvang.

Die volgende bestuursvergadering is op 6.3.1978 gehou. Daar is vasgestel dat namens die GOP die volgende meubels in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) bewaar word: 'n Klavier, 'n stoel en 'n tafeltjie. Die voorwerpe was nie gelys en van geen waarde vir die museum nie. Die bestuur sou die museum besoek en probeer bepaal wat met die meubelstukke te doen. Die finansiële toestand van die GOP is gesond (batige saldo R1 662,00) en alle rekeninge betaal. Nuusbrief nr. 17 is aan die lede gestuur en die indeksering van "Pretoriana" het gevorder. Intussen het, aldus mnr. Emms, die twintigste toer na Middelburg plaasgevind. By dié geleentheid is 'n krans by die graf van landdros Andries François du Toit (1813-1883) gelê. Berig is dat die skakelhuise by Salvokop, op 'n paar geboue na, gesloop is. O.m. het die skoolgebou behoue gebly. 'n Skaalmodel van die eertydse Staatsgimnasium is in die nuwe Poskantoorgebou geplaas. Dr. N.A. Coetzee is versoek om met mev. Kotie Roodt-Coetzee, van NASKO-museum, die moontlikheid te bespreek om die Erasmushuis en die bybehorende terrein vir 'n museum te kan gebruik. Die Genootskap se argiefstukke is keurig georden deur die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) en word daar bewaar, terwyl die notule tot op datum opgespoor is. 'n Mosie van dank aan die TAB is aanvaar. Die volgende bestuursvergadering is op 3.4.1978 voorgestel.

Die dertigste jaarvergadering is op 22.3.1978, met sekretaris mnr. Anton Jansen as notulehouer, in kamer 318, van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Kerkstraat, Pretoria, gehou. Die bestuur en 'n dertigtal lede was aanwesig. Aan die orde was die Bras Pereira-huis se bakstene wat tydens die afbreek van die huis, genommer was met die bedoeling om die huis te herbou. NASKO het besluit dat dit onmoontlik is. Die bakstene is vernietig. "Pretoriana" nr. 73 is gepos. Die volgende nuwe bestuur is gekies: Dr. C.J.P. Jooste (voors.), Dr. N.A. Coetzee (vise-voors. en redakteur "Pretoriana), mnr. A. Jansen (sekr.-penningmeester), mej. E. Wellmann (asst.-sekr., skooltuinwedstryd), mnr. A.J.D. Boon (asst.-penningmeester), mnr. A.G. Oberholster (argivaris), mnr. T.E. Andrews (Nuusbrief, pleknamekomitee), mnr. P.J. Schoeman (navorsing), mnr. W.J. Punt (waaksaamheidskomitee), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (in afwesigheid, Voortrekker- en oorlogsgrafte). Verdere lede: J.A.M. Ebersohn, M. Emms. Indien prof. Dr. F.J. du Toit Spies sy benoeming nie aanvaar nie, kan die bestuur 'n ander lid kies.

I.v.m. die Willem Punt-Stigting is name van komiteelede vir die stigting gevra. Die volgende name is voorgelê: Dr. B. Cronjé, prof. Dr. F.J. du Toit Spies. Vervolgens is die rolprent "Europa Nostra" van die Stigting Simon van der Stel vertoon. Die ouditeursverslag het 'n batige saldo van R1 935,00 getoon, terwyl die wins van die bustoere R760,00 bedra het. Die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

toelaes van die stadsraad en die Departement van Nasionale Opvoeding het onderskeidelik R360,00 en R400,00 bedra.

Tydens die bestuursvergadering van 3.4.1978 is o.m. vermeld dat 10 kinders van die Louis Botha-tehuis kosteloos deelgeneem het aan die bustoer na Middelburg. Die bus was voor dié besluit geneem is, nie vol nie. In kas was R1 645,00. "Pretoriana" moes nog betaal word (R650,00). In verband met die skooltuinwedstryd is al die pryse uitgedeel. Bekers is gekoop. Nuusbrief nr. 18 was voltooi en die volgende vergadering is op 1.5.1978 vasgestel.

Op die bestuursvergadering van 1.5.1978 is voorgestel om 'n fotowedstryd te hou. Die foto's moes oorspronklik wees en die doel was om fotografiese materiaal vir die argief van die GOP te verkry. Twee pryse sou uitgeloof word en kleurskyfies sou welkom wees. Mnr. A.J.D. Boon het as asst.-penningmeester bedank en is tydelik deur mnr. Emms opgevolg. Die volgende aflewering van "Pretoriana" sou R496,00 kos. Die Nuusbrief vir Mei 1978 was gereed. 'n Toer na die ou begraafplaas is op 20.5.1978 vasgestel, terwyl toere na Hartebeespoortdam, Bronkhorstspruit, Cullinan, Johannesburg en Pretoria-Suid in die beplanningstadium verkeer het. Mnr. W.J. Punt (waaksaamheid) het voorgestel om 'n versoek aan die stadsraad van Pretoria te rig om 'n gedenkplaat by Rooihuiskraal aan te bring. Besluit is om 'n voorsittershamer van hout met 'n historiese agtergrond te laat vervaardig. In dié verband sou mnr. Lombaard van Verwoerdburg gevra word.

Op die bestuursvergadering van 3.7.1978 is met verwysing na laasgenoemde bespreking besluit om - indien die Pereirahuismeubels nie herstel kon word nie, van dié hout te gebruik. Mnr. Anton Jansen is gevra om die meubels by die museum te gaan haal. Raadslid W.F. Boshoff (burgemeester) is as die Stadsraad se verteenwoordiger by die Genootskap aangewys. Die plaasvervanger sou Raadslid J.H. Visse wees. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies neem die benoeming as bestuurslid aan.

Voorstelle i.v.m. nouer samewerking met die GOP is met betrekking tot die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte bespreek. Die Genootskap het Raadslid D.G. van der Bijl se voorstelle ondersteun om Rooihuiskraal (Verwoerdburg) vir die nageslag te bewaar.

Aan die toer na die ou begraafplaas (17.6.1978) het 50 persone deelgeneem. Die volgende toer (22.7.1978) is na die ooste van Pretoria gereël. Mev. M. Andrews is bedank vir haar werk in dié verband. Die nuusbrief vir Julie 1978 was gereed. Terwyl sekere rekeninge nog vereffen moes word, het die batige saldo ongeveer R1 268,00 bedra.

Op die bestuursvergadering van 7.8.1978 het die voorstel van mnr. T.E. Andrews om geskiedenistake aan laerskoolleerlinge te gee, voorrang geniet. Dié voorstel is goedgekeur en die GOP sou help i.v.m. lesings, riglyne, aanmoediging en die verstrekking van inligting. Skoolhoofde sou die take beoordeel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en die finale beoordeling sou by 'n vakinspekteur (TOD) berus. Die bekroonde taak sou in "Pretoriana" gepubliseer word en mnr. Andrews het 'n wisselbeker vir die wenner beskikbaar gestel.

Die Stadsraad sou versoek word om i.v.m. sake aangaande middestadbeplanning, die betrokke dokumente vir kommentaar aan die GOP voor te lê.

Die bedanking van mnr. T.E. Andrews was nog steeds nie deur die bestuur aanvaar nie. Die hoop is uitgespreek dat hy weer sitting in die bestuur sou neem. Mnr. Oberholster is vir die boekjaar 1978/1979 as argivaris aangestel. Danksy die leiding van mnr. T.E. Andrews en die organisasie deur mej. Wellmann en mnr. Emms was die toer na Pretoria-Oos geslaag. Die bustariewe is verhoog. 'n Bespreking om die verhoging teen te gaan het gevolg op grond van die feit dat die GOP 'n funksie vervul wat eintlik by die stadsraad van Pretoria berus. Vir die skooltuinwedstryd het vier skole in 1978 ingeskryf. Nuusbrief nr. 22 was gepos en mnr. P.J. Schoeman was byna gereed met die indeksering. In kas was 'n batige saldo van ruim Rl 812,00. Deur mnr. T.E. Andrews is vier straatname op 'n vergadering van die straatnamekomitee voorgestel en deur die Stadsraad aanvaar. Die komitee oorweeg verandering van bestaande name van belangrike strate as gevolg van aaneenskakeling van afsonderlike strate. Besluit is om op 17.8.1978 'n vergadering ten huise van mnr. Andrews te hou om die beleid van die GOP vas te stel.

Mnr. Punt het na aanleiding van die Brinkhuis "Avondzon" belowe om mnr. Zietsman (RNG)[1] na die huis te bring om bewaring te oorweeg.

Op die bestuursvergadering van 11.9.1978 is die meubels uit Bras Pereira se eertydse woning, tw. 'n klavier en 'n tafel, in die vergadering vertoon. Herstel het onmoontlik blyk te wees. Die stoel kon nog nie opgespoor word nie. Die tafelpote is verwyder om daarvan 'n voorsittershamer te laat vervaardig. Hout van die klavier sou vir 'n hamerkissie gebruik word. Die bustariewe is nie verhoog nie en 'n toer is op 19.8.1978 gehou. Die jongste Nuusbrief was in die loop van die maand gepos, terwyl die batige saldo, met alle rekenings vereffen, ruim Rl 890,00 bedra het. Die beleid i.v.m. die restourasie van grafte is bespreek, terwyl besluit is om met die voorsitter van die Krugergenootskap die gedagte te bespreek om bronsplate aan te bring op plekke waar die Krugerstandbeeld in die verlede gestaan het.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het die voorsitter geluk gewens met die verkryging van 'n tweede doktorsgraad.

Op die bestuursvergadering van 3.10.1978 is bekend gemaak dat die "Bras Pereira"-stoel opgespoor is. Dr. Jooste sou mnr. Lombard vra of hy die stoel kan restoureer. Die Stadsraad het geweier om die graf van korp. Watson op te knap. Die toer na Hartebeespoortdam was vol bespreek. Met welslae het mnr. G.R. Mulder as toergids opgetree, terwyl mnr. en mev. T.E. Andrews ook lof en dank toegeswaai is.

Elf skole het vir die skooltuinwedstryd ingeskryf. Die Nuusbrief was gereed vir versending, terwyl die indeks só groot

1) Raad van Nasionale Gedenkwaardighede.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geword het dat 'n afsonderlike uitgawe van "Pretoriana" noodsaaklik was. I.v.m. plekname is voorgestel om in 1979 'n simposium te hou. Besluit is om die beleid op te stel. Ook is besluit dat prof. Dr. F.J. du Toit Spies en mnr. Anton Jansen die grafte op Claremont besoek. Ten laaste is besluit om die volgende algemene ledevergadering op 20.10.1978 te hou. (L.W. Die notule van dié vergadering ontbreek in die geraadpleegde notuleboek.)

Op die bestuursvergadering van 6.11.1978 het die verslag oor die Wolmaranshuis, Donkerpoort, deur mnr. T.E. Andrews ter sprake gekom. Vir oorhandiging aan die RNG het mnr. Willem J. Punt die verslag in ontvangs geneem. Daar was te weinig belangstelling vir toere te bespeur. Bygevolg het die toer na Bronkhorstspruit (25.11.1978) verval en is oor vleisbraaitoere van gedagte gewissel.

Aan die skooltuinwedstryd het 12 skole deelgeneem. Die beoordeling het op 30 en 31.10.1978 deur mnr. Engelbrecht, senior-lektor van die Departement Landbou (Technikon) plaasgevind. "Pretoriana" nr. 74/75 was gereed om te pos. In kas was ongeveer R2 000,00 en i.v.m. grafte het prof. Dr. F.J. du Toit Spies 'n bespreking met die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria oor die Booysen-grafte gevoer.

Die klokkespel van die stadsraad was herstel. Volgens die ouditeursverslag van 31.12.1978 was daar 'n tekort van R899,00. Die drukkoste van "Pretoriana" het R1 895,00 bedra.

Volgens die notuleboek (p.194) sou die volgende bestuursvergadering op 2.4.1979 gehou word. Daar is geen notule nie. Dit is wel die geval met die bestuursvergadering van 9.4.1979.

## 6. Vergaderings in 1979

Volgens die notule van die bestuursvergadering van 9.4.1979 sou 'n bustoer na Cullinan op 21.4.1979 plaasvind. Met betrekking tot die skooltuinwedstryd is die volgende pryse toegeken: Eerste groep: 1. Laerskool Rachel de Beer, 2. Laerskool Monumentpark, 3. Laerskool Die Heuwel. Tweede groep: 1. Laerskool Die Poort, 2. Laerskool Booysens, 3. Laerskool Skuilkrans.

M.b.t. waaksaamheid het mnr. Willem J. Punt die aandag van die aanwesiges op die volgende onderwerpe gevestig: Die busloods (Prinsepark), die Erasmushuis, die gevangenisdeur en die NZASM-brug.

Die jaarvergadering is op 17.5.1979 gehou en aan die bygevoegde jaarverslag (1978-1979) is die volgende besonderhede ontleen: Meer steun i.v.m. die inhoud van die Nuusbrief is van lede gevra. Tydens die afgelope boekjaar is vyf bustoere gehou. In verband met waaksaamheid het bestuurslid mnr. Willem J. Punt die aandag gevestig op: Kerkplein en sy omlysting, die Staatsdrukkery, Salvokop, die tronk, die ou ZAR-hospitaal, die NZASM-brug, die ou begraafplaas, Strubenkop, Prinsepark en die stadsbeplanning in die algemeen (L.W. Die besonderhede ontbreek in die jaarverslag). Prof. Dr. F.J. du Toit wat 'n aantal jare as kulturele attaché aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Brussel (België) werksaam was, het teruggekeer en is - as 'n staatmaker

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in die geledere van die GOP verwelkom. Hy het nou weer as 'n bestuurslid ondersoek na ou grafte in die besonder in Hercules ingestel. Daar is twee aflewerings van "Pretoriana" in 1978 en in die jaarverslag is opgemerk:

"Ons vertrou dat ons lede ook die volgende jare flink gaan reageer as die Redakteur om artikels vra. Sonder bydraes van ons lede is die publikasie van die blad nie moontlik nie."

Die algemene ledevergadering (jaarvergadering) is op 17.5.1979 gekies. Daar was 30 lede aanwesig en die nuwe bestuur is soos volg saamgestel: Dr. C.J.P. Jooste (voors.), Dr. N.A. Coetzee (onder-voors., redakteur "Pretoriana"), mev. M.L. Willmer (sekr.), mev. G.I. Jansen (asst.-sekr.), mnr. Anton Jansen (tesourier), mej. E. Wellmann (skooltuine), mnr. G.A. Oberholster (argivaris), mnr. T.E. Andrews (redakteur "Nuusbrief", pleknamekomitee), mev. M. Andrews (toerekomitee), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (navorsing), mnr. Willem J. Punt (waaksaamheidkomitee), mnr. L.F.T. Hendrikz (graftekomitee), mnr. M. Emms (skakelbeampte stadsraad) en mnr. J.A.M. Ebersohn (bykomende lid).

Aangekondig is dat die skaalmodel van die eertydse "Staatsgymnasium" in die portaal van die nuwe Hoofposkantoorgebou uitgestal is. Mnr. Emms het 'n rolprent i.v.m. bustoere vertoon.

Die volgende bestuursvergadering is op 9.7.1979 gehou. Die nuwe verteenwoordigers van die Stadsraad is aangekondig. Hulle was raadslede J.H. Visse en S.C.J. van Rensburg. Die toer na Hartebeespoortdam was 'n groot sukses. Dit was die 23ste toer, waarna die volgende toere na Cullinan, die begraafplaas van Italiaanse krysgevangenes (Zonderwater), en mnr. Deysel se plaas (Tweefontein) op 4 en 10.5.1979 vasgestel is. Op 14.7.1979 sou die ou begraafplaas (Kerkstraat-Wes) besoek word en op 21.7.1979 sou 'n bustoer na Boekenhoutfontein volg. Twee bekers is vir die skooltuinwedstryd aangekoop. Mnr. Hendrikz sou die skooltuine behartig omdat mej. Wellmann uitgetree het. Die pos van R65,00 t.w. koste van die register van die Nuusbrief is goedgekeur.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies was bedrywig om 'n lys van geboue, opgestel deur die Departement Argitektuur (Universiteit van Pretoria), op te spoor. Mnre. Emms en Punt was betrokke by navorsing i.v.m. stalle agter die Schultis Schwargebou en boeke in 'n kelder van die Peacock-apteek.

Aansoeke i.v.m. "Pretoriana" en die administratiewe koste van die GOP is by die Departement van Nasionale Opvoeding en die stadsraad ingedien, terwyl R50,00 aan die Kerkpleinfonds geskenk is om die administratiewe koste te dek. Op die vergadering van 28.5.1979 i.v.m. plekname is die volgende name verander: Kilnertonweg - C.R. Swartrylaan, Skoollaan (Meyerspark) - Hans Abrahamlaan.

Op die bestuursvergadering van 6.8.1979 is aangekondig dat 100 persone op 25.8.1979 aan die bustoer na Middelburg sou deelneem, terwyl 35 persone die ou begraafplaas besoek het.

Die Nuusbrief het verskyn. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het 'n skenking uit die Van Warmelo-nalatenskap ontvang en sou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

reproduksies aan die GOP skenk. In kas was, met sekere rekeninge nog te betaal, 'n batige saldo van ruim R1 855,00. Mnr. Tom E. Andrews het gerapporteer dat Voortrekkergrafte te Booysen (Van der Hoffweg, Hercules) in 'n haglike toestand verkeer.

In verband met die honderdste verjaarsdag van koningin Wilhelmina van Nederland is die vraag gestel of die GOP wil saamwerk met betrekking tot die feesviering. Mnr. Anton Jansen het aan dié vraag toegevoeg dat dan 'n brief aan die organiseerders gerig moet word. (L.W. Kyk "Pretoriana" nr. 80, 16.11.1980, p.7 e.v.)

Met verwysing na die stigtersdag van Pretoria (16.11.1855) is besluit om die Saterdag wat die naaste aan 16 November is as die stigtersdag van Pretoria te vier. 'n Komitee sou vir dié doel gevorm word en mnre. Tom E. Andrews en Anton Jansen is as komiteelede aangewys. (L.W. "Pretoriana" nr. 80 staan in die teken van die 125ste herdenkingsjaar, 16.11.1855-16.11.1980.) Mev. Jansen het teruggestaan as lid van die bestuurskomitee, mej. Wellmann is as asst.-sekretaresse benoem. Mnr. Tom E. Andrews het mnr. Emms vir sy skyfievertoning in die Hamilton Primary School bedank.

Op die bestuursvergadering van 10.9.1979 het mnr. en mev. T.E. Andrews aangekondig dat hulle die Fonteinedal-piekniekplek vir 'n feestelike saamtrek op 24.11.1979 bespreek het. Besluit is om in verband met die Nuusbrief 'n honorarium aan mnr. Andrews te betaal. Nuusbrief nr. 32 is gepos. Planne van ou geboue (Hoofposkantoor, Nationale Bank, National Bank Chambers) is deur mnr. Emms aan die GOP oorhandig. Finansieel het die batige saldo van die GOP, met uitsondering van sekere onbetaalde rekeninge, op ruim R1 825,00 gestaan.

In verband met die behoud van die wesfasade van Kerkplein het mnr. Emms voorgestel dat 'n oorkonde (sertifikaat van verdienste) aan mnr. Louis Rive, Posmeester-Generaal, gestuur word. Dié voorstel is in beginsel goedgekeur.

Tydens die bestuursvergadering van 1.10.1979 is o.m. aangekondig dat i.v.m. die skooltuinwedstryd al die trofees oorhandig is. Nuusbrief nr. 34 was gepos en die GOP se batige saldo was R2 051,00. Sekere rekeninge moes nog vereffen word. Stigtersdag sou saam met die Fonteine-toer op 24.11.1979 gevier word.

Burgemeester Raadslid J.H. Visse is op die bestuursvergadering van 5.11.1979 in die besonder verwelkom. Die burgemeester het voorgestel dat 'n raadslid, wat vir 5 jaar gekies word, vir daardie tydperk op die komitee sitting neem sodat daar kontinuïteit is. Dié voorstel sou op die volgende vergadering bespreek word. Die volgende lede het heengegaan: Dr. Peacock, mnr. Ulrich Rissik en Dr. G. Rissik. Mev. Willmer was in die hospitaal en is beterskap toegewens.

I.v.m. geskiedenisprojekte het die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) geantwoord dat daar nie aan die versoek voldoen kan word nie. Daarna is besluit dat die GOP self die pro-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

jek aanpak. Van die Transvaalse Argiefbewaarplek is 'n lys van argiefstukke van die Genootskap ontvang. Die bustoere na Krugersdorp en Johannesburg was 'n groot sukses. Die finansiële toestand van die Genootskap was met 'n batige saldo van ruim R2 345,00 gesond. Sekere rekeninge moes nog vereffen word.

Vermeld is dat grafstene deur die stadsraad "begrawe" is. Raadslid Visse het voorgestel dat mnr. Tom E. Andrews die Genootskap by die stadsraad verteenwoordig.

Op die bestuursvergadering van 26.11.1979 is deur mev. M. Andrews nadruk gelê op die feit dat die vleisbraaitoer na die Fonteine 'n groot sukses was. Die skooltuinwedstryd was afgehandel en in 1980 sou dié wedstryd 25 jaar oud word.

Alle rekeninge was vereffen en daar was 'n batige saldo van ruim R2 345,00 in kas. Mnr. Willem J. Punt het verklaar dat die klimaat vir die bewaring van die geboue aan die westelike kant van Kerkplein reg was. Hy het gevra om die administrateur skriftelik te vra om die Capitol-teater te behou. Op 'n vraag in verband met die amptelike plekname-beleid van die Stadsraad het mnr. Tom E. Andrews geantwoord dat hy nie gelukkig is nie oor die wyse waarop straatname verander word.

Op versoek van die stadsraad het die GOP die viering van Stigtersdag tot 1980 uitgestel. Pretoria sou dan 125 jaar oud wees.

7. Vergaderings in 1980 (tot 26.3.1980)

Op die bestuursvergadering van 4.2.1980 is die afsterwe van prof. J.P. Duminy (stigterslid) en mnre. Haak en Deysel staande herdenk. Van die Pretoria Tuine-Rapportryerskorps en die Voortrekkerbeweging is berig ontvang dat hulle die grafte op Booysens in stand sal hou. Die Genootskap is deur die stadsraad van Pretoria verwittig dat die GOP vroeg in 1980 genooi sal word om aan die reëlings vir die 125-jarige feesviering van die stad deel te neem.

Vir 9.2.1980 was 'n toerbus vir 60 passasiers van die firma Elwierda gehuur. Intussen het die stadsraad sy prys vir die huur van 'n bus vir toere verlaag. Sowel "Pretoriana" as die Nuusbrief was uitgestuur en aan die firma Victoria Drukkers is R1 382,16 betaal (vermoedelik vir nr. 79). I.v.m. die toestand van die grafte van R. Lys, O'Neill en Bray op die ou begraafplaas is briewe beantwoord en die skoonmaak van die begraafplaas bespreek.

Die Universiteit van Pretoria het die GOP uitgenooi om deel te neem aan die viering van die 50-jarige bestaan van Afrikaans. Na aanleiding van hierdie uitnodiging is besluit om die jaarvergadering van die GOP (1980) op die kampus te hou.

Op die volgende bestuursvergadering (3.3.1980) is besluit dat die jaarvergadering op 26.3.1980 op die kampus gehou sou word. Die universiteit het 'n skenking van R200,00 gedoen en die GOP het R150,00 bygevoeg om die koste te dek. Die GOP het die aankoop van kaas en wyn gereël en besluit om die rektor, die twee vise-rektors en hulle gades uit te nooi om die gesel-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ligheid by te woon. Verder sou uitnodigings aan die inkomende burgemeester en sy gade, die hoofde van 17 skole, wat aan die skooltuinwedstryd deelgeneem het, en hul gades gestuur word.

Die bustoer na die huis van wyle Samuel (Sammy) Marks (1843-1920) was teleurstellend. 'n Toer na Botshabelo (Middelburg) is vir 22.3.1980 gereël. In verband met die skooltuinwedstryd is daar twee groepe, t.w. gevestigde en nuwe tuine, onderskei. Van die eersgenoemde groep was die pryswenners: 1. die Valhalla-skool, 2. die Rachel de Beer-skool, 3. Die Poort-laerskool. In die tweede kategorie is die pryse toegeken aan: 1. die Voortrekker Eeufees-skool, 2. die Skuilkransskool, en 3. die Nellie Swart-skool.

Besluit is om skole uit te nooi om aan 'n wedstryd deel te neem om opstelle oor pioniers (staatmakers) van Pretoria te skryf. Boekpryse en merietesertifikate sou beskikbaar gestel word. Aan mnr. Hendrikz is lof toegeswaai vir al die werk wat deur hom t.o.v. die skooltuinwedstryd verrig is.

Die batige saldo, sonder aftrek van onbetaalde rekeninge, het R2 610,00 bedra. In verband met die westelike gewelfront van Kerkplein is die verskuiwing van die aksent van die gewels na die plein deur Dr. Jooste as 'n gunstige teken beskou. Hy het die plig van die GOP en ander beklemtoon om te praat. Anders sou Kerkplein verlore wees. Mnr. Tom E. Andrews het weens tydgebrek as lid van die straatnamekomitee bedank. Mnr. Willem J. Punt het i.v.m. die Trichard-gedenkteken (Maputo) verklaar dat hy onlangs daar was. Die gedenkteken was nie beskadig nie, maar die uiterlike het aandag nodig. Die volgende bestuursvergadering is op 5.5.1980 bepaal.

Die 32e algemene jaarvergadering is op 26.3.1980 gehou. Gewag is gemaak van verskeie bustoere onder leiding van mnr. en mev. Tom E. Andrews. Die hoogtepunt was die jaarlikse vleisbraaisaamtrek by die Fonteine. Die skooltuinwedstryd het meer deelnemers as in die verlede getrek. Mnr. Engelbrecht het as beoordelaar opgetree en mnr. Hendrikz se aandeel, ook in verband met die opstelwedstryd oor die pioniers van Pretoria, is as belangrik bestempel. Aan Dr. N.A. Coetzee is lof toegeswaai in verband met die verskyning van die twee uitgawes van "Pretoriana" in die afgelope boekjaar. Mnr. T.E. Andrews is van harte bedank vir die versorging en verspreiding van die Nuusbrief. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het meegedeel dat hy met die Rapportryerskorpse in die omgewing van die Voortrekkergrafte geskakel het. Hulle het belowe om te help. Die onderhandelinge met die Stadsraad oor die grafte in die ou begraafplaas in Kerkstraat duur voort.

In verband met Kerkplein is gerapporteer dat die westelike gewelfront behoue is. Dank is betuig aan die administrateur van Transvaal, ook met betrekking tot sy standpunt t.o.v. bewaring. Nou moet die lewe na Kerkplein terug gebring word! Prinsepark kon nie gered word nie, maar die Erasmushuis gaan bewaar word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

I.v.m. die pleknamekomitee van die Stadsraad het prof. Dr. F.J. du Toit Spies en mnr. Tom E. Andrews die GOP verteenwoordig. Mnr. Andrews het, aldus die notule, bedank.

In verband met Stigtersdag het die Stadsraad 'n aantal byeenkomste in gedagte om die 125-jarige bestaan van die Hoofstad te vier. Die GOP sal deel aan die verrigtings hê. Dank is aan mnr. Ebersohn i.v.m. die herstel van die klokkespel van die stadsraad betuig. Dank is ook teenoor mnr. Fourie uitgespreek. Die ledetal van die Genootskap het op 388, 'n toename van 20% gestaan, aldus voorsitter Dr. C.J.P. Jooste.

xxxxxx

Ter toeligting kan hier en daar "Pretoriana" ter hand geneem word. Die skrywer se eksemplare is onvolledig, nr. 79 ontbreek.

In "Pretoriana" nr. 72 - Desember 1975 - verskyn in 248 bladsye, met Dr. Herman M. Rex as redakteur, die kroniek van die wesfasade van Kerkplein, hoofsaaklik in die vorm van koerantartikels van die jaar 1975. Die aandag word o.m. gevestig op die pleitskrif aan Eerste Minister, Sy Edele B.J. Vorster, en die waardering oor die drie geboue van die westelike gewelfront deur die redakteur.

In "Pretoriana" nr. 73 - 1977 - verskyn o.m. met Dr. N.A. Coetzee as redakteur, mnr. T.E. Andrews se insiggewende "Register of new street names and their origins" (pp.46-60), 'n vervolg op "Pretoriana" nr. 69/70, Augustus 1972.

In "Pretoriana" nr. 74/75 - Maart-Junie 1978 - verskyn onder Dr. N.A. Coetzee as redakteur o.m. Dr. B. Cronjé se bydrae "Die Erasmus-Kasteel mag nie verdwyn nie" (pp.28-33), "Verslag van die Skooltuinekompetisie 1977" (p.92) en die "Jaarverslag Genootskap Oud-Pretoria 1977-78", met 'n lys van ere-, lewens- en gewone lede van die Genootskap (pp.102-106; pp.107-110).

In "Pretoriana" nr. 76, September 1978, redakteur Dr. N.A. Coetzee, is die register van "Pretoriana", 1951-1977 (pp.3-39) en die register van die Nuusbrief nrs. 1-15 (1976-1978) (pp. 41-51 gepubliseer.

In "Pretoriana" nrs. 77/78, September-Desember 1979, met Dr. N.A. Coetzee as redakteur word die aandag gevestig op "Die Samespreking oor Die Kerkstraat-Wes Historiese Begraafplaas, Pretoria", 'n verslag deur Dr. H.M. Rex (pp.18-34), die skrywer se bydrae "Die begin van Roberts Heights (Voortrekkerhoogte)" (pp.43-45), Mervyn Emms se beskouing "East Fort - A Monument to the Vandals Strubenkop" (pp.47-52) en Dr. N.A. Coetzee, "Uit die albums van die voorgeslagte" (pp.67-99).

"Pretoriana" nr. 79 ontbreek in die skrywer se versameling.

"Pretoriana nr. 80 oorskry die tydgrens van die notule (redakteur Dr. N.A. Coetzee).

- o -

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# HENDRIK STIEMENS (1822-1894) DIE LEWENSWERK VAN 'N VERDIENSTELIKE NEDERLANDER IN NATAL EN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK (1856-1879; 1882-1894)[a] (I)

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

## Inleiding

Hendrik Stiemens (1822-1894) was 'n Nederlandse onderwyser wat hom in 1856 in ons land gevestig het. Hy was eers werksaam in Natal en het sy aanstelling as eerste goewermentsonderwyser in 1859 uit die hande van staatspresident M.W. Pretorius ontvang. Sy eerste skooltjie was aan Kerkplein geleë en daar is 'n deel van die pioniersbevolking van die ontluikende Pretoria onderrig.

Stiemens het, met 'n onderbreking van 'n paar jaar, hierdie werksaamhede na die Transvaalse burgeroorglog (1862-1864) en sy tydelike verbanning uit die Zuid-Afrikaansche Republiek hervat. In 1870 het hy die onderwysberoep onder meer met die pos van sekretaris van die Transvaalse Volksraad verruil. Tydens die bewind van staatspresident T.F. Burgers was hy o.m. waarnemende staatsekretaris.

Gedurende die Britse anneksasie (1877-1881) het hy as eerste staatsklerk opgetree. Hy het in 1879 as 'n pensioengeregtigde oud-amptenaar met sy eggenote en 'n deel van sy gesin na sy land van herkoms, Nederland, teruggekeer.

Sy eerste verblyf in Transvaal was oorgangsjare, wordingsjare van die Voortrekkertydperk na 'n gevestigde samelewing met sy eie bestuursorganisasie, in die landstreek noord van die Vaalrivier. Botsings en groeipyne het voorgekom en Stiemens het op verskillende gebiede sy opbouende bydraes gelewer.

Tydens sy verblyf in Nederland (1879-1882) het hy in die vorm van lesings sy gedagtes oor dié jare laat gaan. Ons is dankbaar dat ons die lesers dié voordrag sowel in Nederlands as in die vorm van 'n opsomming in Afrikaans, kan voorlê. Dié indrukke is waardevol ten opsigte van die eerste bestaansjare van Pretoria en waar dit die vroeë geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek betref.

Gedurende sy verblyf in Nederland is Stiemens deur die Driemanskap[1] teruggeroep om saam en in diens van die Boerevoormanne die herrese republiek verder op- en uit te bou. Onder superintendent ds. S.J. du Toit (1882-1888) is Stiemens as sekretaris van onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek benoem. Na ds. Du Toit se aftrede het Stiemens hom as waarnemende superintendent van onderwys opgevolg (1888-1891).

Toe die skrywer in sy studie "Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt (1881-1900)" (Pretoria, 1952) hierdie tydperk behandel het, is in hierdie publikasie 'n deel van Stie-

a) Uitbreiding van die lewenskets van Hendrik Stiemens wat deur kol. Dr. J. Ploeger gepubliseer is in "Pretoriana", deel een, nrs. 3 en 4 in Maart 1952.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mens se familiekorrespondensie met veel wetenswaardighede opgeneem.

Stiemens se laasgenoemde aanstelling was tydelik. Daar is terdeë besef dat sy ouderdom en die gebrek aan die nodige bekwaamheid hindernisse was om na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand die dringend benodigde onderwyshervorming deur te voer. Dit sou die taak van Stiemens se opvolger, prof. Dr. Nicolaas Mansvelt (1891-1900), word.

Mag veel lesers Stiemens met belangstelling op sy lewensreis in Transvaal en elders volg.

- Die skrywer

I. Lewensbeskrywing van Hendrik Stiemens (Arnhem, prov. Gelderland, Nederland, 22.3.1822-Pretoria, 25.11.1894)

1. In Nederland (1822-1856)

Hendrik Stiemens is as tweede seun van die balju Hendrik Stiemens en sy vrou, Cornelia Vermeer, op 22 Maart 1822 in die hoofstad van die provinsie Geldland, Arnhem, gebore. In Nederland het hy die bevoegdheid as onderwyser (derde klas) verwerf. Ook is hy met Hendrika Johanna van der Dussen, die dogter van 'n skoolhoof op die dorp Brummen, getroud.[2)]

Uit hierdie verbintenis is die volgende kinders gebore:

(1) Hendrik, gebore te Brummen op 26 Augustus 1842, getroud met mej. Christina Apollonia Johanna Dorothea Penning op 18 September 1873, oorlede te Aalten (prov. Gelderland) op 26 Augustus 1929. (Oud-oom van Dr. C.P.J. Penning (Harderwijk).

(2) Cornelis, ongetroud, majoor in diens van die Koninklike Nederlands-Indiese Leër. Oorlede in Ned. Oos-Indië.

(3) Johannes, getroud met mej. Hupkes. As kaptein van die Koninklike Nederlands-Indiese Leër in Oos-Indië oorlede.

(4) Anne Elie, getroud met mej. Harting. Anne Elie was 'n gepensioeneerde kaptein van die Koninklike Nederlands-Indiese Leër toe hy in Hees (naby Nijmegen) oorlede is.

(5) Carolina Gezina, getroud met mnr. F.J. Blom, oorlede in Hees. Hierdie egpaar was die ouers van mev. J. Doornink-Blom, van Leiden (Nederland).

Aangaande die eerste huwelik is, sover dit die gegewens betref wat tans beskikbaar is, weinig met sekerheid bekend.

Op 4 Mei 1855 het Stiemens op Voorburg (by Den Haag) in die huwelik getree met Adriana Zechner (of Zegner). Die bruid was op 24 Julie 1827 gebore en Stiemens is van sy eerste vrou geskei.- Sy was op Voorburg gebore.

Die kinders wat uit die egverbintenis tussen Hendrik Stiemens Sr. en sy eerste eggenote gebore is, is van Desember 1856 af deur die grootouers in Brummen grootgemaak. Terwyl twee van die kinders reeds ten huise van die grootouers woonagtig was,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het Johannes, Cornelis en Anne Elie aldaar in Desember 1856 aangekom.

Hulle het van die dorpie Voorst, by Zutfen, gekom en 'n briefie aan hul grootouers oorhandig. Daarin het gestaan "dat vader met zijn vrouw uit Nederland vertrokken en de 3 kinderen aan de hoede der grootouders toevertrouwd werden", aldus Hendrik Jr. in sy dagboek.

Uit hierdie huwelik is gebore:

(1) Frederik Caspar, ten tye van die vertrek van die egpaar na Natal 'n baba. F.C. Stiemens is later in Pretoria getroud met mej. C. Bergsma en was in die negentiger jare Sekretaris van die Departement van Naturellesake van die Z.A. Republiek.

(2) Adriana, in leeftyd onmiddellik volgend op Frederik Caspar en later die eggenote van mnr. F. Zeiler, van Pretoria.

(3) Willem Johannes. Later getroud met Jacoba Smit, 'n dogter van genl. N.J. Smit. In 1886 was W.J. Stiemens verantwoordelike klerk aan die Witwatersrand vir die plase Randjeslaagte, Langlaagte, Turffontein, Doornfontein en Elandslaagte nr. 2.

(4) Anna, gebore in Pretoria 11 Desember 1862, later getroud met Dirk Tom, wat in 1889 waarnemende landdros op Potchefstroom was.

(5) Henriette, gebore in Pretoria op 16 September 1867, later getroud met Jan Debbes, seun van 'n Amsterdamse suikermakelaar.

(6) Carolina Cornelia, gebore in Pretoria op 16 November 1869, later getroud met Roebert Gerrit Ockerse. Ockerse was in 1886 verantwoordelike klerk op die Witwatersrandse goudvelde vir die plase Paardekraal, Vogelstruisfontein, Roodepoort, Witpoortje en Luidpaardsvlei.

Die rede(s) wat daartoe gelei het dat Stiemens vergesel van sy tweede vrou en hul seun Frederik Caspar, aan die begin van Desember 1856 aan boord van die 'Prins Frederik' na Port Natal (Durban) vertrek het, is o.i. gedeeltelik bekend. Nadat die kinders uit die eerste huwelik liefdevol deur die grootouers ontvang en versorg is, het die agtergeblewenes eers jare later uit die "Almanac de Gotha" verneem dat hulle vader goewermentsonderwyser in Pretoria was. Daarna het die briefwisseling tussen Stiemens en sy oudste seun Hendrik 'n aanvang geneem.

Volgens die teks van sy lesing het 'n deel van sy lewensverhaal soos volg verloop:

Een van die kenmerke van die jong Voortrekkersamelewing in die Vrystaat en Transvaal was die nypende gebrek aan deeglik opgeleide onderwysers om die jeug te onderrig. Die Voortrekkers het meer as eenkeer pogings aangewend om hierdie toestand,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wat deur hulle as uiters ongewens beskou is, te verbeter.

In Nederland het die Voortrekkervriend prof. U.G. Lauts (1787-1865) van die begeerte van sy vriende verneem.[3] Hy was daarvoor verantwoordelik dat die Transvalers twee Nederlandse onderwysers verkry het. Hulle was Hendrik van der Linden (1826?-1880) en J.W. Spruyt (1826-1908), onderwysers wat in 1851 op Potchefstroom en Rustenburg begin werk het. Verder het 'n kerklike kommissie in Amsterdam vir die uitsending van die onderwyser W. Poen (1811-1897) gesorg. Terwyl die twee eersgenoemdes as goewermentsonderwysers in Transvaal begin het, het Poen in Lydenburg in diens van die plaaslike kerkraad begin werk. Op diē wyse kon die Transvaalse jeug in 1851 oor drie bevoegde onderwysers beskik.

Hendrik Stiemens het as gevolg van briefwisseling met die Voortrekkervriend prof. U.G. Lauts besluit om van Suid-Afrika sy nuwe vaderland te maak.

## 2. Na Suid-Afrika (1856)

Aan die begin van Desember 1856 het hy, sy eggenote en 'n baba van vier maande in Amsterdam aan boord van die fregatskip 'Prins Frederik' gegaan, nadat prof. Lauts hom teen 'n salaris van ruim £250 per jaar as onderwyser te Pinetown (Natal) aangestel het. Prof. Lauts, aldus Stiemens, het dit in sy hoedanigheid as 'n saakgelastigde vir die Boere gedoen.

Na 'n onaangename seereis het die passasiers aan die begin van Mei 1857 aan die Kaap aangekom. Die aanblik van die stad was verruklik, die verblyf van drie weke in Kaapstad besonder aangenaam. Byna was die 'Prins Frederik' by sy vertrek gestrand. Van die Kaap na Port Natal (Durban) het storms die reis onaangenaam gemaak. Kosskaarste aanboord en een kommetjie met drinkwater per dag het die reis ondraaglik gemaak.

Eindelik het die baai in sig gekom, maar van die kus is gesein dat die skip in volle see moes bly omdat 'n storm verwag is. 'n Verskriklike storm, gepaardgaande met 'n kwaai donderstorm, het die skip in 'n haglike toestand laat verkeer. Die bemanning het gesukkel om hul werk te verrig, terwyl die kaptein geen woorde van troos of bemoediging aan die wanhopige passasiers gerig het nie. Gelukkig het die storm bedaar, maar die skip is op so 'n wyse deur die golwe heen en weer geslinger dat dit ver uit sy koers geslaan is. Na veertien dae, nou onder gunstiger omstandighede, het die 'Prins Frederik' sy anker eindelik in die baai van Port Natal laat val.

## 3. In Natal (1856-1859)

Met 'n tweetal skuite is die passasiers na die strand vervoer, waar - aan die waterkant - twee ossewaens gereed gestaan het om die reisigers en hul bagasie te vervoer.

Diē reisigers wat geen plek op die waens kon kry nie, is deur Swartes na die vaste wal gedra.

Vir die meeste reisigers, onder wie Stiemens, was die be-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

stemming van die reis Pinetown, waar hulle in diens van die Nederlandse kolonis T.C. Colenbrander (1811-1881) sou tree.[4)]

'n Stewige maaltyd in Durban het die ellendes van die seereis laat verdwyn, maar 'n wrede ontnugtering het vir Stiemens gevolg. Hy het Colenbrander in Durban ontmoet, hom sy aanstellingsbrief gewys en moes daarna verneem dat dit van geen waarde was nie. In Pinetown het slegs een Nederlandse gesin gewoon en hulle het reeds 'n huisonderwyser besit.

Stiemens was teleurgestel, maar Colenbrander het aangebied dat hy die onderwyser en sy gesin sou huisves, terwyl twee Transvalers met dieselfde aanbod gekom het indien Stiemens hom mettertyd in die Oorvaal sou wou vestig. Dit was onmoontlik. Inmiddels het Stiemens besluit om afleiding in Durban te vind. Die stad, aldus ons mededeler, was nog in aanbou, orals het hulle Engels gehoor en gesukkel om hulle verstaanbaar te maak.

Kort daarna het 'n dertigtal landverhuisers per ossewa na Pinetown vertrek. Die natuurskoon het die aandag van die reisigers geboei, terwyl op die plaas van Colenbrander nog veel meer te sien was wat die aandag van Stiemens en die syne só besig gehou het dat hulle ongetwyfeld al hul leed tydelik vergeet het.

Colenbrander was besig om 'n indigofabriek op te rig, het katoenstruike geplant en in sy tuin 'n groot hoeveelheid pynappels gekweek. Later sou Stiemens verneem dat die poging van Colenbrander misluk het. Die onderneming het die staatmaker baie geld gekos, maar tot vandag toe is die naam Colenbrander aan die Natalse dorpie Nieu-Gelderland, die plek waar hy en sy familielede saam met 'n aantal Nederlandse immigrante met suikerplantasiebou begin het, verbind.

Stiemens het rusteloos begin word en besluit om van Pinetown na Pietermaritzburg te stap om daar sy geluk te beproef. Die nagtelike donker het hom oorval, hy het 'n paar uur in die ruigtes lê en slaap, maar is deur die gehuil van jakkalse en ander klein wild wakker gemaak. Hy het opgestaan, weer verder gestap en gedwaal totdat hy eindelik 'n huis gewaar en daar onderdak gekry het.

Die volgende oggend was hy vroeg uit die vere en het betreklik gou in Pietermaritzburg aangekom. Daar was hy so gelukkig om 'n paar medepassasiers van die 'Prins Frederik' te ontmoet wat hom aan 'n Afrikaner bekend gestel het. Uit sy mond het Stiemens verneem dat hy in Pietermaritzburg geen werk sou vind nie. Allereers was alles Engels en verder moes Stiemens eers met die gewoontes van sy nuwe land vertroud raak. Daarom sou dit, aldus sy segsman, die beste wees om eers boereskoolmeester te word. Die raadgewer, na wie Stiemens goed geluister het, het vertel dat sy swaer, 'n boer, in Pietermaritzburg was en waarskynlik graag 'n onderwyser vir sy kinders sou wil hê.

In die volgende woorde deel Stiemens 'n deel van die gesprek tussen die toekomstige werkgewer en die nuwe meester mee.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

"Hij: Is jij die Hollander, wat kom jij maak?
Ik: Ja Mijnheer, ik ben Hollander en ben met mijne familie hier gekomen om Afrika tot mijne woonplaats te kiezen.
Hij: Nou, ons is schaarsch van Hollanders. Jij wil schoolmeester wor nê?
Ik: Als ik goed geplaatst kan worden, ja."

Daarna het die ondersoek na die bekwaamhede van die onderwyser begin, nadat 'n Bybel te voorskyn gebring is.

"Kan jij lees?" was die eerste vraag. Nadat Stiemens bevestigend geantwoord het, is hom versoek om 'n deel uit Genesis of Eksodus voor te lees. Vervolgens is die vraag gestel of die meester kan skryf. Weer het Stiemens bevestigend geantwoord, waarop die versoek gevolg het om 'n deel van Gesang 24 te sing. Vervolgens het die versoek gekom om Psalm 25 "met draayers" te sing. Meester het nie geweet wat van hom verlang is nie, maar nadat sy ondervraer hom Psalm 25 voorgesing het, het Stiemens verklaar dat hy die kuns, om "met draayers" te sing, verstaan. Die ondersoek het bevredigend verloop en daarna is die voorwaardes vir indiensneming bespreek.

Stiemens is £3 per maand aangebied om die ses kinders van sy werkgewer te onderrig. Van ander kinders kon hy vyf sjielings skoolgeld per maand vra. Verder sou hy vry kos en inwoning ontvang, terwyl klere nie by die vergoeding ingesluit was nie.

Stiemens wou graag meer besonderhede weet en het gehoor dat hy en sy gesin weekliks 'n bok of 'n hamel, wildsvleis, meel en vet sou ontvang. "Uw vrouw kan dan banje bak en keerse maak", is daaraan toegevoeg. Toe Stiemens geantwoord het dat sy vrou dit nie kan doen nie, moes hy hoor: "Nou is dan die Hollandsche vrouwen zoo gevrot dat zij dat niet kan nie? da's aardig, dan zal mijn ou vrouw dat wel doen."

'n Paar dae later was Stiemens en sy gesin op die plaas van sy eerste werkgewer in Suid-Afrika, mnr. Marais, wat aan die Boesmansrivier gewoon het.

Spoedig het dit die onderwyser duidelik geword dat die stelsel bestaan het om kinders in te prent dat onderwysers as strafwerktuie gehuur is, pleks dat hulle as kindervriende beskou is. Die verwelkoming was buitengewoon hartlik en daarna is die besoekers met 'n "Kom nader" in die woning binnegelei. Kort daarna is die eerste Boeremaaltyd aan die gaste voorgesit. Kop, pens en pootjies, stampmielies en aartappels wat in suiker gestoof was, brood, botter en melk het uitstekend gesmaak. Kort daarna is die kliphuis besigtig. Stiemens het die kooigoed van die wa afgehaal en spoedig het die vermoeide reisigers geslaap. Plotseling is die geluid gehoor soos die gestamp van die voete van 'n regiment voetvolk. 'n Trop bokke, wat voorheen in die kliphuis oornag het, is gedwing om die hasepad te kies. Veiligheidshalwe het die verskrikte meester die deuropening toegemaak en op die skooltafel gaan slaap. Die nag het verder sonder noemenswaardige voorvalle verloop en die volgende dag het almal

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hard gewerk om die kliphuis behoorlik bewoonbaar te maak.

Die volgende dag was 'n Sondag. Van heinde en ver het vriende opgedaag om met die nuwe meester kennis te maak. Sommige mense het hul kinders, ander het biltong, aartappels of boerbeskuit gebring. Meester moes die diens lei en het 'n gedrukte preek voorgelees.

Maandag het die skool begin. Om nege-uur het die kinders opgedaag. Vrees was op almal se gesiggies. Hulle het - aldus Stiemens - gedink dat hy met die stok sou begin en met die sweep sou eindig. Dit was gewoon in dié dae, want die meeste skoolmeesters van die ou tyd was gedroste matrose, aldus Stiemens. Spoedig het die kinders ontdek dat die nuwe meester 'n kindervriend was.

Die kinders was leergierig en mnr. Marais het ook dikwels kom luister. Ses lesure per dag en vry op Saterdae en dan het Stiemens groente begin plant en blomsaad gesaai. Maar 'n strawwe haelstorm het gekom, alles verwoes en sowel meester Stiemens as mnr. Marais kon weer van vooraf begin.

Meester moes in die begin nog heelwat leer. Op 'n sekere dag het 'n jong kuiergas op die plaas verskyn. In die skool het die dogters begin lag. Meester het niks daarvan verstaan nie, maar die volgende dag het hy verneem dat Gileam en Dirkie opgesit het "tot de keers dood was".

Meester het dit as sy plig beskou om hom op ernstige wyse met Dirkie te onderhou. Sou soiets weer gebeur, dan sou hy haar verdere toegang tot die skool ontsê. Daarna het hy alles aan mnr. Marais gaan vertel. Groot was sy verbasing toe sy verhaal met gelag aangehoor is. Toe moes die onderwyser verneem dat dit die gewoonte was wanneer 'n paartjie verloof raak. Tewens was Gileam 'n ordentlike seun en Dirkie oud genoeg om te trou.

Nege maande het Stiemens sy werk in diens van mnr. Marais verrig. Daarna was die ouers van mening dat hul kinders ver genoeg gevorder was om belydenis te kan doen. Aansoeke van ander ouers het gekom en kort daarna het Stiemens en sy gesin na Mooirivier se wêreld getrek om daar, in diens van mnr. Lötter, nie alleen 'n besonder aangename tyd nie, maar ook 'n periode van verder leer en aanpas deur te bring.

Die plaas was een van die mooistes in Natal en die plaasbewoners welgesteld.

Pragtige spanne osse, volgens kleur uitgesoek en meer as 250 perde was 'n lus om te sien. Mnr. Lötter het jaarliks 50 jong perde aan die Engelse leër verkoop waarvoor hy per stuk van £25 tot £50 ontvang het. Daarby was hy 'n bedrewe stoker van perskebrandewyn. "Tant Bella" was 'n werksame, sorgsame huisvrou. Wat bak en kook betref, was sy onoortreflik. Sy het kerse gemaak, asyn vervaardig en seep gekook. Van skoenmakerswerk en kalkbrand het sy verstand gehad. Haar skape of bokke het sy soos die beste slagter geslag. Die gesin was met agt kinders geseën. Mev. Stiemens het heelwat nuttige wenke van haar gasvrou ter harte geneem. Nege maande het meester Stiemens die jeug onderrig en wanneer hy sy herinnerings aan sy verblyf

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

aldaar afsluit, dan getuig hy dankbaar:

"Nog lang zal het mij een aangename herinnering zijn de goedheid en beleefdheid gedurende ons verblijf aldaar bewezen."

In die volgende gesin was daar huislike moeilikhede, terwyl die kos ook nie te ruim toebedeel was nie. 'n Onaangename voorval het die stemming tot so 'n mate bederf dat Stiemens besluit het om te probeer om op Greytown aan die slag te kom.

Die vooruitsigte aldaar was nie te gunstig nie. Redding het gekom in die vorm van twee briewe, afkomstig van Staatspresident M.W. Pretorius en Staatsprokureur B.C.E. Proes (1831-1872). Albei het Stiemens uitgenooi om na die Overvaalse te kom.

4. Eerste goewermentsonderwyser op Pretoria (1859)

"Altijd had ik lust gehad om in dat nog woeste land te wonen," skryf Stiemens. Sy vrou het die gedagte ook toegelag om na Transvaal te gaan. Voorberei vir 'n lang reis wat volgens skatting ongeveer ses weke sou duur, was die Stiemensgesin nie. Gelukkig het hulle daarin geslaag om 'n ossewa te kry, waarvan die eienaar bereid was om hulle teen betaling van ongeveer £75 na Transvaal te vervoer.

Aan die begin van September 1859, aldus Stiemens, is die reis aanvaar. 'n Nederlandse boukundige, wat sy heil as timmerman in Transvaal wou soek, is tydens die reis oorlede nadat deur 'n ongelukkige sameloop van omstandighede 'n wawiel oor sy liggaam gegaan het. Die reis was vol avonture. Wild van alle soorte was nog volop en na 24 dae het die reisigers 'n viertal veeboere ontmoet was met hul skape op trek was om beter weiding te soek. Hulle was tewens wildjagters en volgens Stiemens "regte Enakskinderen".5)

Nadat nog 'n buffeljagter by die Vaalrivier ontmoet is, wat mev. Stiemens met 'n paar pragtige volstruisvere en buffelbiltong vereer het, het die ossewa op 11 September 1859 deur die strate van Potchefstroom gerol.

'n Nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Stiemens se loopbaan in Suid-Afrika het begin.

In Potchefstroom, in daardie dae die setel van die Transvaalse regering, is Stiemens op gasvrye wyse deur die Staatsprokureur, mnr. B.C.E. Proes, ontvang. Die Goewermentsekretaris was so bereidwillig om die nuwe onderwyser aan Staatspresident M.W. Pretorius voor te stel.

Verbasing oor die eenvoudige woonhuis van die staatshoof spreek vandag nog uit die aantekeninge van Stiemens. Hy het die President in 'n groot vertrek aangetref. 'n Kers, wat op 'n ongeverfde tafel gestaan het, het die Staatspresident en sy gade die nodige lig verskaf. President Pretorius was in 'n molvelpak gekleed, mev. Pretorius het 'n kappie gedra terwyl 'n bont doek oor haar skouers vasgemaak was.

Spoedig het die besoeker ontdek dat die Staatspresident oor 'n gesonde oordeelsvermoë beskik het. Stiemens is vrye keuse in verband met sy standplek toegestaan en hy het besluit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om Pretoria te kies. In die President se kantoor is die aanstellingsbrief opgestel en onderteken en daarna het die staatshoof die pasbenoemde onderwyser op só 'n wyse toegespreek dat dit diep indruk op Stiemens gemaak het.

Die salaris is op £90 per jaar vasgestel, waarby die opbrengs van skoolgeld gevoeg is. Die volgende dag is nader met die Staatspresident kennis gemaak, terwyl Potchefstroom besigtig is. Dit was, aldus Stiemens, 'n mooi dorp wat uit ongeveer 30 tot 40 huise bestaan het. Die meeste huise was winkels waarin baie handel gedryf is.

Nadat die onderwyser en sy vrou die nodige padkos gekoop het, is hulle per ossewa na Pretoria. Onder gewone omstandighede was dit 'n reis van drie dae, maar die wadrywer het dikwels uitgespan. Stiemens het die oponthoud nie betreur nie, die ossewa het van plaaswoning tot plaaswoning gery, orals is nuwe indrukke versamel en na sewe dae het die reisigers in Pretoria aangekom.

5. Die eerste jare in Pretoria

'n Paar jaar na die stigting van Pretoria het die eerste goewermentsonderwyser sy verskyning gemaak in 'n klein dorpie wat later tot 'n groot stad sou uitgroei. In 1859 was daar 'n kerk, 'n kantoor, twee winkels en drie woonhuise. Naby die jong dorpie was 'n paar plaaswonings. Die handjievol inwoners was bly om 'n onderwyser in hul midde te hê en het hulle beywer om die nuwelinge onderdak te verskaf. Stiemens en sy vrou en baba het hul intrek in 'n klein, maar gerieflike huis op een van die plase geneem. Saans is meel, vleis en ander benodigdhede ongevra gebring. Dit het die verhouding besonder veraangenaam, maar aan die ander kant moes die meester en sy vrou heelwat ontbeer wat hulle in Nederland as vanselfsprekend beskou het. Mev. Stiemens moes brood bak en seep en kerse maak, meester Stiemens was verplig om sy eie skoene te maak en te herstel. 'n Skoolgebou was nie aanwesig nie, maar spoedig het behulpsame en vaardige hande 'n bestaande hartbeeshuisie in 'n skool verander. Tafels en skoolbanke is gemaak en binne 'n week was die nuwe meester deur 'n twintigtal leerlinge omring.

Tydelik het die hartbeeshuisie goeie dienste bewys, maar Stiemens het op die bou van 'n skool aangedring. Weer het hy nie vergeefs 'n beroep op die Pretorianers gedoen nie. Van al kante het hulp en steun opgedaag. Die een ouer het stene gebring, die ander het met gras vir die dak gekom, 'n paar het kalk gebrand, weer ander het klei en sand gebring, terwyl die beter bemiddeldes hul bydraes in die vorm van geld gegee het. Na drie maande was 'n uitstekende skool gereed, 'n gebou waarin Stiemens 'n sestigtal kinders onderrig het. Hoe begerig die ouers was om hul kinders aan 'n opgeleide onderwyser toe te vertrou, blyk uit die mededeling dat sommige boere dorpwaarts gekom het om hul kinders in die geleentheid te stel om onderwys te ontvang. Hulle het hartbeeshuisies gebou en tydelik daarin gewoon om hul kinders in staat te stel om te leer.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Meester Stiemens het ook nog ander werksaamhede verrig. Op Sondae moes hy in die eenvoudige kerkie op die teenwoordige Kerkplein die godsdiensoefeninge lei, terwyl maar al te dikwels ouers gekom het om 'n ou horlosie of 'n groter uurwerk te laat herstel. Volgens hulle was die nuwe meester in alles bedrewe. Wanneer hy die teenoorgestelde beweer het, dan was hulle nie daarmee tevrede nie. Soms moes die ou Bybels in 'n nuwe band gesteek word, dan was Stiemens weer bedrywig om testamente op te stel. In die laaste geval was die vergoeding £1 vir elke testament wat hy opgestel het.

Uit die volgende mededeling blyk wat sommige ouers as doelstelling van die onderwys beskou het. Eendag het 'n moeder haar agtienjarige seun skool toe gebring. Die seun kon nie lees nie en Stiemens het besluit om sy nuwe leerling te leer spel. Dit was nie volgens die smaak van die moeder nie, wat 'n Bybel saamgebring het. Haar kommentaar was: "Nee, hy mot maar net nou in de boek lees, hy mot lidmaat wor' hy wil bietjie gaan trouw", aldus Stiemens in sy beskrywing.

Kort daarna is Stiemens in staat gestel om 'n eie huis te koop. Die vorige eienaar, wat 'n nuwe woning gebou het, het egter die deure uit sy ou huis verwyder. 'n Skrynwerker was onbekend in Pretoria en bygevolg was Stiemens verplig om eiehandig deure te maak.

Geselligheid was 'n kenmerk van die outydse samelewing in Pretoria. Wanneer saans 'n geweerskoot by 'n woning geknal het, dan was dit die teken vir die dorpsgenote om daar te gaan kuier. Almal is gasvry onthaal, want - soos Stiemens dit gestel het - almal was burgers van die Republiek en almal het soos kinders een huisgesin saamgeleef.

Terwyl die oueres gesels het, het die jonger geslag so 'n aangename aand dikwels met 'n dans afgesluit.

Ruimte was daar vir almal, grond was volop. Wie voor 1859 in Transvaal kom woon het, was vry om twee plase volgens sy eie keuse uit te soek; wie later verskyn het, was op een plaas geregtig. Die eienaar was verplig om vir elke plaas jaarliks £1 belasting te betaal. Plaasregte het dikwels van eienaar verwissel. Stiemens maak melding van 'n bottel perskebrandewyn, terwyl hy persoonlik op dié wyse 'n plaas vir 'n ou silwer horlosie gekry het, 'n plaas wat hy ses jaar later vir £150 verkoop het.

Stiemens se skool het aanvanklik in 'n bloeiende toestand verkeer. In oorleg met die Staatspresident het hy besluit om, behalwe lees en skryf, ook ander leervakke soos aardrykskunde en rekene te onderwys.

Die eersgenoemde nuwe vak sou sy skool spoedig ernstig in die gedrang bring. Toe die meester die vraagstuk van die draaiing van die aarde ter sprake gebring het, het die ouers daarin die leer van die Antichrist gesien, met dié gevolg dat aan die einde van dieselfde maand van die tagtig leerlinge nog slegs 'n dosyn oorgebly het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

6. Stiemens na Soutpansberg en Panda. Besoek aan Mosjesj

Op hierdie tydstip het 'n wending in die staatsake in Transvaal die onderwyser tydelik uit sy netelige posisie verlos. Staatspresident M.W. Pretorius is met meerderheid van stemme as staatshoof van die susterrepubliek gekies. In die Zuid-Afrikaansche Republiek is Stefanus Schoeman as waarnemende Staatspresident aangestel. Hy het Stiemens versoek om teen 'n salaris van £200 per jaar as Staatsekretaris op te tree, 'n aanbod wat aanvaar is.

Deur bovermelde benoeming aan te neem het Stiemens van nou-af ten nouste met die Transvaalse politieke wrywings van sy tyd in aanraking gekom. Die posisie van Schoeman was van die begin af moeilik, aangesien die (enkel) Gereformeerdes, onder leiding van die latere Staatspresident Kruger, hul ontevredenheid oor die aanstelling van Schoeman nie weggesteek het nie, aldus Stiemens. Alvorens Stiemens die verloop van hierdie stryd skets, wy hy sy aandag aan 'n tweetal reise wat hy saam met Schoeman onderneem het. Die eerste reis was na Soutpansberg, vanwaar die regering klagtes ontvang het as sou die Blankes die Swartes op barbaarse wyse behandel het. Dit het geblyk dat 'n klein aantal Blankes krale aangeval en vee van die Swartes gesteel het. Schoeman, sy seun en Stiemens het met 'n tagtig stamhoofde vergader, maar die skuldiges was nie van plan om hulle aan die straffende hand van die gereg te onderwerp nie. Hulle het 'n poging aangewend om die kommissie van ondersoek te verja, 'n poging wat misluk het. Later het die Swartes self die wet in eie hande geneem, aldus Stiemens.

Soutpansberg was in diē dae 'n belangrike handelsentrum. Olifantstande, waarvan sommige meer as 120 pond geweeg het, is vir krale en koperringe verruil.

Kort voor die terugreis aanvaar is, het 'n Baster, wat deur die besoekers as veldkornet oor 'n aantal Swartes aangestel was, een van sy seuns gebring en Stiemens versoek om hom in Pretoria te probeer opvoed en as kinderoppasser te gebruik. Stiemens het aanvanklik geweier, maar die segsman het verklaar dat hy ongeveer veertig kinders besit en dat hy hulle nie almal kan kos gee nie. So het "Silo Vela" na Pretoria vertrek. By dieselfde geleentheid het 'n bediende van die Portugese konsul in Soutpansberg met 'n klonkie gekom wat 'n kaartjie om die hals gedra het, waarop geskryf was "Present voor den Heer Stiemens". Sŏ het "Silo Vela" en "Present" na Pretoria verhuis. Terwyl eersgenoemde die gesin geruime tyd gedien het, het "Present" betreklik gou van eienaar verwissel.

Terug in Pretoria moes Schoeman ontdek dat alles in rep en roer was. Die teenparty was baie bedrywig, maar dit is noodsaakliker geag om eers na Wakkerstroom en Zoeloeland te gaan. Oproerigheid en die wenslikheid om 'n verdrag met Panda te sluit oor St. Luciabaai is as belangriker aangeleenthede beskou. Deur St. Luciabaai te verwerf sou die Transvalers oor 'n eie hawe beskik. Daardeur sou hulle duisende ponde invoerregte bespaar,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

maar tewens onafhanklik van die Brits-beheerde hawens in Suid-Afrika wees. President M.W. Pretorius sou, namens die Vrystaat, terselfdertyd sy opwagting by Panda maak.

Schoeman, Stiemens en die Staatsprokureur het op reis gegaan, terwyl die bewind aan twee lede van die Uitvoerende Raad oorgelaat is. Na vyf dae het die geselskap op Wakkerstroom aangekom, waar hulle President M.W. Pretorius en 'n paar Vrystaatse Raadslede ontmoet het. Gesamentlik het die twee groepe na Panda se stat vertrek. 'n Boodskapper is gestuur, maar Panda (1810-1872) het laat verstaan dat hy eers die volgende dag die Boere sou kan ontvang. As bewyse van sy vredeliewende bedoelings het hy 'n wit os en 'n swart skaap gestuur.

Die volgende dag is die geselskap na Panda se verblyfplek gelei, wat deur 'n groot aantal strooise omring was waarin sy vroue gewerk het. Voor Panda se verblyfplek was 'n groot paal opgerig waaraan 'n aantal ossterte gehang het as tekens van sy koninklike waardigheid. Van 'n smous het die Transvaalse afgevaardigdes tydens hul reis 'n paar lang stawe gekoop soos diê wat deur tamboer-majoors van 'n orkes gedra word. Panda was besonder in sy skik met een van hulle wat hom as geskenk aangebied is.

Na die gewone begroetingsplegtighede het 'n tolk die wense van die besoekers kenbaar gemaak. Aan Panda is verklaar dat die Boere vergunning wou hê om 'n pad na die baai aan te lê en toestemming om St. Luciabaai te beset.

Panda het voorlopig sy medewerking beloof en die Boere versoek om twee dae later op 'n vergadering te verskyn. Verder het hy in die vooruitsig gestel om die besoekers op 'n krygsdans te onthaal.

In die geheim het hy versoek dat die Boere hom sou help om te belet dat Cetshwayo (1826-1884) sy opvolger sou word. Die seun, wat hy as sy opvolger aangewys het, het gevlug. Panda sou graag wil hê dat die Boere hom onder hul beskerming sou plaas.

Twee dae later het die byeenkoms plaasgevind. 'n Geselskap van ongeveer twintig Blankes, wat in die geheim goed bewapen was, het Panda en 'n groot aantal indoenas ontmoet. Ofskoon 'n klein aantal van hulle, met Cetschwayo as segsman, besware gekoester het, het die oorgrote meerderheid die versoek van die Boere goedgekeur. Woeste krygsdanse het gevolg en nadat die besoekers weer 'n wit os en 'n swart skaap aangebied is, is die terugreis aanvaar. In die Wakkerstroomse gebied is 'n aantal rowende en stropende Boesmans opgespoor en daarna is die Transvalers en Vrystaters op pad Bloemfontein toe. Stiemens het in President Pretorius se muilewa gereis.

In Bloemfontein is die Transvaals-Vrystaatse grensgeskil opgelos en daarna kennis gemaak met George (1835-1915), 'n seun van Mosjesj (1786-1870), wat op Europese wyse gekleed was en vloeiend Engels gepraat het. Hy sou die geselskap na sy vader se stat begelei om daar die verhouding tussen Mosjesj en die Transvalers en Vrystaters te bespreek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Mosjesj is deur Stiemens beskryf as 'n "grijze dikke kaffer". Die reeds genoemde George, wat nou sy Europese klere met dié van sy stam verwissel het, het uit naam van Mosjesj gepraat. Die samesprekings het in 'n huis plaasgevind, waarin Mosjesj en sy raadgewers aanwesig was. Op 'n misvuur het 'n ketel gestaan waarin koffie gemaak is wat byna ondrinkbaar vir die besoekers was.

Om die besoekers 'n indruk van sy mag te gee, het Mosjesj sewe berede regimente laat aanruk, van wie die meeste ruiters met onbruikbare geweers bewapen was. Miskien as gevolg daarvan het die besoekers alles kalm en sonder enige spoor van opwinding of verleentheid aanskou.

Mosjesj het, by monde van George, sy bereidwilligheid getoon om verdrae met die Transvaalse regering te sluit. Hy het beweer dat dit vrede tussen hom en die Vrystaters was. Bygevolg was verdrae oorbodig. Van Boerekant is die voorstelle verwerp. Mosjesj het verneem dat die twee state saamwerk en afsonderlike ooreenkomste nie gesluit kan word nie.

7. Stiemens en die Burgeroorlog (1862-1864)

Oor Winburg en Kroonstad het Schoeman en sy reisgenote na Potchefstroom gegaan. Daar moes hulle verneem dat, tydens hul afwesigheid, die teenstanders die Goewermentskantoor in Pretoria beset en krygswet afgekondig het.

Schoeman en die syne het 'n byeenkoms belê en 400 burgers het by dié geleentheid beloof om na Pretoria te gaan en die teenstanders te verdryf. Na die byeenkoms het Schoeman en die ander lede van sy geselskap in alleryl na Pretoria gery. Wel was almal bevrees, maar die toestand was minder gevaarlik as wat verwag is. Die Goewermentskantoor is weer deur hulle in besit geneem ...

Nuwe beroering is verwek deur 'n besluit van die Sinode van die (enkel) Gereformeerde Kerk in Transvaal wat volgens Stiemens besluit het om die owerheid te versoek om hul leraar, ds. D. Postma (1818-1890), uit die Staatskas te salarieer.

Daar is afwysend oor dié versoek beskik en daarna is die Regering laat verstaan dat 'n gewapende mag sou verskyn om Schoeman en sy aanhangers uit Pretoria te verdryf. 'n Boodskapper is na Potchefstroom gestuur om die 400 burgers daar te versoek om hulp te kom verleen.

'n Aantal ondersteuners van Schoeman het hulle inmiddels in sy woning verskans, 'n gelaaide kanon voor die deur opgestel en daarna 'n afwagtende houding ingeneem. Inmiddels het die vyandelike geledere aansienlik aangegroei. Die Goewermentskantoor het weer van besitter verwissel en daarna is 'n afgesant van die teenparty gestuur om die sleutel van die gebou te kom haal. Hy het 'n weierende antwoord ontvang en het vervolgens verklaar dat Schoeman en sy aanhangers as oproermakers en rebelle beskou en onder arres geplaas sou word.

Volgens Stiemens was veertien weerbare mans in die weiering betrokke, maar hulle was vasberade om 'n stryd op lewe en dood

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

teen die oormag aan te bind wat ongeveer 600 man sterk was. Tot die middag van die dag van die weiering het alles rustig verloop. 'n Hollander, wat hom van die Schoemangroep wou verwyder, is gevange geneem. Stiemens se eggenote wou na haar woning terugkeer om moontlike plundering te voorkom. 'n Ander Hollander het aangebied om haar te begelei, maar is ook gevange geneem. Mev. Stiemens het by haar huis aangekom. 'n Verwagte aanval het inmiddels uitgebly waarop Stiemens, wat met 'n rewolwer gewapen was, besluit het om huis toe te gaan om daar sy gesin te beskerm. Die vyand het hom ongehinderd laat gaan. Stiemens, wat baie vermoeid was, het gaan slaap, maar is kort daarna deur sy vrou wakker gemaak met die mededeling dat 'n menigte by die huis saamdrom.

Die agterdeur van die huis is oopgebreek en voordat Stiemens kans gekry het om sy klere aan te trek het 'n dertig- of veertigtal van sy vyande die huis binnegedring en hom na die vyandelike laer oorgebring waar hy in die blok toegesluit is.

Die twee Hollanders wat reeds vroeër die dag gevange geneem is, was sy maats. Die volgende dag het aangebreek. Die gevangenes is na die skoolgebou oorgebring en weer in die blok toegesluit. Daar het hulle verneem dat Schoeman en 'n paar van sy aanhangers in die loop van die dag na Potchefstroom vertrek het. Eers is die geselskap in die blok met nog drie en die volgende dag met twee gevangenes vermeerder. Die blok was nou vol en op bevryding was geen kans nie, ookal omdat die vyand 500 manskappe na Potchefstroom gestuur het en heer en meester was.

Die gevangenes het, terwyl hulle in die blok toegesluit was, onaangename dae deurgebring. 'n Paar gevangenes het tydelik die moed verloor, maar die meeste het volhard. 'n Transvaler het aan Stiemens gesê: "Ou meester ik zal die skandaal nie vergeet nie ik zweer ver jou as ik kom los ik zal een van die krijgsraad skiet".

Later sou hierdie Transvaler bewys het dat hy geen slaaf van sy woord was nie. Hy het, tydens die gewapende botsing by Krokodilrivier, wraak geneem.

Agt dae nadat Stiemens gevange geneem was, moes die gevangenes voor die krygsraad verskyn. Hulle kon na die aanklagtes luister, maar is nie in die geleentheid gestel om te antwoord nie. Dieselfde aand het 'n geheime boodskap Stiemens bereik. Indien hy na sy vyande sou oorloop, dan sou hy in vryheid gestel word en sy nuwe meesters as sekretaris kan dien. Met verontwaardiging het Stiemens die aanbod, wat volgens hom van die krygsraad afkomstig was, verwerp.

Die volgende oggend het die gevangenes weer voor die krygsraad verskyn. As hoof van die rebelle is Stiemens toegelaat om die krygsraad, onder voorsitterskap van S.J.P. Kruger (1825-1904), toe te spreek. Stiemens het in sy pleidooi 'n beroep op die menslikheid en godsvrug van die latere Staatspresident gedoen. Daarna is die gevangenes weer na hul tydelike verblyfplek teruggevoer om na 'n halfuur hul vonnisse te verneem.
Die drie hoofbeskuldigdes, onder wie Stiemens, het verneem dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

al hul besittings in beslag geneem is, hulle sou oor die grens gesit word en is voëlvry verklaar. Een en ander moes binne sewe dae ten uitvoer gebring word. Hulle kon nog kies tussen sewe dae huisarres en volledige bewegingsvryheid teen £30.

Stiemens het geweier om die dertig pond te betaal, ses ander veroordeeldes het sewe dae bewegingsvryheid bo huisarres verkies. Vervolgens het die oorwinnaars na Potchefstroom vertrek waar die staat van beleg afgekondig is.

Aanvanklik het Schoeman en die syne teen 'n oormag stand gehou, maar later die aftog geblaas. Schoeman, wat inmiddels ook voëlvry verklaar was, het na die oorkant van die Vaalrivier uitgewyk en Stiemens laat verstaan om vir beraadslaging oor te kom en te probeer om die vryheid te herwen.

Stiemens se sewe dae was verby en feitlik sonder besittings het hy na die Vaalrivier vertrek om daar, op Vrystaatse grond, onderdak by familielede van Schoeman te kry. Sy vrou en drie kinders het in die distrik Heidelberg agtergebly. Ongeveer twee maande het Stiemens in ballingskap deurgebring, maar van verandering van die staatkundige verhoudings in Transvaal was daar geen sprake nie. Omdat hy niks van sy gesin verneem het nie, het hy besluit om ten spyte van die feit dat hy voëlvry verklaar was, hulle op Transvaalse grond te gaan besoek. Sy plan was om saam met sy gesin in die Vrystaat te vertoef, sodat die gesin ten minste weer verenig sou wees. Die boer, by wie die gesin verblyf gehou het, het opdrag gekry om met 'n ou wa tot in die middel van die Vaalrivier te ry. Daar was die grens tussen die twee republieke en vandaar moes die gesin deur die water stap om die oorkant te bereik.

'n Vrystaatse boer, 'n sekere Senekal, het die bannelinge eers gehuisves en hulle vervolgens na die tydelike verblyfplek van Schoeman vervoer. Die lewe was vol moeilikhede. Verskeie sierade moes verkoop word om die nodige te kry en vriende aan die oorkant van die Vaalrivier het berigte gestuur wat nie hoopvol vir 'n spoedige bestuursverandering was nie. Te midde van hierdie ellende het 'n afvaardiging van Mosjesj verskyn wat uit twee van sy seuns bestaan het. Hulle het aangebied om 6000 strydbare Swartes te lewer as hulptroepe om weer aan die bewind te kom. Daarna sou Schoeman en die syne hulle moet bystaan in 'n oorlog wat hulle teen die Vrystaters wou begin. "Hoe ellendig wij het ook hadden, was er volstrekt geen sprake van aan dit verraderlijk voorstel gevolg te geven," aldus Stiemens in sy aantekeninge.

Die besoek van die afvaardiging het rugbaar geword en van vyandige Transvaalse kant is die Vrystaatse regering laat verstaan dat Schoeman en die syne met Mosjesj wou saamwerk. 'n Vrystaatse kommando is uitgestuur om Schoeman, sy seun en Stiemens aan te keer. Hulle het besluit om in spelonke weg te kruip.

'n Patrollie het wel in die nabyheid gekom, maar niks bespeur nie. Daarna was die grootste gevaar voorlopig verby. Tog het Schoeman en Stiemens dit raadsaam geag om tydelik na 'n eensame streek te trek. Daar het hulle 'n hartbeeshuisie gebou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en op blesbokvleis en vis geleef. Die nood het weer hoër geklim en die Vrystaatse regering was nog steeds van plan om die bannelinge gevange te neem.

Behoorlike kleding het begin ontbreek en wanneer die kleinspan vir kos gevra het, was daar niks om vir hulle te gee nie. Stiemens het moed begin verloor, maar sy vrou het hom weer moed ingepraat om nie tot oorgawe oor te gaan nie.

Berig is aan die reeds genoemde Senekal gestuur om hulp te verleen. Hy het sy seun met 'n wa gestuur en 'n ou huis, wat hy en sy gesin so pas ontruim het, aan Stiemens en sy gesin aangebied. Stiemens het die klein Senekals onderwys begin gee en kon met dankbaarheid waarneem dat sy dierbares weer enigsins al die ontberings te bowe gekom het.

Schoeman en die syne kon dit ook nie langer uithou nie en kort daarna het almal weer onder een dak gewoon.

Die rus is weer versteur toe 'n Vrystaatse patrollie opgedaag het om die bannelinge na Bloemfontein oor te bring. Die kommandant wat van die valse aantygings verneem het, aldus Stiemens, het geweier om sy opdrag uit te voer. Hy het Schoeman en die ander bannelinge aangeraai om vrywillig na die Vrystaatse hoofstad te gaan om daar verantwoording af te lê.

Met 'n perdekar is die reis onderneem, maar die vertrek het aan die oorkant van die rivier bekend geword. 'n Transvaalse mag het die agtervolging begin, maar die reisigers nie ingehaal nie. In Bloemfontein het hulle hul saak in hande van die Uitvoerende Raad gelê. Almal is vrygespreek en is van 'n aantal begeleiers voorsien wat hulle na hul gesinne teruggebring het.

Weer het ook dié berig oor die Vaalrivier gegaan. Binne veertien dae het die bannelinge verneem dat ongeveer 200 weerbare mans in Potchefstroom versamel het om Schoeman en Stiemens, saam met hulle gesinne, weer na Pretoria te bring. Toe Stiemens in Potchefstroom aangekom het, het hy ongeveer 400 burgers aangetref. Die teenparty het die plan probeer verydel, 'n skermutseling het gevolg waarin Schoeman se mag 35 krygsgevangenes gemaak het. Hulle is ontwapen en sonder hul perde weer vrygelaat.

Langsaam het die opmars na Pretoria begin. 'n Aantal waens het die snelheid van die opmars vertraag, 'n krygsraad is benoem, 'n kommandant-generaal aangewys en kort voor die aankoms in Pretoria het die krygsmag tot ongeveer 600 ruiters en 200 voetgangers aangegroei.

Die intog in Pretoria het in die volgende volgorde plaasgevind. Aan die voorpunt was die ruiters, daarop het 'n kanon gevolg, daarna die voetgangers en ten slotte die waens.

Die vyand, wat so 'n gedugte mag nie verwag het nie, het dit veiliger geag om die aftog te blaas. Vreugdeskote het in Pretoria geknal, die vlag is gehys en Stiemens het weer intrek in sy woning geneem, nadat hy onmiddellike ontruiming deur die teenwoordige bewoners gelas het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die vyand het inmiddels aan die Krokodilrivier stelling ingeneem en laer getrek. Tot laat in die nag het Schoeman en die syne krygsraad gehou. Besluit is om die vyand aan te val. In dieselfde volgorde waarin die troepe in Pretoria verskyn het, is hulle die volgende oggend die vyand tegemoet. Stiemens skets dan die verloop van die stryd soos volg. Op ongeveer 2000 tree het 'n vyftigtal ruiters, sonder om op bevele te wag, die vyand tegemoet gery. Onder hulle was een van Stiemens se blokgenote, 'n sekere Minnaar wat tydens sy gevangeskap verklaar het dat hy die dag van afrekening nie ongestraf sou laat verbygaan nie. Minnaar het van sy perd geklim en 'n vyandelike offisier en 'n burger, wat hom in Pretoria gevange geneem het, doodgeskiet. Die stryd het ontbrand en spoedig was 18 burgers gesneuwel en verskeie gewond. Aan weerskante kon vlugtendes opgemerk word, onder wie die artilleriste van Schoeman se ondersteuners, behalwe die offisier. Stiemens het hom gehelp om die kanon te bedien. By die tweede kanonskoot was die vyandelike geskut buite werking, terwyl twee burgers deur 'n kanonkoeël hul einde gevind het.

Daarna het albei groepe strydendes na hul laers begin vlug. Skote het nog geknal, maar die afstand was te groot. Minnaar was onder die laastes wat teruggekom het. Aan Stiemens se kant was, soos hy vermeld, ook 'n Fransman. Aan weerskante is die wit vlag gehys, waarop die gesneuweldes en gewondes gehaal is. Aan die kant van Stiemens en sy medestryders was ses gesneuweldes en veertien gewondes, van wie later nog twee oorlede is. In die daaropvolgende byeenkoms van die krygsraad is, ondanks die protes van Stiemens en 'n paar ander, besluit om die bloedvergieting te staak. Uit protes het Stiemens en sy ondersteuners as lede van die krygsraad bedank. Schoeman en sy seun en Kruger was volgens Stiemens nie by die geveg aanwesig nie.

Daar is vrede gesluit en tot die verkiesing is W.C. Janse van Rensburg (1818-1865) as staatshoof aangewys. Die verlede moes begrawe word en daarmee was Stiemens sy huis en ander besittings kwyt. Dit het hom só gegrief dat hy besluit het om hom as amptenaar aan die Staat te onttrek en as boereskoolmeester op te tree.

Die verkiesing het gekom en daarmee het President M.W. Pretorius, wat sy bedanking as Vrystaatse staatshoof ingedien het, die leiding in Transvaal oorgeneem.

Die land was in 'n chaotiese toestand en in skulde gedompel. Amptenare het geen salarisse ontvang terwyl muntbiljette uitgereik is sonder dat daar van dekking sprake was van staatsweë.

Staatspresident Pretorius het Stiemens versoek om as sy sekretaris op te tree, maar Stiemens wat - om sy eie woorde te gebruik - "genoeg van de politiek" gehad het, het vir die eer bedank. Wel het hy die pos van goewermentsonderwyser aangeneem. 'n Oplossing is gevind om hom vir verliese wat hy tydens die woelings gely het, te vergoed.

Die vredesooreenkoms het nie toegelaat dat Stiemens enige betaling kon ontvang nie. Die Volksraad het egter besluit om

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

aan mev. Stiemens, wat aan alles onskuldig was, 'n bedrag van £1.00 te betaal om op haar naam 'n nuwe woonhuis te laat bou.

8. Van 1869 tot 1879 (word vervolg).

Verwysings

1) Die hier bedoelde Driemanskap of Triumviraat het bestaan uit S.J.P. Kruger, visepresident tydens die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), P.J. Joubert, kommandant-generaal tydens die ZAR, en M.W. Pretorius, oud-Staatspresident van die ZAR. Die Driemanskap het opgetree as voorlopige regering van die Transvalers wat in Desember 1880 in opstand teen die Britse bewind gekom het. Dit is beëindig by die verkiesing van S.J.P. Kruger tot Staatspresident van die herstelde republiek in 1883. (Verwysing van C. de Jong.)

2) Jan Ploeger, "Nuwe gegewens aangaande Hendrik Stiemens, 1822-1894", in "Historia", jaargang 4 no. 1, Maart 1959, p.89. Voetnote is by dié artikel aangebring en in hierdie onderhawige bydrae nie herhaal nie. Bykomende gegewens in dieselfde verband is aanwesig in: J. Ploeger, "Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J.P. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881-1900", in "Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis", jaargang 15 deel een, veral hoofstukke IV tot en met VI; voorts J. Ploeger in "Africana Aantekeninge en Nuus", deel IX no. een, Johannesburg, Desember 1951; meer besonderhede in AAN deel X; ook J. Ploeger, "Herinneringe van Hendrik Stiemens, 1856-1879", in "Hertzog-Annale", S.A. Akademie, Pretoria, Desember 1956, p.119-156; J. Ploeger en J.C. Vlok, in "YSKOR-Nuus", Pretoria, Januarie en Februarie 1951; J. Ploeger in "Pretoriana", jaargang een, nos. 3 en 4, beknopte weergawe. (Verwysing van J. Ploeger.)

3) J. Ploeger, "Ulrich Gerhard Lauts, die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers", in "Historiese Studies", jrg. 2, p.43 (Pretoria); die skrywer vermeld daarin verkeerdelik dat Stiemens in 1888-1889 Waarnemende Superintendent van Onderwys in die ZAR was; die jaartalle moet wees 1888-1891. J. Ploeger, "Professor U.G. Lauts, 1787-1865, werksaamhede en skakeling met Pretoria", in "Pretoriana", no. 92, November 1987, p.53-55. (J. Ploeger)

4) Kyk "Brieven uit en over Natal door een Nederlander - met 'n nuwe voorwoord en verklarende aantekeninge deur C. de Jong", faksimileeheruitgawe van die uitgawe in 1856 deur die Staatsbiblioteek te Pretoria in 1978; die Nederlandse briefskrywer in die titel is Theodorus Christiaan Colenbrander; die portret vooraan in die heruitgawe is aangedui as die portret van Theodorus C. Colenbrander, maar dit is onjuis; die portret is van sy broer Johannes in Nederland woonagtig. (C.d.J.)

5) Enakskinders of Enakiete was 'n volk van reuse in die oë van Israel; hulle het Kanaän voor Israel bewoon; kyk Josua 14 vers 15 en 15 vers 13. (G.d.J.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*President Thomas François Burgers temidden van "Burgers Hollanders"*
*Voorste ry van links na regs: N.J.R. Swart - President T.F. Burgers - E.J.P. Jorissen - J.J. Meintjes*
*Agterste ry van links na regs: W.J. van Gorkom - H.C.Bergsma - H. van Breda - H. Stiemens - R. baron de Selys de Fanson - Thedoor Tromp*
*Foto Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE VICTORIABRUG

deur Anton Jansen

Die Stadsraad van Pretoria soek inligting oor die sogenaamde Victoriabrug oor die Apiesrivier in Jacob Marêstraat. Ek het nie baie gegewens nie, maar wat ek het, volg hier.

Die "Publieke Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het 'n "Register van Bestekken 1887-1899 PW 302" gehad. 'n Bestek is 'n beskrywing met volle besonderhede van 'n uit te voere werk - in Engels: building specification.

Die heel eerste bestek in die register lui soos volg:

Bestek No. 1
Omschrijving, Aard en Plaats van het Werk: Twee bruggen over Aapjesrivier te Pretoria, een in Kerkstraat-O. en een in Marê-straat-O.

Aantal Tekeningen: 1
Datum Tekeningen: 9 November 1887
Datum Bestek: 9 November 1887
Uitvoering Onderhoud: Verlenging 1 Oktober 1888
1 Julie 1888 - 4 maanden
Datum Contract: 11 April 1888 No 5
Aanneming Som: £1499.00.00
Naam van de Aannemer: J.J. Kirkness, Johannesburg
Minute No. R7036/87

Uit bogenoemde kan dus opgemerk word dat J.J. Kirkness op die twee brûe getender het en suksesvol was. As gekyk word na die tenderbedrag, dan kan dit nie groot brûe gewees het nie, want vir £750.00.00 per brug kan 'n mens nie veel brug kry nie.

Ses jaar later bou Kirkness die Arcadia- of Leeubrug soos hy min of meer nou daaruit sien, vir £10880.00.00, dus 14 keer duurder.

In elk geval is die eerste brug in Jacob Marêstraat deur Kirkness gebou. Voordat egter met die bou begin word, skryf Wierda (Goewerments Argitek en Ingenieur) op 6 Desember 1887 aan die Landmeter-Generaal die volgende brief:

"Naar aanleiding van een onderhoud met den Landdrost heb ik de eer U te verzoeken ter plaatse van Meintjesdrift en in 'Lovers Walk' de richting der straten over Aapjesrivier in de richting der rivier zelven te willen uitbakenen".

Let op dat Wierda nie van Arcadia of Leeubrug praat nie, maar van Meintjesdrif. Marêstraat noem hy Lovers Walk in aanhalingstekens.

Op dieselfde dag skryf die "Landmeter Generaal" 'n nota aan die "Staats Secretaris" .... "dat het midden van Kerk- en Marê Straat ook het midden der bruggen moge (worden?)".

Dus Meintjesdrif is gelyk aan Kerkstraat en Lovers Walk is gelyk aan Marêstraat.

Uit my argiewe weet ek dat die brug by Meintjesdrif hopeloos

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te klein was en dat in 1893 die nuwe groter brug daar gebou is, nadat dit deur stormvloed elke keer beskadig word. Gevolglik kan ons aanneem dat die Marêstraatbrug dieselfde lot ondergaan het.

Wanneer is die groter brug in Marêstraat gebou en wanneer en hoekom het hy sy naam as Victoriabrug gekry?

Ten slotte nog 'n aanhaling uit Wayfarer se rubriek in "Pretoria News" van 31 Augustus 1972: "... 'I did some years ago', said Herman Rex and handed me a booklet he had written about bridges and the planning done by Sytze Wopkes Wierda, the Transvaal Republic government engineer and architect.

The Pretoria City Council has a copy of the booklet in its files.

I wonder how many Pretoria City Councillors have read Herman Rex's booklet. He has recorded the history of every bridge built over the Apies River."

Julie 1976

## DIE LEEUBRUG

deur Anton Janssen

Waar tans die bekende Leeubrug in Kerkstraat-Oos staan was daar in die sestigerjare van die vorige eeu 'n drif deur die Apiesrivier wat bekend was as Meintjesdrift, genoem na Stephanus Jacobus Meintjes wat die eienaar was van die plaas Arcadia.

S.W. Wierda begin op 1 November 1887 vir die Zuid-Afrikaansche Republiek te werk as "Gouvernements Ingenieur en Architekt". Een van sy eerste take was om die ontwerp van twee brûe oor die Apiesrivier aan te pak. Die omskrywing van die projek was as volg:

"Twee bruggen over Aapjesrivier te Pretoria, een in Kerkstraat-O. en een in Marêstraat-O. Bestek No. 1. Aantal Tekeningen 1. Datum Tekeningen: 9 November 1887 (dus 9 dae na Wierda se ampsaanvaarding). Datum bestek: 9 November 1887".

'n Ander beskrywing was: "Contract wegens het bouwen van twee bruggen over de Aapjes Rivier met annex werken te Pretoria."

'n Kontrak (Contract No. 5, Minute No. R.7036/87) is aangegaan tussen S. Wierda, "voor en te behoeve van het Gouvernement der ZAR en John J. Kirkness wonende te Johannesburg, Aannemer" vir die bedrag van £1499 en geteken te Pretoria op 11 April 1888. Van Kirkness is ook twee borge verlang en die volgende twee het geteken: C.H. Barrett te Pretoria en W.R. Brown te Barberton.

Die voltooiingsdatum van die twee brûe was 1 Julie 1888, dus minder as drie maande. Altwee partye het tydens die teken van die kontrak ooreengekom om die datum te verleng tot 1 Oktober 1888.

So is in die jaar 1888 Meintjesdrif vervang met 'n brug wat bekendgestaan het as die Arcadiabrug. Helaas was die brug nie bestand teen die kolkende stroom wat in die somermaande onder hom deurgevloei het nie en moes meermale herstelwerk aangebring word. Dr. H.M. Rex gee 'n interessante beskrywing van die probleme rond-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om die eerste brug in "Pretoriana", No. 38, p. 21 e.v. - Hier wil ek net opmerk dat Dr. Rex se datums en my datums nie altyd ooreenstem nie. Alle datums in verband met die brûe deur my verstrek, is geneem uit die Argiewe van die Departement van Publieke Werke, Z.A. Republiek PW166, PW175 en van die Staats Secretaris SS 1887 en 1504.

Terwyl herstelwerk aan die gang is, ontwerp Wierda 'n nuwe brug oor die Apiesrivier (Bestek No. 88, datums van tekeninge en bestek respektiewelik 16 April en 20 Augustus 1890) en tenders word gevra maar nie aanvaar nie.

Op 27 Januarie 1891 skryf sy departement 'n brief aan die Staatssekretaris en meld dat "door den laatsten stortvloed een groot gedeelte van het Westelijk landhoofd van de brug by Arcadia is weggeslagen". Hy skryf verder dat die nodige maatreëls getref is vir beskerming van die gedeelte wat nie beskadig is nie en dat "zoo spoedig mogenlijk met de herstelling zal worden aangevangen". Hy sluit sy brief af met "Het zij mij vergund nogmaals in herinnering te mogen brengen de zeer billijke tender voor den bouw der nieuwe brug. Deze kleine brug zal voortdurend aanleiding tot moeilijkheden opleveren".

Twee en 'n half jaar later word begin met die afbreek van die ou brug en die bou van 'n nuwe, groter brug. Op 7 Maart en 9 Mei 1893 is drie tekeninge van die nuwe brug voltooi en die bestek (No. 142) is op 14 April gereed. Tenders word gevra en op 22 Augustus 1893 word 'n kontrak (No. 173) aangegaan, weer met J.J. Kirkness en tans vir die bedrag van £10880. Die brug moet binne agt maande voltooi word, maar Kirkness verkry egter verlenging tot 10 maande. Sy borge by hierdie kontrak was E. Gray en R. Baikie, altwee van Pretoria.

Gedurende 1893 vind ons in die korrespondensie tussen die verskillende regeringskantore dat die brug "de Arcadia Brug" genoem word.

Hier volg 'n paar aanhalings uit argiefstukke wat 'n kykie gee op die gang van sake. Uit die "Week - Rapport" van die Departement van Publieke Werken, opgestel deur ene Winters, die volgende:

No. 1. 4 tot 9 September 1893: 13 kaffers graven afvoerkanaal
No. 5. 2 tot 7 Oktober: afbreken van de oude brug
No. 7. 16 tot 21 Oktober: Zaterdag is slechts door de helft der kaffers gewerkt wegens de gevallen regen, en reparatie aan de pomp. Stoompijp voor het uitmalen van het water is geplaatst.

Die oostelike "landhoofd" word eerste gebou en gedurende begin Desember 1893 word met die westelike "landhoofd" begin.

No. 15. Saterdag 16 Desember 1893 word nie gewerk nie - omdat "het een feestdag is".
No. 18. 2 tot 6 Januarie 1894: die dam breek vanweë die baie reën. Klip en "gravel" word van Meintjeskop aangery.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die sandsteen wat gebruik word, word aangery na erf 274 van J.J. Kirkness en gereedgemaak.

Op 22 Junie 1894 word die negende (dus voorlaaste) betaling goedgekeur. Dit beteken dus dat die brug voltooi is en op 22 Desember is die onderhoudtydperk verstreke. Die werk word geïnspekteer en in goeie orde gevind. Hierna ontvang Kirkness sy finale betaling.

Nêrens vind ons in die weeklikse verslae enige klagtes oor die gehalte werk van J.J. Kirkness nie, wat wel gevind kan word oor ander kontrakteurs.

Delfos Bros. & Co. kwoteer op 9 April 1894 "2 palen met lantaarns met booglampen of gloeilampen". Die prys is £65 en £42:10 respektiewelik en "de opstelling der lampen is onder den prys begrepen". Op ou foto's kan die lampe gesien word, maar wat het later daarvan geword?


In verskeie bronne kan ons lees van "Leeuwdrift" in plaas van "Meintjesdrift", na aanleiding van die leeus wat daar geskiet is nadat genl. Joubert se beeste aangeval is. In die Jaarverslag van die Hoof van Publieke Werke in 1894 word melding gemaak van Leeuwbrug. Daar is ook beswaar gemaak teen die uitspattighede om vier brons leeus op die "pedestals" op te rig. Het die brug sy naam te danke aan Leeuwdrift of aan die brons leeus. Is die brons leeus opgerig omdat dit vroeër Leeuwdrift was of was die leeus dalk ontleen aan die wapen van die ZAR, of net blote versiering omdat leeus simbole van krag is?


April 1978




*Een van die vier leeus op die sogehete Leeubrug oor die Apiesrivier in Pretoria, met die bord waarop "Konstruksie Pty (Ld), Anton Jansen" vermeld is; hierdie fima het die vier leeus opgeknap. Foto T.E. Andrews*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011








*Bestektekeninge van die brug No. 23 oor die Apiesrivier van Pretoria, die sogehete Leeubrug, gedateer 18 April 1893 en ter goedkeuring onderteken deur S. Wierda as hoof van Publieke Werken*
*Bron: Transvaalse Argiefbewaarplek, Departement Publieke Werken ZAR*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Historiese foto van die "Leeubrug" in Pretoria voordat die Apiesrivier gekanaliseer is, d.w.s. van 'n bedding van beton voorsien is*
*Foto afkomstig van T.E. Andrews*



*Beelde van leeus as versiering van brûe – gewoonlik een op elk van die vier hoeke van die brug – was in die 19de eeu algemeen in Europa. Hierbo is 'n foto van die Regentessebrug oor die Wijnhaven in Rotterdam; die brug is genoem na koningin Emma, regentes vir Wilhelmina 1890-98, en heet in die volksmond "de Leeuwenbrug"; die lanterns op die brug is nog dieselfde as in 1900; op die agtergrond die Witte Huis, kenmerkend van die rivierstad en nasionale monument.* *Foto Archiefdienst Gemeente Rotterdam*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# LEWENSKETS VAN HENK HORSTMANSHOF, ARGITEK BOUER EN SKILDER, 1886-1974

deur C. de Jong

Een van die merkwaardige, oorspronklike argitekte en bouers in Pretoria en ander plekke in Suid-Afrika in ons eeu was Henk Horstmanshof. Hy is gebore te Alkmaar in Nederland op 15 September 1886 en Hendrik genoem. Sy vader stam uit 'n ou familie in Amsterdam en het 'n bloeiende stukadoorsbedryf uitgeoefen. Hy het vyf kinders gehad. Die oudste het belowende kunstalent besit maar gesterf toe hy 27 jaar oud was. Henk was die tweede seun. Ook hy het aanleg vir kuns getoon en hy wou graag studeer aan die akademie vir beeldende kunste in Amsterdam, maar sy vader het hom verplig om in sy bedryf te kom werk. Henk het gespaar sodat hy altans een jaar kunsonderwys van 'n my onbekende kon ontvang, ondanks sy ouers se afkeuring. Sy vader het 54 jaar oud gesterf en Henk moes teensinnig die stukadoorsbedryf oorneem.

Hy het in 1913 getrou met Agaath Hoorn, gebore op 27 Augustus 1893 as dogter van 'n skipper op binnelandse veerskepe. Henk het 'n oorspronklike gees besit en vir sy eggenote en hom 'n woonskepie van beton gebou. Die familie was verbaas toe die ding gedryf en nie gesink het nie. Hy het 'n tweedehandse motor uit Duitsland gekoop om die skepie voort te beweeg, maar die motor het somtyds diens geweier en dan was die skepie tydelik in moeilikheid. Die oudste kind Cornelia is op 12 November 1914 op die skepie in Alkmaar gebore. In die volgende koue winter het die skepie in ys vasgevries en die familie het Henk toe verplig om saam met vrou en kind 'n huis aan die wal te betrek.

Toe die Eerste Wêreldoorlog (1914-18) uitbreek, is hy van militêre diensplig vrygestel weens doofheid veroorsaak deur 'n oorontsteking in sy jongelingsjare. Tydens die oorlog, in 1916, is sy tweede kind, 'n seun, gebore. In die oorlogstyd het hy besluit om te emigreer. Sy eerste motief daarvoor was sy wens om weg te gaan uit sy land toe dit deur die oorlog ten dele van die buiteland afgesny was - 'n bekende gevoel onder mense wat 'n lang oorlog beleef. Sy tweede motief was om weg te kom van die Nederlandse klimaat; dit is nat, kil en sonskynarm en dit het hom soos sommige ander Nederlanders gekwel. 'n Ander motief van sommige Nederlanders om na Suid-Afrika te emigreer was die wens om aan te sluit by die stamverwante Afrikaners, maar daarvan is by Henk Horstmanshof niks bekend nie. Sy avontuurlus het die deurslag gegee. Hy het eers aan vestiging in Spanje gedink, maar spoedig Suid-Afrika gekies, omdat talle Nederlanders daarheen geëmigreer het en die taal, Afrikaans, aan hulle bekend was.

Hy het sonder sy gesin na Kaapstad gereis. Hy het eers aan vestiging in Bloemfontein gedink, maar tydens sy reis het iemand hom oorreed om na Pretoria te gaan, omdat daar reeds 'n groot aantal Nederlanders gevestig was. Hy het werk in die boubedryf gevind en in Augustus 1921 het sy gesin hulle by hom aangesluit. Hy het 'n huis in Capital Park betrek en per motorfiets na sy werk

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gery. Spoedig het hy 'n motorsyspan gekoop om met vrou en kinders die omgewing te leer ken. Hy het hom afsydig van die Nederlandse groep in Pretoria gehou, want hy was baie onafhanklik van gees. Wel het hy simpatisant van die Nasionale Party geword en met sy gesin die stembusoorwinning van dié Party in 1924 meegevier op Kerkplein, maar die partypolitiek het in sy lewe slegs 'n bykomstige plek ingeneem. Hy het belangstelling vir Nederland behou en gereeld die bekende weekblad "Haagsche Post" gelees; sy huistaal het Nederlands gebly, maar hy het hom geheel tuis in Suid-Afrika gemaak en Nederland nie besoek nie.

Hy het 'n erf aan Jorissenstraat op die hoek van Riverstraat in Sunnyside gekoop en in 1923 daar met een swart werker 'n eie huis gebou. Die stylelemente daarvan was tradisioneel: vier Ioniese suile in 'n halwe kring voor die voordeur in die middel en groot vensters links en regs daarvan met klein stukke glas. Die huis is in Desember 1923 voltooi en die teëldak is swaar beskadig deur die swaar haelstorm kort daarna. Hy en sy gesin het die huis tot 1926 bewoon. Toe het hy dit verkoop en verlaat. Sy gewoonte was om 'n huis volgens sy eie denkbeelde te bou, te bewoon en na 'n paar jaar met wins te verkoop om 'n volgende huis te bou en te bewoon. Vanaf 1923 het hy tot in die nag argitektuur bestudeer uit boeke wat hy in Nederland bestel het. Hy het ook talle ure aan sy tekentafel deurgebring en kon vaardig teken en skilder.

Hy het in 1926 sy tweede huis gebou aan die oossy van Farendenstraat in Arcadia. Dit was die eerste woning waarin hy sy eie artistieke denkbeelde toegepas het. Hy het dit versier met glas-in-lood-panele met ongekleurde glas wat hy self met verskillende kleure beskilder het. Sy dogter vermeld bo 'n venster aan die wessy van die huis 'n skildering van 'n sonsondergang met helder kleure in die namiddaglig. In 'n venster met die vorm van 'n kerkvenster het hy 'n Nederlandse landskap geskilder.

Hy het ook veel aandag aan de meubilering gegee en self meubels in antieke style ontwerp en ten dele gemaak. Volgens sy dogter was in die portaal van die huis aan Farendenstraat 'n kis wat hy vervaardig het van metaalplafonpanele, gevat in 'n houtraamwerk wat bruin gekleurd was sodat dit antiek gelyk het. Net soos in sy eerste huis het hy die kaggelskou beklee met bloubeskilderde, sogenoemde Delftse teëls. In plaas van vuur in die skou het hy 'n herdkaggel elders in die sitkamer gebruik. Aan die noordekant van die sitkamer was 'n halfronde serre (sonkamer) met glaswande en met varings in bakke.

Hy het verskeie huise in die noordelike voorstede van Pretoria gebou, maar meermale onenigheid met die opdraggewers gehad wanneer hulle nie met sy artistieke opvattings saamgestem het nie.

In 1929 het hy sy volgende huis vir bewoning deur homself gebou. Dit was Parkstraat 700 in Arcadia, met links daarvan 'n huis gebou vir mevrou Baumann en regs van no. 700 'n huis vir mnr. Kotzè. Parkstraat 700 het aan die buite- en binnekant veel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van sy kunsideë getoon, veel glas-in-lood en spesiaal gemaakte meubels, onder meer weer 'n selfvervaardigde kis, wat onder 'n groot skildery geplaas was. Die mure was gebou van stene van deur hom gekleurde sement.

Daarna het sy bekende kompleks Tiny Town aan Kerkstraat-Oos gevolg. Hy het daaraan die naam Trianon gegee. Dit is genoem na Grand Trianon, 'n paleis in die tuin van Versailles met talle skilderye, of na Petit Trianon langsaan die tuin; dit is 'n geskenk van koning Lodewyk XVI aan koningin Marie Antoinette en daar was 'n koeistal met melkery om 'n landelike sfeer te skep. Henk is vermoedelik geïnspireer deur Petit Trianon. Die volksmond in Pretoria het Trianon op sy Engels uitgespreek en spoedig vervorm tot Tiny Town wat nou die gangbare naam is. Dit is 'n aantreklike kompleks klein en middelgroot huise rondom vyvers met klipstapels, bruggies, struike en plante met elektriese beligting wat Henk ontwerp het. Van hom is ook die sentrale warmwatervoorsiening wat met steenkool gestook is. Die kompleks is 'n oase van rus aan die druk Kerkstraat-Oos en word as so merkwaardig beskou dat in 1990 die Stadsraad 'n bou-onderneming vergunning geweier het om dit te sloop en deur hoë geboue te vervang.

In die jare '20 het hy meegeding in 'n wedstryd vir die ontwerp van 'n nuwe stadsaal vir Pretoria. Sy ontwerp het die meeste stemme van die keurkomitee gekry, maar die beloofde prys vir die beste ontwerp is nie aan hom toegeken nie, omdat hy nie as argitek gekwalifiseerd was nie, aldus sy dogter Cornelia. Sy ontwerp is bewaar, maar 'n ander ontwerp van die stadsaal aan Paul Krugerstraat is uitgevoer.

Henk Horstmanshof en sy gesin het vier jaar in Tiny Town gewoon. In hierdie tydperk het hy 'n vennootskap gesluit met ene mevrou J. de la Rey. Hulle het saam Orange Court op die hoek van Vermeulenstraat en Hamiltonstraat gebou. Dit was 'n woonstelkompleks met in die middel weer 'n landskapstuin. Dit is nou 'n kantoorgebou. Hy het daarin nie gewoon nie.

Inmiddels het hy ook elders huise ontwerp en gebou, onder meer in Bloemfontein en 'n huis in moderne styl in Brynterion, Pretoria. Die opening van die yster- en staalbedryf IJSKOR by Pretoria in 1934 het sy aandag op die komende ontwikkeling in Pretoria-Wes gerig. Hy het 'n woningskompleks op die hoek van Mitchellstraat en Courtstraat gebou. Die middelblok het bestaan uit 'n private hotel met enkelkamers; die twee vleuels het woonstelle bevat en in een uiteinde was 'n kroeg en in die ander uiteinde 'n klein kruidenierswinkel. Die gebou het 'n groot dak van leiteëls gehad en 'n binnehof met vyvers en bruggies wat hy so graag aangebring het. Hy en sy gesin het daar in 1933-36 gewoon. Henk se eggenote moes fungeer as bestuurderes van die private hotel en as opsigteres van die woonstelle in die syvleuels. Die naam van die kompleks was Metro, van metrópolis, d.w.s. wêreldstad.

In 1935 besluit hy om "Metro" uit te brei met die bou van 'n publieke hotel in 'n ander styl, wat volgens sy dogter nie al

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te goed by die styl van Metro gepas het nie. Hy het die hotel versier met gekleurde sementpanele en geskilderde landskappe.

Met die bou van die publieke hotel het hy sy geldelike vermoë oorspan, hoewel hy meestal 'n goeie finansier was, en hy is in 1937 bankrot verklaar.

Sy bankrotskap het bygedra tot sy verhuising uit Pretoria na Natal. Hy en sy eggenote het daar die jare na 1937 tot 1943 gedurende die Tweede Wêreldoorlog gewoon. Hy het 'n huis gebou en bewoon te Uvongo Beach by Port Shepstone in Europees-Indonesiese boustyl. Die huis was vol oorspronklikhede en is deur ander spoedig Dolls House genoem. Die omgewing was toe landelik en rustig, dit is nou 'n lewendige toeriste-oord en Dolls House is 'n gewilde vakansiehuis.

Hy het geleidelik sy geldelike terugslag te bowe gekom, maar toe die Tweede Wêreldoorlog begin het, het die woningbou grotendeels tot stilstand gekom en hy het min bou-opdragte ontvang. Weens geldgebrek moes hy toe Dolls House in 1943 verkoop. Inmiddels het stories betreffende die merkwaardige huis en die bouer-bewoner daarvan in omloop gekom. As Nederlander met uitgesproke eie denkbeelde, ongeneig om met sy koloniaal-Britse omgewing te integreer en te assimileer, het hy in die nerveuse oorlogsdae aanleiding verskaf tot 'n gerug dat die bewoner 'n Duitse offisier was wat as spioen geïnterneer is, terwyl sy huis deur die owerheid in beslag geneem is. Dit is romantiese versinsels, maar in 1984 het die destydse eienaar van Dolls House die stories opgediep en die verkoopagent het hulle gepubliseer in die veilingadvertensie om die huis aantrekliker te maak. Die veiling van die huis en R130 000 opgebring.

Hy en sy eggenote het in 1943 na Pretoria teruggekeer. Hul hart het blykbaar aan dié stad gehang. Weens die slapte in die boubedryf het hy ander bestaansmiddele gesoek. Hy het 'n winkeltjie in die sentrum by Kerkplein geopen; daar was in die hoofstad min mooi lampkappe te koop en sy vrou het selfgemaakte lampkappe aangebied, maar met geringe kommersiële sukses. Hy het in die huidige woonwyk Waverley 'n ou, verwaarloosde kwekery aan die voet van die Magaliesberg gekoop om daar te woon, nie om te kweek nie. Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het hy 'n trekkersbestaan aanvaar en as kunsskilder in Suid-Afrika rondgereis en geskilder om inkomste uit verkoop van skilderye te kry. Hy het 'n tyd op Tzaneen gewoon en daar huise gebou en daarna weer geskilder, tentoonstellings van sy werke gehou en verkoop.

Hy is op 8 April 1974 te Dieprivier in die Kaapprovinsie oorlede. Sy eggenote het hom te Worcester in die Kaapprovinsie op 1 Februarie 1977 gevolg.

Hulle het drie kinders gekry:

Cornelia, gebore te Alkmaar, Nederland, op 13 November 1914; sy het my die gegewens vir die lewenskets van haar vader verskaf en ek betuig haar hiervoor my welgemeende dank;

Jan Dirk, gebore te Alkmaar, Nederland, op 30 Oktober 1916, oorlede op 4 November 1980 te Johannesburg;

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dirk Hendrik, gebore te Pretoria op 6 Julie 1922, in lewe.

Die mening van Henk se dogter Cornelia oor hom lui: Hy was 'n veelsydige en intelligente man, prakties en hardwerkend, maar moeilik en onrustig om mee saam te lewe. Veral sy eggenote moes hierdie ervaring ondervind.

Hy was 'n deur eie krag geslaagde mens, van nature optimis en vol selfvertroue. Later het hy deur teenslae 'n deel van sy opgewektheid verloor, maar nooit die moed laat vaar nie. Sy belangstelling was baie ruim en het musiek en natuurwetenskappe ingesluit. Hy het 'n eie, opvallende plek onder die uit Nederland afkomstige argitekte en bouers in Suid-Afrika.



*Henk Horstmanshof op 80-jarige leeftyd te Dieprivier in die Kaapprovinsie*
*Foto van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

TEKS VAN KOERANTADVERTENSIE IN MY ONBEKENDE KOERANT

Acting on the instructions of the Registered Owner we will sell the following fixed property by Public Auction on:

FRIDAY 18TH MAY 1984 at 11 am SHARP

The well known Uvongo Home in Marine Drive called the "Dolls House" was built in 1937 by an Architect-Artist passing as a Dutch Indonesian, but who was in reality a German Officer and Spy who carried out espionage missions from the venue. His activities aroused suspicion, the house was watched, and the Owner arrested in 1943 and interned for the duration of the War. The house was taken over by the Commissioner of enemy property before finally changing hands to private ownership. Interesting features are a unique teak shingle roof, relief scenes of Aloes and flora on the external and interior gables, and large relief freeze of Amsterdam Harbour over the fireplace, substantiating the original Owner's cover story of being a Dutch Architect, also the false chimney which housed his transiting equipment.

Being one of the most interesting and historic houses in the area, the Auction Sale will generate a tremendous amount of interest.

The house itself comprises 2 bedrooms, bathroom, and one separate toilet. Separate Diningroom with fitted hand-carved dressoir, Entrance hall, living-room, 2 fireplaces (one false), Farm-styled kitchen and scullery. Outbuildings comprise a Servant's Room and toilet, storeroom, and a "mystery" bunker with reinforced slab.

-o-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Acting on the instructions of the Registered Owner we will sell the following fixed property by Public Auction on:

**FRIDAY 18th MAY 1984 at 11 am SHARP**



This well known Uvongo Home in Marine Drive called the "Dolls House" was built in 1937 by an Architect-Artist passing as a Dutch Indonesian, but who was in reality, a German Officer and Spy who carried out espionage missions from this venue. His activities aroused suspicion, the house was watched, and the Owner arrested in 1943, and interned for the duration of the War. The house was taken over by the Custodians of enemy property before finally changing hands to private ownership.

Interesting features are a unique teak shingle roof, relief scenes of Aloes and flora on the external and interior gables, and a large relief fresco of Amsterdam Harbour over the fireplace, substantiating the original Owner's cover story of being a Dutch Architect; also the false chimney which housed his transmitting equipment.

Being one of the most interesting and historic houses in the area, this Auction Sale will generate a tremendous amount of interest.

The house itself comprises 2 bedrooms, bathroom, and one separate toilet. Separate Diningroom with fitted hand-carved dresser, Entrance hall, living-room, 2 fireplaces (one false) Farm styled kitchen and scullery. Outbuildings comprise a Servant's Room and toilet, storeroom, and a "mystery" bunker with reinforced slab.

*Afdruk van oorspronklike advertensie in 'n ongenoemde periodiek van omstreeks 10 Mei 1984 vir veiling van "Dolls House" te Uvongo Beach, Natal*
*Foto afkomstig van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Hendrik Hortmanshof 26 jaar oud, te Alkmaar, Nederland*
*Foto van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof te Benoni*



*Agaath Hoorn te Alkmaar, 16 jaar oud*
*Foto Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof te Benoni*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Huis aan die Jorissenstràat, hoek van Rivierstraat, in Sunnyside, Pretoria, ontwerp deur Henk Horstmanshof en in 1924 gebou*
*Foto afkomstig van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*



*Voorbeeld van Henk Horstmanshof se binnehuisinrigting en interieurkuns: deel van die hal en sitkamer in die huis Parkstraat 700 in Pretoria; die boog met twee geopende glasdeure vorm die skeiding tussen die hal en die sitkamer daaragter.*
*Foto afkomstig van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Ontwerp van Henk Horstmanshof vir 'n nuwe Stadsaal vir Pretoria uit die jare '20*
*Foto afkomstig van Mev. C. Meiring gebore Horstmanshof*




*Die woonstelgebou "Orange Court", deur Henk Horstmanshof ontwerp en gebou, op die hoek van Vermeulenstraat en Hamiltonstraat in Arcadia, Pretoria*
*Foto van T.E. Andrews*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*"Metro" op die hoek van Mitchellstraat en Courtstraat in Pretoria-Wes, ontwerp deur Henk Horstmanshof en gebou in 1935-36; die hoofgebou met private hotel en enkelkamers*
*Foto afkomstig van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*



*Uitbreiding van "Metro" op die hoek van Mitchellstraat en Courtstraat in Pretoria-Wes, ontwerp deur Henk Horstmanshof en gebou in 1935-36 – woonstelgebou met links 'n kruidenierswinkel*
*Foto afkomstig van Mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# LEWENSKETS VAN DIRK HENDRIK HORSTMANSHOF (1892-1956)

deur Katinka Kempff gebore Horstmanshof

Gedurende 1935 en 1936 het "Henk" Horstmanshof 'n aantal dringende briewe aan sy jongste broer Dirk Hendrik, toe in Groningen woonagtig, geskryf. Daarin het hy herhaaldelik daarop aangedring dat Dirk met sy gesin na Suid-Afrika moes verhuis, ten eerste om die dreigende oorlog vry te spring, ten tweede om "Henk" te help om sentrale verwarming in sy groter geboue te installeer.

Dirk Hendrik, die jongste van vyf kinders, is op 21 November 1892 in Alkmaar in Noord-Holland gebore. Na sy opleiding aan die Seevaartskool het hy 'n aantal jare as hoofmasjinis by die N.I.T. (Nederlandsch-Indische Tank-Maatschappij) gewerk. Hy tree op 11 Mei 1921 in die huwelik met Guurtje Kuiper (gebore 1896 te Den Helder) en na die geboorte van hulle eerste dogter (Catharina Jacoba, 4 Mei 1922) besluit hy om vir goed aan wal te gaan. Hy begin 'n stoomwassery in Eindhoven en verhuis later na Groningen waar hy 'n dergelike bedryf tot stand gebring het. 'n Seun, Dirk Hendrik (11 Julie 1923) en 'n dogter Cornelia (8 November 1924) is inmiddels gebore.

In Julie 1936 stap die familie in Kaapstad aan wal. By hulle aankoms in Pretoria het Dirk Hendrik begin werk by sy broer. Die huis wat onder andere heelwat opspraak verwek het en waaraan hy daardie tyd gewerk het, het houtwerk buitekant gehad wat lila en swart geverf was, 50 jaar voor daardie mode in die Post-Moderne styl so algemeen sou vóórkom! Hy het ook daardie tyd reeds die "dupleks" en "townhouse" konsep gebou, altyd omring deur mooi tuine en waterpartye.

Ongelukkig is "Henk" in 1937 bankrot verklaar en moes Dirk Hendrik werk soek. Hy het 'n ruk lank in Pietersburg by die S.A. Spoorweë gewerk, in Klerksdorp by die nuwe hospitaal vir 'n Johannesburgse firma sentral verwarming geïnstalleer en uiteindelik by Iscor in Pretoria begin werk. Daar het hy gebly tot net voor sy aftrede en sterwe in Mei 1956 in die Edenvale hospitaal vir terminale pasiënte.

Die gesin het egter deurentyd in Pretoria bly woon.

Hoewel hy nooit die bekendheid van "Henk" verwerf het nie, aangesien hy van nature baie beskeie en amper teruggetrokke was, veral met vreemdes, het Dirk op sy familie en vriende 'n onuitwisbare indruk gelaat. Sy hande het letterlik vir niks verkeerd gestaan nie en daar word vertel dat daar by Yskor masjinerie was wat na sy dood nooit meer gewerk het nie.


Vir my, sy oudste dogter, was hy 'n towenaar met wiskunde; alles het glashelder geword as hy op 'n tuisgemaakte swartbord die ingewikkeldhede van meetkunde en algebra uitgelê het.

Hy het 'n afsku gehad van aanstellerigheid en alles wat oordoen was en sy lyfspreuk was: "Eenvoud is het kenmerk van het ware". Hy het geweldig baie waarde geheg aan geleerdheid en aan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

uithoudingsvermoë wat hy met die Duitse woord "Ausdauer" aangedui het.

Hy was die wonderlikste vader wat mens jou kon indink en het homself geheel en al binne die huislike kring uitgeleef.



*Henk Horstmanshof in die binnehof van Tiny Town (Trianon) te Pretoria in 1935*
*Foto afkomstig van Mev. C. Meiring gebore Horstmanshof*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# AANRAKINGSPUNTE TUSSEN SUID-AFRIKA EN OOS-INDIë

deur C. de Jong

Die geskiedenis van ons eie land is ten nouste verbind met die geskiedenis van Indonesië.

G. Seubring, "Die gordel van smarag" (1945, p.11)

Die verblyf van Pretorianers, onder wie Louis Leipoldt en Theodor Sandrock, in Oos-Indië, tans Indonesië genoem, en my navorsing na die Onversoenlikes van Ceylon, nou Sri Lanka, gevolg deur my besoek aan Indonesië, het my aandag op die kontakte tussen Suid-Afrika en Oos-Indië gerig. Tydens die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) is die Kaapkolonie in 1652-1795 vanuit Batavia bestuur en talle skepe van die VOC het jaarliks in Tafelbaai en Valsbaai geanker. Maar die Britse anneksasie van die Kaapkolonie in 1814 het die kolonie staatkundig van Nederland en Oos-Indië geskei. Daarna het die betrekkinge tussen die lande steeds slapper geword. Die weiering van die Republiek Indonesië om vanaf 1960 visums aan houers van Suid-Afrikaanse paspoorte te verskaf, selfs nie aan Nederlanders wat daar gebore is nie, het bygedra tot die onbekendheid van Indonesië in Suid-Afrika.

Maar die aanrakingspunte[1] tussen beide lande is talryker as wat ek vermoed het. 'n Oorsig daarvan volg hier.

Indonesië omvat die grootste eilanderyk ter wêreld en reik op die kaart van Europa geprojekteer van Ierland tot aan die Kaspiese See. Dit het nou teen 200 miljoen inwoners, die grootste nasie ter wêreld na die Volksrepubliek China, India, die USSR en die VSA. Dit is dus 'n land van betekenis. Die Indonesiërs behoort tot die moedigste seevaarders ter wêreld. Die Maleiers aan die Straat Malakka het in voorhistoriese tyd die Indiese Oseaan oorgesteek en die ooskus van Afrika bereik. Hulle het Madagaskar gekoloniseer. Die Hova's op dié eiland is 'n vermenging van Maleiers en negers en talle woorde in hul taal en die nat rysverbouing is afkomstig uit Wes-Indonesië.

Aanrakingspunte is die volgende - ek vermy hier die pretensieuse woord betrekkings:

(1) Bestuursamptenare - Toe die Kaapkolonie en Oos-Indië Nederlandse kolonies was, is verskeie hoë amptenare van die een kolonie na die ander oorgeplaas. Voorbeelde is Jan van Riebeeck wat kommandeur van die Kaapkolonie en daarna van Malakka was, Zacharias Wagenaer wat uit Batavia gekom het om Van Riebeeck in Kaapstad op te volg, S.C. Nederburgh wat in 1792-93 Hoë Kommissaris van die VOC in die Kaapkolonie en daarna in Oos-Indië was, R.G. van Polanen wat na die Britse besetting van die Kaapkolonie na Batavia vertrek het, en J.W. Janssens wat in 1806 die Kaapkolonie en in 1811 Oos-Indië aan die Britte moes oorgee.

In Indonesië is Abraham van Riebeeck (1653-1713) bekender as sy vader, die stigter van die Kaapkolonie. Abraham is gebore

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in Kaapstad en het geklim tot goewerneur-generaal van die VOC in Asië in 1709-1713. Hy geld as bekwame, energieke en ondersoekende bewindsman en was die eerste VOC-amptenaar wat Preanger, die agterland van Batavia, besoek het.[2)]

(2) Perde - Kommandeur Van Riebeeck het begin met die invoer van perde uit Oos-Indië wat hy netso nodig as brood geag het - Europa was te ver om vandaar perde te importeer. Die perde uit die Ooste was van Soemba en Flores wat ook sandelhout gelewer het; hulle is daarom sandelhoutperde genoem. Hulle was klein, maar taai en rats en is die stamouers van die Boerepoon en Basoetoepoon in Suid-Afrika.

(3) Die Slamse mense - Die VOC-bestuur het uit Oos-Indië talle slawe en politieke bannelinge na die Kaapkolonie gestuur. Hul nageslag heet die Slamse mense of "Slamaaiers" (van die woorde Islam en Maleiers?) en tel nou ongeveer ¼ miljoen siele. Hulle onderskei hulle duidelik van ander bevolkingsgroepe, onder meer deur hul Moslemgeloof en besondere tradisies. Hulle het ongeveer 400 Maleise en Portugees-Maleise woorde aan die Hollands-Afrikaanse taal bygevoeg, veral name van geregte, soos bobotie, sosatie, blatjang, satee en borrie, en klerasie, soos baadjie, kabaai en sarong. Hulle het in die 19de eeu veel bygedra tot die behoud van Hollands-Afrikaans as taal en al vroeg die Koran in Afrikaans vertaal.

(4) Sending - Die Rheinische Missionsgesellschaft het in die 19de eeu die sending sowel in Indonesië as Suid-Afrika gegrondves. Hy het Johann Gottlieb Leipoldt (1803-1872) na die Kaapkolonie gestuur, waar hy Wupperthal gestig het. Sy seun Christiaan Frederik is in Barmen as sendeling opgelei en deur die genootskap na Batakland op Noord-Sumatra gestuur. Voor sy vertrek daarheen is hy in die Kaapkolonie getroud met Anna Esselen, dogter van 'n ander sendeling van die genootskap te Worcester. Leipoldt was in Batakland 'n verdienstelike medewerker van Ludwig Nommensen, die apostel van die heidense volk. Leipoldt het in 1877 die eerste skool vir inheemse onderwysers, o.m. vir godsdiensonderrig, gestig en 'n deel van die Nuwe Testament in Bataks vertaal. Sy eggenote was egter ongeskik vir sy amp as sendeling en hulle het in 1879 na die Kaapkolonie teruggegaan.[3)]

(5) Letterkunde - Die Nederlandse letterkundige Eduard Douwes Dekker (1820-1887), bekend onder sy skrywersnaam Multatuli (d.w.s. Ek het veel gely), het in Nederland en ook Suid-Afrika populêr geword, veral deur sy boek "Max Havelaar" (1859) wat 'n protes teen die Nederlandse bewind oor Oos-Indië bevat. Onder sy bewonderaars in Suid-Afrika was Louis Leipoldt en C.J. Langenhoven. Laasgenoemde wou niks weet van die Nederlandse taal en letterkunde nie, in teenstelling met Leipoldt, maar hy het 'n uitsondering vir Multatuli gemaak. Multatuli se sterfjaar is in 1987 ook in Suid-Afrika herdenk.

Bogenoemde Ds. Christiaan Frederik Leipoldt het predikant in Clanwilliam geword. Daar is sy seun Christiaan Louis in 1880

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gebore. Sy vader het hom in verskeie wetenskappe en tale onderrig en intense belangstelling vir Oos-Indië en kennis van Maleis bygebring. Daarom het Louis as skeepsarts op 'n ou Engelse vragskip in 1911 'n reis van Liverpool na Oos-Indië en terug onderneem. Hy het sy reis beskryf en oor Oos-Indië bespieël in sy boek "Uit my Oosterse dagboek" (Kaapstad 1932). Hy het sy reisindrukke ook weergegee in 18 gedigte, onder dieselfde opskrif gepubliseer in sy bundel "Uit drie wêrelddele". Sy generasiegenote het nogal min aandag aan hierdie reis en sy Oosterse gedigte gewy, die volgende geslag Afrikaners veel meer.[4)]

Die Afrikanerdigter Isak D. du Plessis (1900-1988) was 'n groot kenner van die Slamse mense en het daarin aanleiding vir 'n besoek aan hul stamland Oos-Indië gevind. Die reis het hom tot agt Oosterse kwatryne geïnspireer, getitel Java, Skemering, Djokjakarta, Wajang koelit, Tempeloptog en Duiwe (Bali)[5)]. Hy sinspeel ook in ander gedigte, onder meer "Lied van Ali", op die Ooste.

Middelbare skoliere in die jare '70 moes kennis met Java maak by die lees van die voorgeskrewe novelle van Augusta de Wit, "Orpheus in de desa"; dit is die verhaal van 'n kreupele Javaanse seun wat trekosse deur sy fluitspel weglok om hulle te steel en wat daarom onverhoeds deur 'n blanke bedryfsleier doodgeskiet word.

Reisigers uit Suid-Afrika, onder wie joernaliste, het Oos-Indië in die laat jare '30 besoek, talryker as voorheen, omdat die Groot Depressie in Suid-Afrika grotendeels verby was en omdat in 1932 'n lyndiens van vragskepe met passasiersakkommodasie tussen Oos-Indië en Suid-Afrika geopen is. Ek vermeld die artikels van "Tannie van die Brandwag, Suid-Afrikaanse boere in Java", in "South African Railways and Harbours Magazine", Desember 1939, p.1655-1659, en Pieter de Waal, "Java, land van vulkane, oerwoude en rysvelde", in "Ruiter", jaargang een no. 18, 5 September 1947, p.6-7, 33; voorts Gysbertus Seubring, skrywer van verskeie reisboeke oor sy reise deur Afrika, wat Oos-Indië in 1940 besoek en die boek "Die gordel van Smarag", J.L. van Schaik, Pretoria 1945, 247 pp., gepubliseer het. Hy ontleen die titel aan die bekende vergelyking deur Multatuli in "Max Havelaar" van "Insulinde (sy sprokiesnaam vir Oos-Indië), dat zich slingert om den Evenaar als een gordel van smaragd".

Die drie hier genoemde skrywers gee elk veel aandag aan die Afrikaners op die Generaal-de-Wet-plaas te Tjisaroea by Bandoeng, drie van die Onversoenlikes afkomstig uit krygsgevangekampe op Ceylon 1900-1902.[6)]

(6) Spoorwegaanleg - Nederlandse spoorwegingenieurs en voormanne het groot geword in 'n vlak land sonder berge en het veel ervaring van spoorwegaanleg in bergland in Oos-Indië op Java en Sumatra opgedoen. Sommige van hulle het in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM; 1887-1908) getree, hierdie ervaring met vrug in Transvaal toegepas. Die eerste twee verkrygers van die konsessie vir spoorwegaanleg

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was Dirk Maarschalk en Johannes Groll, pioniers van die konstruksie en eksploitasie van staatspoorweë op Java. Een van hul opvolgers as konsessionaris was ingenieur J.L. Cluysenaer, 'n besonder bekwame en veelsydige spoorwegman. Hy het die bergspoorweg deur die Padangse Bovenlanden op Wes-Sumatra ontwerp en oor talle kilometers 'n tandradspoor laat installeer. Die spoorlyn is in 1887-1894 aangelê. Hy het as mededirekteur van die NZASM Transvaal in 1888-1890 besoek. Volgens die voorbeeld van die spoorweg op Sumatra het hy op die geprojekteerde Oosterlyn tussen Waterval-Onder en Waterval-Boven ook 'n tandradspoor ontwerp. Hy het enkele van sy medewerkers op Sumatra oorgehaal om die NZASM te dien. Hulle was R.A.J. Snethlage, C. Groll en J.F. IJzendijk. Hulle het egter na 'n paar jaar uit Transvaal vertrek of gesterf.

Na die besetting van Transvaal deur die Britte in 1900 het hulle die NZASM-personeel uit Suid-Afrika verban. Verskeie oud-NZASMers het kort daarna diens by die spoorweë in Oos-Indië geneem. Onder hulle was Ir. Th. Steinmetz, sekretaris van die NZASM, Ir. Marthinus Middelberg, seun van 'n bekende NZASM-direkteur, en werkers met laer rang, soos Daniel Piton.

Middelberg se opvolger as direkteur was Ir. J.A. van Kretschmar van Veen. Ook hy is uit Suid-Afrika verban. Hy het in 1907 in diens van die staatspoorweë in Nederland getree en was in 1923-1930 ook direkteur van die Delispoorweg op Noord-Sumatra wat hy tweemaal met vrug besoek het.[7] Oos-Indië het dus na 1900 spoorwegervaring uit Suid-Afrika terugontvang.

(7) Boukunde - Nederlandse argitekte en bou-aannemers het na 1900 elemente van Oos-Indiese boustyle op bouwerke in Suid-Afrika toegepas. Byvoorbeeld die dakvorm van die sogehete Erasmuskanteel by Pretoria toon Oos-Indiese trekke. Die argitek Henk Horstmanshof, ontwerper van Tiny Town in Pretoria, het te Uvongo Beach in Natal 'n huis met Oos-Indiese styl, Dolls House genoem, gebou.[8]

(8) Oorlogsvrywillers uit Oos-Indië - Die heldestryd van die Boere teen die Britse wêreldryk in 1899-1902 het nie slegs in Europa maar ook in Nederlands Oos-Indië bewondering en simpatie vir die Boere gewek. Onder die buitelandse ambulanse wat die Boerekommando's aan die oorlogsfronte bygestaan het, was 'n ambulans uit Oos-Indië onder leiding van J.H.P. van Kerckhoff en H.C. Bruning. Enkele tientalle jong Nederlanders uit Oos-Indië het as vrywilligers by die Boerekommando's gedien. Sommige van hulle het hulle onderskei, het aan die sluipoorlog (guerrilla) deelgeneem en was Bittereinders. Onder hulle was Kommandant J.G. van Ham, gebore in Batavia,[9] en drie broers Douwes Dekker, kleinnewe van Eduard (Multatuli), genaamd Jules, Ernest en Guido. Uitgesonderd Guido het hulle geruime tyd in Britse krygsgevangeskap deurgebring. Interessant is dat hulle na hul vrylating voorstanders van selfbestuur deur Indonesiërs en teenstanders van die Nederlandse bewind oor Oos-Indië geword het.[10]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

(9) Die Onversoenlikes - 22 krygsgevangenes in Britse kampe op Ceylon het geweier om by die Vrede van Vereeniging die geëiste verklaring van trou aan die Britse koning te onderteken. Hulle mog daarom nie na Suid-Afrika terugkeer nie en sommige is in Colombo in die tronk gesit. Die regering van Nederlands Oos-Indië het hulle gelukkig toegestaan om hulle as boer op Java te vestig. 20 van hierdie "Irreconcilables" (Onversoenlikes) onder leiding van J.G. van Ham het ingewillig. Twee van hulle het gesterf, die 18 andere het 'n gemeenskaplike vee- en tuinboubedryf by Bandoeng gestig en Vrijheidslust genoem. Hulle het spoedig onenigheid gekry en uiteengegaan. Sommige het na Suid-Afrika teruggekeer, andere het werknemer by een van die talle plantasies op Java geword, nog ander het selfstandige kleinboer op Java gebly. Drie van die laasgenoemdes het die Generaal-de-Wet-plaas by Bandoeng gestig en van kleinboer tot grootboer of hereboer geklim. Hul name is Louis Hirschland en Christoffel en Willem van Zyl, twee broers. Hulle het spoedig die pioniers van die melkvee- en stoetveebedryf in Oos-Indië geword en hul bedryf is as modelplaas beskou. Hulle het veel waardering gekry.

Hulle en ander blanke boere op Java is deur die Japanners tydens die Japanse besetting in 1942-1945 op hul plase gelaat en nie geïnterneer nie. Maar na die Japanse besetting het Indonesiese nasionaliste as terroriste op hulle toegeslaan. Die broers Van Zyl is tydens die Japanse besetting oorlede, Louis Hirschland, sy seun Joop en Christoffel (Hertzog) van Zyl junior is in 1945 deur terroriste vermoor. Die Generaal-de-Wet-plaas is toe verwoes en nie herbou nie.[11]

Na die oordrag van die soewereiniteit oor Oos-Indië aan die Republiek Indonesië in 1949 het die blanke boere hul bedryf gestaak, ook die weinige oorgeblewe Afrikaners. Hulle en hul nakomelinge het Indonesië verlaat.

Een Onversoenlike het geen boer geword nie. Hy was Theodor Sandrock, seun van 'n Duitse sendeling by Bloemfontein. By sy aankoms in Batavia in 1903 het hy die jongste klerk by een van die grootste handelsbanke in Oos-Indië geword en vinnig promosie gemaak. Hy is in 1920 tot president-direkteur van die bank benoem en in dié funksie het hy die handels- en skeepsvaartverkeer tussen Oos-Indië en Suid-Afrika kragtig bevorder. By sy pensioenering in 1933 het hy en sy jongste kinders na die Vrystaat teruggekeer en 'n modelplaas gestig. Hy het van 1940 tot sy dood in 1953 in Pretoria gewoon en was raadsman van Afrikaner politici en finansiers.[12]

(10) Die planters - Enkele planters het uit Oos-Indië na Suid-Afrika geëmigreer. Sommige het na Natal gekom voordat die private plantasies in Indië tot bloei geraak het. Hulle was Theodorus Christiaan Colenbrander met sy gesin en M. van Prehn in 1854. Hulle het vermoedelik vrugbare en goedkoop grond vir tropiese gewasse gesoek. Colenbrander het die plantasie Nieuw Gelderland by Durban aangelê, suikerriet en indigo gekweek en grond aan immigrante uit Nederland gegee. Die plantasie het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

uitgegroei tot 'n dorp.[13] Theodorus se seun Johan (1855-1918) het 'n bekende Britse offisier en pionier in Suider-Afrika geword. - Na die soewereiniteitsoordrag aan Indonesië het 'n klein aantal planters vandaar na die tropiese landbou in Suid-Afrika geëmigreer.

(11) Suid-Afrikaners in die Tweede Wêreldoorlog - Kaptein Gideon Jacobs is as Britse offisier teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Augustus 1945 op Sumatra afgegooi om geïnterneerdes in Japanse kampe op te spoor en na veiligheid te bring. Hy het 'n boek in Engels oor sy ervarings gepubliseer wat in Nederlands met die titel "Wedloop met die moesson" verskyn het. Sy boek het in Nederland nogal kritiek verduur omdat hy ander offisiere met soortgelyke opdrag nie die eer gee wat hulle toekom nie. Ek vind dit nie erg dat hy as jong kaptein sy eie betekenis as te groot beskryf nie.

Skerper kritiek het 'n ander Suid-Afrikaner in Britse diens van Nederlanders ondervind. Hy is die bekende skrywer Laurens van der Post. Hy sou na die oorgawe van die strydkragte aan Japan in Maart 1942 die sluipoorlog teen die Japanners op Java organiseer, maar het hom reeds in April 1942 oorgegee, volgens sy bewering deur verraad van 'n Nederlander. Nederlanders ontken dit en noem sy houding baie dubbelsinnig. Nietemin geld hy buite Nederland as 'n oorlogsheld.

(12) Immigrante uit Oos-Indië - Na die Tweede Wêreldoorlog, veral na die soewereiniteitsoordrag aan Indonesië in 1949, het enkele duisende Nederlanders uit Oos-Indië regstreeks of via Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Hulle is in Oos-Indië gebore of het as militêr in die oorlog tussen Nederland en die Republiek 1945-1962 gedien. Hulle het 'n bydrae van betekenis aan die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer.

(13) Oordrag van mag - Die deling van mag deur die blankes met swartes in Suid-Afrika wat in 1990 aangekondig is, is vergelykbaar met die oordrag van soewereiniteit deur Nederland aan die Republiek Indonesië in 1949, voorafgegaan deur 'n koloniale of onafhanklikheidsoorlog in 1945-1949 en gevolg deur 'n naspel van twis oor Westelik Nieu-Guinee 1949-1962. Nederland het die koloniale oorlog en die naspel militêr gewen, maar diplomatiek en politiek verloor weens dreiging deur die groot moondhede en die Verenigde Volke met sanksies. Nederland het die ekonomiese mag oor Indonesië behou tot 1957, toe het die regering van Indonesië die oorwig beëindig deur alle Nederlanders te verban en alle Nederlandse eiendomme te onteien. - Die regering van Indonesië het in 1949-1965 verskeie opstande van regse en linkse groepe en afskeidingsbewegings buite Java onderdruk. In 1965 het militêre leiers 'n staatsgreep gepleeg en die regering oorgeneem. Sedert 1965 regeer 'n militêre outokrasie die groot eilanderyk met sy omvangryke hulpbronne. Hy het tot dusver orde en rus gehandhaaf, sodat die invoer van buitelandse kapitaal en tegnici herstel en die ekonomiese ontwikkeling hervat is. - Soortgelyke ontwikkelings is in Suid-Afrika onder 'n swart regering te verwagte.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Verwysings.

(1) Tussen die Kaapkolonie en Oos-Indië het voor die Britse anneksasie in 1814 noue bande bestaan wat ons betrekkings mag noem. Na 1814 het die betrekkings verslap en hulle is vervang deur aanrakingspunte wat ons mag vergelyk met raakpunte tussen twee lyne wat mekaar nader en raak om daarna weer weg van mekaar te gaan. Die meeste kontakte tussen Suid-Afrika en Oos-Indië was na 1814 min of meer toevallig en kort, met uitsondering van die lyndiens wat in 1932 tussen Oos-Indië en Suid-Afrika geopen is.

(2) Kyk oor Abraham van Riebeeck die lewensbeskrywings van Jan van Riebeeck en sy familie in E.C. Godée Molsbergen, "De stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck", Amsterdam 1912, p.
W.C. Mees, "Maria Quevellerius, huisvrouw van Jan van Riebeeck, en haar omgeving", Amsterdam 1952, p.89-98;
Anna J. Boëseken, "Jan van Riebeeck en sy gesin", Kaapstad 1974, p.222-243.

(3) Kyk oor ds. C.F. Leipoldt P.J. Nienaber, red., "C. Louis Leipoldt, eensame veelsydige", Afrikaanse Boekhandel, Johannesburg 1948, p. 412-416.

(4) Kyk oor C. Louis Leipoldt en Oos-Indië C. de Jong, "Leipoldt over Oost-Indië", in "Zuid-Afrika, Maandblad van die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM)", jaargang 65 no. 3, Amsterdam, Maart 1988, p.42-43, en no. 6, Junie 1988, p.10. Van sy 18 gedigte gee 10 reisindrukke weer en 8 is beskouings oor verontregte of ongelukkige persone. Hier volg Leipoldt se ode aan die in Suid-Afrika bekende Multatuli:

"Aan Multatuli"

Kind van die noorderwêreld, waar die kou
Van winter weerga vinde in 'n volk
Wat kalm bly as jy kokend is, en flou,
En nie jou taal verstaan nie sonder tolk!

Die warmer Ooste, waar die son ontstaan,
Het jou tot man gemaak, en van jou hart
Die ys-gekorste kettings afgeslaan,
En jou geleer daar lê ook vreug in smart,

En in ellende grootheid. Ek is een
Met wie die Ooste ook gepraat het, gee
Hier, waar Adinda's spook by maanlig ween

Oor Saidjah's graf in eensaam-stille wee,
My huldegroet aan jou as blyk daarvan,
Apostel, hoëpriester, lyder, Man!

Ek meld terloops dat sommige Nederlanders, onder wie ander Douwes Dekkers, nie in die verering van Multatuli deel nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

(5) I.D. du Plessis het die volgende kwatryn geskryf na sy besoek aan Jokjakarta, vanouds sentrum van handwerkkunste, onder meer van silwersmeed- en batiktekstielbedrywe:

In Djokjakarta waar die silwersmede
Geduldig hamer op die wit metaal,
Het ek jou - 'n duisend jaar gelede? -
Die bontgeblomde batikdoek gaan haal.

Uit: I.D. du Plessis, "Versamelde verse, 'n keur uit sy digbundels", Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1970, p.8-9.

Willem van Zyl het die gedig onlangs bespreek in sy artikel "Van Djokjakarta tot Die ballade vir die onwaarskynlike seun", in "Tydskrif vir Letterkunde", jaargang 28 no. 3, Pretoria, Augustus 1990, p.95-96.

(6) Die Onversoenlikes van Ceylon (Sri-Lanka) en die Afrikanerpioneers op die Generaal-de-Wet-plaas sal hieronder ter sprake kom.

(7) C. de Jong, "Die NZASM en die Oos-Indiese spoorweë", in "Pretoriana" no. 91, April 1987, p.58-61.

(8) C. de Jong, "Henk Horstmanshof, argitek en bouer", in "Pretoriana", no. 98, April 1991 - Die inligting vir hierdie lewenskets is my verskaf deur sy dogter, mevrou C. Meiring gebore Horstmanshof te Benoni, waarvoor ek haar graag bedank.

(9) C. de Jong, "Johan Gerrit van Ham, leader of the Irreconcilables", in "Pretoriana" no. 97, November 1990, p.64-72.

(10) Kyk oor die drie broers Douwes Dekker in die Tweede Anglo-Boereoorlog: C. de Jong, "Drie broers Douwes Dekker als vrijwilliger in de Anglo-Boerenoorlog", in "Historia, Amptelike orgaan van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika", jaargang 10 no. 1, Pretoria 1974, p.20-30; C. de Jong, "Lotgevallen van drie broers Douwes Dekker in de Anglo-Boerenoorlog 1899-1902", in "Historia", jaargang 24 no. 2, September 1979, p.32-43; jaargang 25 no. 1, Mei 1980, p.30-55; jaargang 28 no. 2, September 1983, p.4-26.

(11) C. de Jong, "Die blanke boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962". in "Pretoriana", no. 93, April 1988; no. 94, November 1988; no.95, April 1989; no.96, November 1989

Seubring skryf in "Die gordel van smarag", p.66-67: "Miskien sal jy dink hulle weet in Indonesië nie dat daar Boere bestaan nie. Dan is jy verkeerd .... Boonop woon daar Boere in hierdie land. Hulle is van die Boere wat na (die Vrede van) Vereeniging nie die eed van trou wou aflê nie en toe het hulle die ou Transvaal en Vrystaat verlaat. Soos jy weet, het party van hulle na Kenia gegaan en ander weer na Argentinië. Weer ander het na Java en Soematra gevlug waar hulle nou nog woon. Naby Bandoeng in Java, is 'n klein dorpie Tjisaroean, en daar het 'n sekere Willem van Zyl gewoon. Ek het gehoor dat hy 'n week gelede oorlede is, maar sy vennoot leef nog. Hulle was twee: Willem van Zyl van Kroonstad se distrik en 'n sekere Hirschland, 'n Jood wat in die Anglo-Boere-oorlog ook saamgeveg het. Hulle twee het na Java gegaan en daar het die regering hulle gehelp. Hulle het 'n stukkie grond in erfpag gekry en 'n bietjie geld, en toe het hulle met beeste geboer. Dit het goed gegaan, want dit was 'n ideale kombinasie: Van Zyl die boer en Hirschland die handelsman.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Met die sake het dit al beter gegaan en toe het hulle Friesbeeste ingevoer. Hulle boerdery het die naam Generaal de Wet gedra en dit is die grootste melkery in die hele Ooste. Toe ek daar was, het hulle nie minder as 5000 Friesbeeste gehad nie. Hulle voorsien Batavia, Bandoeng, Buitenzorg en ander stede van melk. Hulle is nou ryk mense, Boet, maar hulle het altwee Boere gebly. Hulle praat nog glad nie mooi Hollands nie, maar het aan Afrikaans vasgehou. En Willem van Zyl wou selfs nie van die Hollandse brood eet nie. Elke maand het hy ŉ sakkie boermeel, van die Vrystaat laat kom en daarvan bak hy sy eie brood. Ook kry hulle 'Die Burger', 'Die Huisgenoot' en 'Die Brandwag' . Ja, hulle is ŉ klein stukkie Suid-Afrika op Java."

Willem van Zyl is in April 1940 oorlede. Daaruit volg dat Seubring die Generaal-de-Wetplaas in dié maand besoek het. Hy vermeld merkwaardig genoeg nie die derde lid van die Afrikaner-driemanskap op die plaas nie; hy was Willem van Zyl se ouer broer Christoffel.

Seubring vervolg op p.68: "Daar woon (by Tjisaroea en die Generaal-de-Wetplaas) ook nog ŉ ander paar ou Boere, maar hulle het bietjie verhollands, ook wat die taal betref. Maar hulle het gawe mense gebly en jy kan ook nie anders verwag nie. Hulle het die beste in hulle wat die Boerenasie versier, en dit het hulle nog beter gemaak deur van die Hollanders te neem wat hulle gepas het."

Die paar ou Boere is hier nie genoem nie en hul identiteit bly onseker, want daar was verskeie Onversoenlikes in die streek gevestig. Miskien was hulle ŉ man uit Suid-Afrika en ŉ vrou van Nederlandse afkoms wat Afrikaans minder goed as haar eggenoot gepraat het, soos Mevrou Tremlett.

(12) C.de Jong, "Theodor Christoph Sandrock", in "Pretoriana" no.93, April 1988, p.53-65

(13) C.de Jong, red., "Brieven uit en over Natal door een Nederlander", eers gepubliseer in 1856 in Nederland, faksimileeherdruk deur die Staatsbiblioteek, Pretoria 1978; die Nederlandse skrywer van hierdie herdrukte briewe is Th.Chr.Colenbrander
Onder die portret voorin die herdruk staan per abuis: Theodorus Christiaan Colenbrander; dit is die portret van sy broer Johannes in Nederland gevestig.

Aanvulling van verwysing (8)
Ook die poort van die Hindoetempel in Marabastad, voorstad in Pretoria-Wes, is ŉ skakel met Oos-Indië; hierdie tempelpoort en die talle tempels op Java het as gemeenskaplike stylvoorbeeld die Hindoetempels in Voor-Indië.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Twee Afrikanerdigters: C. Louis Leipoldt en C.J. Langenhoven – twee bewonderaars van die Nederlandse skrywer oor Oos-Indië Multatuli (d.i. Eduard Douwes Dekker)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Foto van die sogehete Erasmuskasteel, melodramaties ook die Spookhuis genoem, by Erasmusrand in Pretoria, nasionale gedenkwaardigheid; die styl vertoon Oos-Indiese elemente, onder meer die driehoeke van die dak wat herinner aan dakvorme in Batakland en Mining-kabauland op Sumatra* — *Foto van T.E. Andrews*




*Groot meergesinshuis in Suid-Batakland aan die pad na Sibolga. Kenmerkend is die dakbedekking van palmbladvesels en die driehoekige dakelemente wat my herinner aan die Erasmuskasteel by Pretoria.* — *Foto C. de Jong 1990*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Poort van die tempel gewy aan die godin Mariamman in die voorstad Marabastad, Pretoria-Wes, in 1938 voltooi. Dit is 'n nasionale gedenkwaardigheid en in restourasie. Mariamman is die Tamielnaam van die gemalin van die Hindoegod Shiwa en word ook Kali of Durga genoem. Die tempelpoort het as voorbeeld Middeleeuse Hindoetempels in suidelike Voor-Indië. Op die bouwerk is talle olifantskoppe as verwysing na Ganesha, seun van die godin en Shiwa. Foto T.E. Andrews*



*Tempel van die god Shiwa, hooftempel in die groot Hindoeistiese tempelkompleks by Prambánan op Midde-Java, gebou in die 9de eeu n.C. Die styl is 'n variasie van die Hindoetempels in Voor-Indië. Ook in hierdie bouwerk is 'n veelvuldige ornament die olifantskop; dit verwys na die god Ganesha, seun van Shiwa. Daar is beelde van Shiwa, sy gemalin Durga en Ganesha in hierdie pragtig gerestoureerde tempel.*
*Foto van C. de Jong, 1990*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# ONVERDIENDE BLAAM OP SKANDINAWIESE OORLOGSVRYWILLIGERS

deur C. de Jong

By die uitbreek van die Tweede Anglo-Boere-oorlog op 11 Oktober 1899 het verskeie groepe immigrante in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) Transvaal vrywilligerskorpse gevorm om die republikeinse strydmag te help. Daar was die Duitse, Nederlandse, Ierse, Italiaanse en Skandinawiese korpse of brigades. Hulle is versterk met vrywilligers wat na die uitbreek uit Europa, die Verenigde State of Nederlands Oos-Indië gekom het, behalwe die Skandinawiese korps. Laasgenoemde het bestaan uit Swede, Dene, Nore en Finne. Die eerste groep van hulle was NZASM-personeel en staatsbeamptes wat na 'n oproep van die Sweedse ingenieur Christer Uggla, hoof van die spoorwegwerkplaas van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), hulle in Pretoria aangemeld het. Die tweede groep het bestaan uit mynwerkers, mynpolisie en mense van ander beroepe aan die Witwatersrand werksaam.

Die korps het omstreeks 120 man getel, onder wie enkele lede van ander nasies. Hul aanvoerders was die Sweed Johan Flygare, landmeter en NZASM-beampte, daarna die Deen Jens Jörgen Friis, apteker, beide van Pretoria. Kommandant-generaal P.J. Joubert het hulle na Mafeking gestuur om generaal P.A. Cronjé met die beleëring van dié dorp te help. Hulle het daar spoedig 'n goeie naam verwerf en Cronjé gevolg na Magersfontein einde November 1899. Op die vooraand van die slag by Magersfontein, 11 Desember 1899, het Cronjé Flygare met 46 man na 'n voorpos gestuur. Hulle het die voorpos by dagbreek teen die Britte verdedig en is oorweldig. 22 het gesterf, van wie 3 in 'n Britse veldhospitaal, 19 is gevang, van wie 17 gewond, en slegs 8 het weggekom na die Boerelinie. Die gehalveerde korps is uit Transvaal versterk en het as tweede kaptein Friis aanvaar. Hulle het saam met Cronjé in Februarie 1900 na Vendusiedrif by Paardeberg gevlug, is met sy leër op 27 Februarie gevang en na Sint Helena gestuur.

Die Skandinawiërs het uiters dapper tot die laaste man geveg en by die Boere groot respek verwerf, hoewel sommige net Engels kon praat en as oudseelui hewig gedrink en gevloek het. Helaas het Afrikanerhistorici hulle ten onregte van ongehoorsaamheid aan Cronjé beskuldig en aldus hulle onverdiend geblameer. Scheepers Strydom skryf: "Onder die Boere (by Magersfontein) het die Skandinawiërs die meeste (verliese) gely, aangesien hulle in stryd met Cronjé se bevele posisie ingeneem het ver voor die burgerlinies digby die vyand."[1] François Conradie gee dieselfde voorstelling van sake en beweer dat by die nadering van die Skotte die Skandinawiërs uit hul posisie gestorm het, maar dit is onjuis, daar is meer verkeerde bewerings in relase oor die veldslag.[2] Die amptelike geskiedskrywer van die oorlog, Dr. J.H. Breytenbach, het die skrywers

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kritiekloos nagevolg waar hy skryf: "Die verdediging van die Boerestellings alhier - d.w.s. in die ruimte ten ooste van die Boereloopgraaf voor Maagersfontein en ten noordweste van die lang bult waarop die Boere se linkervleuel geposteer was - was opgedra aan veldkornet J. Flygare met 'n afdeling van die Skandinawiese Korps, 50 tot 60 man sterk. Hulle het egter gedurende die nanag van die 10de (Desember 1899) hul aangewese stelling verlaat en met uitsondering van 'n wag van 7 tot 8 man wat hulle by die perde gelaat het, vorentoe getrek in die rigting van die vyand, sonder die wete van generaal Cronjé en in stryd met sy instruksies."[3] Breytenbach noem Flygare veldkornet, maar hy was kaptein. Sy verwyt aan die Skandinawiërs is die ergste en is oorgeneem deur andere, onder meer in 'n hoorbeeld oor die slag by Magersfontein wat saamgestel is deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Gesaghebbende bronne oor die slag by Magersfontein vermeld niks oor die beweerde ongehoorsaamheid van die Skandinawiërs nie. Skandinawiërs wat die veldslag oorleef het, berig dat Cronjé self Flygare opgedra het om die voorpos te beset. Ongehoorsaamheid aan bevele was trouens geheel in stryd met hul Europese militêre gees. Die Boere het op eie inisiatief hul stellings verlaat wanneer hulle dié onhoudbaar gevind het, maar buitelandse vrywilligers het gewoonlik hul stellings veel langer verdedig en derhalwe swaarder verlies gely. Europese militêre tug het hulle naamlik ingeprent dat hulle hul stellings tot die laaste man moes verdedig totdat hulle bevel om terug te trek ontvang het. So het ook die Skandinawiërs gehandel. Hulle het hul voorpos inderdaad tot die laaste man verdedig, omdat hulle geen bevel om terug te trek gekry het nie.

Ek wil hiermee die blaam op hul krygsmanseer wegneem en hoop dat historici en andere hiervan notisie sal neem.

Verwysings.

1) C.J. Scheepers Strydom, "Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog", Nasionale Pers Beperk, Kaapstad ens., 1937, p.84.

'n Soortgelyke aantyging staan in "Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika", HAUM, Amsterdam-Kaapstad, 1904, p.207, dit is die oudste van die verkeerde berigte en daarom miskien die oerbron daarvan.

2) François Conradie, "Met Cronjé aan die Wesfront 1899-1900", Nasionale Pers Beperk, Kaapstad ens., 1943, p.65.

3) J.H. Breytenbach, "Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902", deel 2, Staatsdrukkery, Pretoria, 1980, p.141, hy verwys in noot 61 na die verklaring van die Skandinawiër Thompson, maar in my uitvoerige studie van die Skandinawiërs in die oorlog het ek geen Skandinawiër met die naam gevind nie. Is hy mis-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kien die Deen Julius Thomsen?

4) Kyk die ooggetuieverslae van Nils Viklund, William Baerentzen en Hjalmar Petterson Janek asook H.E. Uddgren se berig in: C. de Jong, "Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902", dele 1 en 2, eie uitgawe, Amsterdam, 1983 en 1984, onder meer deel 1, p.14-15.



*Die offisiere van die Skandinawiese vrywilligerskorps, om die Transvaalse Vierkleur geskaar en omring deur hul manskappe; dit is die middelstuk van 'n minder bekende foto van die gehele korps wat gemaak is in Pretoria voor hul vertrek na die front by Mafeking, midde Oktober 1899. Die vyf offisiere is staande van links na regs: dr. Vilhelm Boeck Bidenkap, hoof van die Skandinawiese veldambulans; luitenant Erik Staalberg; veldkornet (sedert November 1899 kaptein) Johan Flygare, die ten onregte gekritiseerde aanvoerder; veldkommissaris Adolf W. Claudelin en luitenant William Baerentzen*
*Foto Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# "MY SARIE MARAIS" IN FRANS

Professor Bernard Lugan is hoogleraar in geskiedenis van Afrika in die Universiteit van Lyon, Frankryk. Hy het Suid-Afrika verskeie male besoek en oor die geskiedenis van ons land gepubliseer, te wete 'n algemene oorsig en 'n werk oor die Hugenote. Hy berei nou 'n boek oor die Franse vrywilligers in die oorlog 1899-1902 voor. Hy het my gewys op die Franse teks van die bekende lied "O Sarie Marais" wat tydens die oorlog gemaak is met 'n wysie uit die Verenigde State afkomstig. Die Franse teks het in Frankryk populêr geword. Hy het onlangs die teks van die lied in Afrikaans en Frans laat verskyn in die bundel "Chants de France et de Chrétienté, recueil illustré par l'Atelier de la Sainte Espérance, Centre Henri et André Charlier, Paris, décembre 1988, p.344-345 (titel: Liedere van Frankryk en die Christenheid, keus geïllustreer deur die werkplaas van die Heilige Hoop, ens.).

Die Franse teks is 'n vrye weergawe van die Afrikaanse. Die interessante van die Afrikaanse teks is die derde strofe wat in ons tyd meestal weggelaat word, moontlik omdat dit te onvriendelik jeens die Britse militêre klink.

Hieronder volg die vertaalde inleiding van prof. Lugan en sy tekste van "Sarie Marais" in Afrikaans en Frans.

"Sarie is die verkleinwoord van Sara, wie se van gedra word deur 27 000 blankes in Suid-Afrika. Daar is tans 500 000 afstammelinge van die 200 Hugenote wat tussen 1688 en 1700 hulle in die Kaapkolonie gevestig het. "Sarie Marais" is 'n liefdeslied gewy aan 'n Afrikanerdogter. Dit prys die deugde van die moeders, eggenotes en susters van die ruie pioniers wat te perd met die geweer, bandelier en die Bybel in hul saalsak die ossewatreine beskerm het. In alle gevare, wanneer die Matebeles of Zoeloes aangeval het, het die vroue die gewere gelaai sodat deur die verdedigers onafgebroke vuur afgegee is. Wanneer die skuts gewond is, het in hul plek die vroue die gewere afgevuur. Die doeltreffendheid van die gewere en bowenal die hulp van God het hulle in staat gestel om die brullende en bont versierde massa wat dreig om hulle te verswelg, terug te werp.

"Die lied gee eweneens eer aan die grond van Afrika, aan die sagte golwings van die veld, die bar, eensame vlaktes wat die enigste tuisland van die wit volk van Suid-Afrika is. Dit roep voor die gees 'n agraries-pastorale beskawing wat berus op die vaste grond van staatkundige en godsdienstige beginsels. Die familiehoofde wat self hul Bybel uitgelê het, het die handhawing van dié beginsels as hul opdrag beskou."

C.de Jong

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Teks van "Sarie Marais" in Afrikaans en Frans volgens Lugan

My Sarie Marais is so ver van my hart,
Maar 'k hoop om haar weer te sien.
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon,
Nog voor die oorlog het begin.

Ek was so bang dat die kakies my sou vang
En ver oor die see wegstuur;
Toe vlug ek na die kant van die Upingtonse sand
Daar onder langs die Grootrivier.

Die kakies is mos net soos 'n krokodillepes:
Hulle sleep jou altyd watertoe
Hulle gooi jou op 'n skip vir 'n lange, lange trip,
Die josie weet waarna toe.

Verlossing het gekom en die huistoe gaan was daar,
TErug na die ou Transvaal.
My liewelingspersoon sal seker ook daar wees
Om my met 'n kus te beloon.

Refrein:
O bring my terug na die ou Transvaal,
Daar waar my Sarie woon;
Daar onder by die mielies, by die groen doringboom,
Daar woon my Sarie Marais.

Ô Sari Marais, entends-tu mon appel,
Le cri d'un ami fidèle?
Car c'est auprès de toi
Que j'ai connu le bonheur
Et que je vivrai pour toujours.

Lorsque j'avais quinze ans, un démon d'aventure
M' emporta loin de ma mère,
Et lorsque j'eus vingt ans
Ce fut le feu de la guerre
Qui me retint loin de ma terre.

Ô Sari Marais, entends-tu mon appel,
Le cri d'un ami fidèle?
Je reviens près de toi,
Je t'apporte mon amour,
Là-bas au Transvaal pour toujours.

Refrain:
Oui, j'irai te revoir, ô mon vieux Transvaal,
Ma ferme au toit de chaume,
Où le parfum du miel et des arbres toujours verts
Se mêle au vent de la plaine,
Tu portes aujourd'hui mon amour.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

FROM THE JOURNALS / UIT DIE TYDSKRIFTE

## TWEE BROERS BARGHOORN UIT NEDERLAND IN PILGRIM'S REST BEGRAWE

deur C. de Jong

Op die begraafplaas in Pilgrim's Rest (Pelgrimsrus) staan twee gelykvormige grafstene langs mekaar. Hulle is ietwat verweerd, maar nie in verval nie en die inskrifte is nog goed leesbaar. Die besondere is dat hulle van twee broers uit Groningen in Noord-Nederland is. Die inskrifte lui soos volg:

TER<br>
NAGEDACHTENIS<br>
AAN<br>
ONZEN GELIEFDEN<br>
OUDSTEN ZOON EN BROEDER<br>
JAN BARGHOORN,<br>
GEBOREN 1 OCTOBER 1864<br>
GRONINGEN HOLLAND<br>
OVERLEDEN<br>
9 OCTOBER 1911<br>
PELGRIMS RUST.

———

HIJ RUSTE IN VREDE

IN<br>
MEMORIAM<br>
DEZE STEEN IS GEPLAATST<br>
DOOR ZIJNE VRIENDEN<br>
ALS GEDACHTENIS AAN<br>
FEDDO TJEERD BARGHOORN<br>
GEBOREN 3DEN MAART 1870,<br>
GRONINGEN HOLLAND.<br>
OVERLEDEN<br>
9DEN FEBRUARIJ 1896,<br>
PELGRIMS RUST

———

HIJ RUSTE IN VREDE

Ek dank die teks van die inskrifte aan die kurator van die Pilgrim's Rest Museum.

Wie is die broers en hoe het hulle uit Noord-Nederland in die afgeleë bergdorp Pilgrim's Rest in Oos-Transvaal beland? 'n Volledige antwoord is na byna 100 jaar moeilik te verskaf. Nietemin het ek 'n paar feite betreffende die broers vergaar.

Die argivaris van die stad Groningen het my oor die gesin Barghoorn ingelig. Die gesinshoof was Sikko Petrus Barghoorn, gebore te Groningen op 29 Julie 1824, commissionair of handelsagent - miskien in grane, soos daar meer agente in die graanverbouende omstreke van dié stad was. Hy en sy gesin het in die Pelsterstraat op no. 27 gewoon. Dit was 'n netjiese middelstandstraat. Die huismoeder was Catharina Anna, van nie vermeld nie, gebore te Bergum in die aangrensende Friesland op 29 April 1828. Hulle het ses seuns en twee dogters gekry. Van die ses seuns het twee na Transvaal geëmigreer. Hulle was die oudste seun, Jan, gebore in Groningen op 1 Oktober 1864, en sy veel jonger broer, Feddo Tjeerd, gebore te Groningen op 3 Maart 1871. Hulle het vermoedelik in die laat jare '80 of in die jare '90 na Suid-Afrika geëmigreer. Die berigte oor goudvondste in dié land het toe talle vreemdelinge aangelok, moontlik ook hulle. Hulle het hul geluk nie aan die Witwatersrand met sy Groot Goudrif gesoek nie, maar aan die goudbeddings in die stil bergwêreld van Pilgrim's Rest. Hulle het daar

1) Met dank oorgeneem uit "Overvaal Museanuus", TPA, Pretoria, Maart 1989

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kleims gekoop om na goud te soek en tewens handelaars geword, dit wil sê 'n plaaslike winkel geopen, ongetwyfeld 'n algemene winkel. Hulle het blykbaar nooit getrou nie.

Die jongste seun, Feddo Tjeerd, het spoedig gesterf, 26 jaar oud op 9 Februarie 1896. Die Transvaalse Argiefbewaarplek het my verwysings na dokumente betreffende die broers Barghoorn gestuur, onder meer na hul sterftekennisse. Daaruit blyk dat Jan die enigste erfgenaam van Feddo was en dat Feddo se boedel £660/11/10 werd was. Dit bewys dat die broers redelik bemiddeld was. Volgens die inskrif op Feddo se grafsteen het vriende die steen vir hom opgerig, dit wil sê bekostig. Onder hulle het waarskynlik sy broer Jan bygedra.

Die ontwrigtende Anglo-Boere-oorlog het in 1899-1902 die goudmynmaatskappy se bedrywigheid by Pilgrim's Rest stilgelê maar origens die dorp nie regstreeks geraak nie. Boerekommando's het daar 'n toevlugsoord gevind, maar die Britse leër het die dorp nooit beset nie. Daarom het Jan Barghoorn vermoedelik sonder groot skade en verlies deur die oorlog gekom.

Ook hy het nie oud geword nie. Hy is op 47-jarige leeftyd op 9 Oktober 1911 oorlede. Sy boedel was £587/2/6 werd. Sy broers en susters in Nederland was sy erfgename. Hulle en hul ouers het 'n grafsteen vir hom laat oprig langs dié van broer Feddo.

Ons weet dus redelik min van die twee broers wat vermoedelik 'n onopvallende lewe gelei het. Opvallend of nie, ek eindig met die wens: Dat zij rusten in vrede.



*Grafstene van die twee broers Barghoorn op die begraafplaas van Pilgrim's Rest (Pelgrimsrust); links die grafsteen van Jan, regs die van Fedde Tjeerd.*
*Foto Robert C. de Jong*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# BELANGRIKE PUBLIKASIE VAN KOL. DR. JAN PLOEGER (DIE ANGLO-BOERE-OORLOG)

Deur die Staatsargiefdiens van die Republiek Suid-Afrika is van die hand van kol. Dr. Jan Ploeger uitgegee "Die Lotgevalle van die Burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902".

Die eerste vyf dele beslaan ruim 1800 bladsye en vorm ongeveer die helfte van die resultate van die skrywer se werk as een van die twee staatshistorici in die RSA (1973-1987). Die inhoud van die genoemde dele handel onder meer oor die voorspel tot die oorlog, die oorlogsvoorbereidings, die werk van die proviandkommissie, die moreel te velde (1899-1900), die wapenneerlegging en eedaflegging, die begin van die konsentrasiekampstelsel, die "Burgher Peace Committee", die "National Scouts", die "Orange River Colony Volunteers" en die rol van die Swartes in oorlogstyd.

Die inhoud van deel 3 is o.m. gewy aan die vlug en deportasie van Britse onderdane, Boerevlugtelinge, die geïnterneerdes in Portugal, die deportasie van die NZASM-personeel, die gedeporteerdes in Europa, Natal en die Kaapkolonie en die oorlogskade wat deur die burgerlike bevolking in Natal en die Kaapkolonie gely is.

Deel 4 is o.m. aan die verwoesting en vernieling in die republieke in 1900-1902 gewy, en dié tema in Deel 5 word afgesluit. Die oorblywende gedeelte van deel 5 handel oor die ontstaan en organisasie van kampe vir Blankes en Swartes.

Literatuur- en bronnelys sluit, saam met 'n register, Deel 5 af. Die bedoeling is dat na verloop van tyd die Staatsargiefdiens die tweede gedeelte sal publiseer, waarvan die inhoud hoofsaaklik uit afsonderlike geskiedenisse van die burgerkampe vir Blankes en Swartes sal bestaan. Navraag by die Staatsargiefdiens, telefoon 3235300.

Soos bekend is kol. Dr. Ploeger 'n stigterslid van die "Genootskap Oud-Pretoria", terwyl hy oor 'n lang tydperk bydraes in "Pretoriana" publiseer, insluitende die geskiedenis van die Genootskap Oud-Pretoria.

Die Redaksie hoop om in volgende uitgawes van "Pretoriana" op die inhoud van Dele 1 tot 5 terug te kom.

-o-

Opmerking

Op p.81 van "Pretoriana" no.95 van April 1989 staan die gedig "Brigalow Brigade" van die Australiër Henry Morant, bygenaam "the Breaker". 'n Australiër het my vertel dat "brigalow" 'n benaming van die Port Jackson Willow, Acacia cyanophylla, 'n wattelbasboomsoort, is. Hierdie boom is nie alleen in die Kaap nie, maar ook in Australië 'n plaag. Brigalow brigade is 'n bynaam van die Australiese "cowboys", van wie Morant een was. Hy impliseer skertsend dat die brigade 'n plaag vir die Australiërs is.

(Redaksie)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRAESENS IN PRAETERITO

V&R DRUKKERY PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011